

Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld



NG Kerk
Vrystaat

BUITENGEWONE SINODESITTING AGENDA

**“Skenk ons dié wysheid
van bo, Here”**

(Jakobus 1:5 & 3:17-18)

3 Oktober 2024

AGENDA

**BUITENGEWONE SINODESITTING VAN
DIE NG KERK VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN
3 Oktober 2024**

VOORWOORD

Die NG Kerk Vrystaat hou weer 'n Buitengewone Sinodesitting. In opvolg van ons vorige buitengewone sitting in 2023 vergader ons weer op 3 Oktober 2024.

Verlede jaar was die aandrang van 'n aantal gemeentes en ringe dat die NG Kerk Vrystaat haar bande met die Algemene Sinode en ander kerke van die verband moet verbreek. Die sinode het toe daartéén besluit en gekies om eerder 'n pad met die Algemene Sinode te loop deur 'n aantal beskrywingspunte aan die AS te stuur. Die meeste van ons voorstelle is opgeneem in besluite van die AS 2023, sommige nie.

Na die sitting van die AS 2023, was daar weer versoeke van 'n aantal gemeentes en ringe om weer 'n buitengewone sitting te hou. Hulle vra die NG Kerk Vrystaat om uitdrukking te gee aan die besluit om op 'n welwillende weg voorsiening te maak vir daardie gemeentes wat *nie langer hul weg oop sien om met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie*.

Die beskrywingspunte voor die sinode poog om uitdrukking hieraan te gee: die een vra 'n algehele wegbreek (Art 37), die tweede vra vir 'n verdeling in twee sinodes waarvan die een dan uit die verband kan tree (Art 32) en die derde vra vir die behoud van ons eenheid met 'n herdefiniëring van die rol van die Algemene Sinode.

Sedert die vorige buitengewone sinodesitting en veral sedert die AS 2023, het die Moderamen, die Interimkomitee en die STK ure spandeer aan gesprekke en vergaderings om hierdie proses te begelei. Die dokumente vervat in hierdie bundel getuig daarvan.

Ons staan by 'n waterskeidingsmoment. Vir die afgelope ses dekades, sedert 1962 – toe die destydse vier NG kerke verenig het in 'n Algemene Sinode – was die NG kerk één. Die besluite van hierdie buitengewone sinodesitting sal bepalend wees vir daardie eenheid oor die volgende dekades. Kom ons bid vir die Here vir wysheid (Jakobus 3). Dalk wys Hy ons 'n nog uitnemender weg.

Ontvang hiermee die agendastukke vir die Buitengewone Sinodesitting van 3 Oktober 2024.

Dr Leon M Foot
Skriba

INHOUDSOPGAWE

PROGRAM		9
VERSLAG VAN DIE MODERAMEN		11
BYLAAG 1	OPSIES VOOR BUITENGEWONE SINODE APRIL 2023	27
BYLAAG 2	BESKRYWINGSPUNTE NGK VS EN BESLUTE ALGEMENE SINODE OKTOBER 2023	31
BYLAAG 3	EERSTE HERDELIKE BRIEF ALGEMENE SINODE OKTOBER 2023	37
BYLAAG 4	ROEPINGSVERKLARING 2024	39
BYLAAG 5	TWEEDE HERDERLIKE BRIEF ALGEMENE SINODE AUGUSTUS 2024	41
BYLAAG 6	ADVIES VAN DIE STK RAKEND "OPSKORTINGSAKTE"	43
BYLAAG 7	BEGELEIDENDE BRIEF NG GEMEENTE VREDE BESKRYWINGSPUNT NG GEMEENTE VREDE	45
BYLAAG 8	BEGELEIDENDE BRIEF NG GEMEENTE SASOLBURG-TUINEDAL BESKRYWINGSPUNT NG GEMEENTE SASOLBURG-TUINEDAL	55
BYLAAG 9	BEGELEIDENDE BRIEF NG GEMEENTE PELLISSIER BESKRYWINGSPUNT NG GEMEENTE PELLISSIER	63

PROGRAM

07:30	AANKOMS EN REGISTRASIE
09:00	VERWELKOMING EN KONSTITUERING AANWYSING VAN VOORSITTER ORDEREËLINGS OPENINGSLITURGIE
09:45	VOORLEGGING VAN VERSLAG VAN DIE MODERAMEN TOELIGTING VAN BESKRYWINGSPUNTE TAFELGESPREK
11:00	TEE / KOFFIE
11:30	OOP BESPREKING
12:45 - 13:45	MIDDAGETE
16:00	AFSLUITING EN VERDAGING

VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

VERSLAG VAN DIE MODERAMEN AAN DIE BUITENGEWONE SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT 3 OKTOBER 2024

1 INLEIDING

Die Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat op 18 April 2023, het 'n besluit geneem om oor 'n aantal teologiese sake met die Algemene Sinode in gesprek te tree en in die lig van die uitkoms van daardie gesprek (Oktober 2023), 'n welwillende weg vir ons kerkverband in die Vrystaat te soek vir gemeentes wat nie langer hul weg oopsien om deel van die NG Kerk Vrystaat te wees nie. Die uitvoering van hierdie besluit, berus in gevolge die Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat by die Moderamen (Reglement 3, Artikel 3), en het die Moderamen daarom op 29 November 2023 – ná afloop van die Algemene Sinode – die proses verder hanteer en besluit om 'n Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat byeen te roep.

'n Versoek vir 'n Buitengewone Sinode is ook van die gemeentes Petrusburg, Harrismith, Sasolburg-Tuinedal, Koppies, Koppies-Weltevrede, Bloemvallei, Bethulie, Hoopstad en Jacobsdal ontvang, asook van die Ring van Heilbron.

By sy vergadering op 11 Maart 2024 het die Moderamen die datum vir hierdie Buitengewone Sinode vasgestel as Donderdag, 3 Oktober 2024, en die Interimkomitee (IK) versoek om in oorleg met die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) voorbereidings vir die Agenda te tref en as Ontwerpspan vir die Sinode op te tree. Die datum en reëlings vir die Buitengewone Sinode is aan alle gemeentes deurgegee. Die Moderamen het by sy vergaderings van 27 Mei en 26 Augustus vorderingsverslae van die IK en STK oor die proses ontvang, en is die Agenda vir die Buitengewone Sinode op 5 September 2024 deur die Moderamen goedgekeur.

Dit word hiermee as 'n Verslag van die Moderamen aan die Sinode voorgelê, met die nodige bylaes ter agtergrond.

2 AANLOOP: OP WEG NA OKTOBER 2023

Maart 2022 NG Kerk Vrystaat 54ste Sinode:

'n Aantal beskrywingspunte van gemeentes en twee ringe oor 'n verskeidenheid van kwessies, maar in hoofsaak oor die 2019-besluit van die Algemene Sinode (AS) rakende selfde-geslagverbintenisse, is deur die loop van 2020/21 (in Covid-tyd) ontvang en deur die Vrystaatse Sinode van 2022 hanteer. Aangesien die meeste daarvan vir 'n Artikel 37-uittrede uit algemeen sinodale verband gevra het, het die Sinode dit na die Moderamen verwys vir verdere besinning oor die vraag wat so 'n uittrede sou behels en hoe dit sou kon gebeur. Die volledige besluit het gelui:

“Die Sinode versoek die Moderamen om met alle inligting ter tafel en alle besluite deur die Sinode geneem wat daarop betrekking het, en in oorleg met die Taakspan en die reg tot koöpsie, 'n inligtingstuk oor Artikel 37 en kerkverband saam te stel en dit na gemeentes en Ringe vir bespreking te verwys, met terugvoer na die Moderamen voor September 2022. Op grond

van die terugvoer ontvang, word die Moderamen dan versoek om te besluit oor die noodsaak om voor die volgende sitting van die Algemene Sinode, 'n buitengewone sitting van die Vrystaatse Sinode saam te roep.” (Besluit, 10/3/2022)

Mei tot September 2022:

Die Moderamen het drie studiegroepe aangewys (oor Skrifvertolking, Belydenisgrondslag en Kerkverband) waarin alle standpunte verteenwoordig was, om die nodige inligting en voorleggings te verwerk; verskeie vergaderings is gehou; opsies verken en verslae gesirkuleer en uiteindelik deur die Moderamen vir verspreiding en bespreking in gemeentes goedgekeur. Hieronder was die terugvoer van veral die Studiegroep oor Belydenisgrondslag (wat ons Sinodale Taakspan Kerkorde – die STK ingesluit het), en hul eerste adviese oor wat Artikel 37 beteken, tot groot hulp:

“Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.” (Kerkorde Artikel 37)

2.1 Die *“samestellende kerke”* waarna verwys word, is nie onderskeie gemeentes van die NG Kerk nie, maar die onderskeie selfstandige “sinodes” of dan die NG Kerk in die Vrystaat en ander (Kaap, Natal, “Transvaal”, Namibië ens.). Hierdie artikel is dus op 'n kerk soos die NG Kerk Vrystaat van toepassing en sal 'n sinode van hierdie kerk kan besluit oor uittrede “uit die algemene sinodale verband” al dan nie.

2.2 Die *“behoud van alle regte, voorregte, besittings en naam”* beteken dat 'n uittredende sinode steeds as die NG Kerk (bv. Vrystaat) bekend sou staan en alle funksies en bevoegdhede soos in Artikels 32 tot 36 van die Kerkorde selfstandig kon behartig. Artikel 32 bepaal dat 'n sinode “saamgestel (word) uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader”, en dat so 'n samestelling deur die Algemene Sinode gewysig kan word op versoek van die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat.

2.3 Die STK en ons as Studiegroep voel sterk daarvoor dat die Sinode (en gemeentes) sal kennis neem dat Artikel 37 nie bloot om 'n kerkregtelike prosedure gaan nie, maar primêr op 'n teologiese beslissing neerkom: *“wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.”* Dit beteken dat alvorens die NG Kerk Vrystaat sou kon besluit om op grond van Artikel 37 uit die algemene sinodale verband te tree, daar duidelikheid oor die teologiese gronde hiervoor verkry sou moes word. Met só 'n besluit getuig ons immers teenoor mekaar en die wêreld wat ons glo oor die waarheid van God se Woord en die boodskap daarvan in ons tyd en konteks. In hierdie opsig is só 'n stap nie dieselfde as besluite wat vroeër op geografiese-, demografiese- of organisatoriese redes geneem is om die voormalige “NG Kerk in Suid-Afrika” in Wes- en Oos- en Noordkaapse sinodes te verdeel of die “NG Kerk in Transvaal” in vier streeksinodes nie. Dit gaan volgens ons in Artikel 37 primêr om 'n belydeniskwessie wat verband hou met Artikels 1 en 2 van ons Kerkorde en Artikels 27, 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

November 2022:

Drie streekkonferensies is in Kroonstad, Betlehem en Bloemfontein gehou waar die genoemde verslae gedien en inleiers van verskillende kante dit kon toelig, perspektiewe uit gemeentes gestel is en verdere vrae daarvoor hanteer is. Die konferensies was goed bygewoon en oor die algemeen het gesprekke in 'n goeie gees geskied; menings daarvoor is ook in VRYPOS gepubliseer.

Januarie tot Maart 2023:

Terugvoer uit die streekkonferensies is weer deur die drie studiegroepe verwerk en in Januarie 2023 te Betlehem aan die Moderamen voorgelê, en die volgende waarneming daaruit is van belang:

- “Daar leef 'n verskeidenheid van standpunte onder gemeentes, kerkrade, leraars en lidmate in die NGK VS ten opsigte van 'n Artikel 37-besluit, waarvan ons die volgende noem:
- Daar is gemeentes wat kennis gegee het dat hul “doleer” en vra vir 'n uittrede van die NGK VS uit die verband met die AS;
- Daar is gemeentes wat doleer, uit verband met die AS wil tree en indien nodig, dan ook uit verband met die NGK VS;
- Daar is gemeentes wat doleer, maar wat nie noodwendig uit verband met die AS wil tree nie;
- Daar is gemeentes wat nie doleer nie, maar ook nie met die besluite van die AS-2019 oor gayverbintenisse saamstem nie;
- Daar is gemeentes wat nie doleer nie, en ruimte vir hulself vind binne die AS-2019 besluit hetsy of hul daarmee saamstem of nie;
- Daar is lidmate in hierdie nie-dolerende gemeentes, wat nie met AS-2019 saamstem nie;
- Daar is lidmate in dolerende gemeentes wat wél binne die ruimte deur AS-2019 gegee, hulself kan vind en leef; en
- Daar is lidmate in dolerende- en nie-dolerende gemeentes wat hulself nie genoeg ingelig ag óf genoodsaak om gewetensbesluite oor AS 2019 en/of 'n Artikel 37-uittrede te neem nie.

By daardie geleentheid (Januarie 2023) het die Moderamen ook gestel,

1. dat 'n “welwillende weg” vorentoe nie op gewetensdwang na enige kant kan berus nie, maar dat geloofsonderskeiding die deurslag vir ons hele kerkverband behoort te gee;
2. dat die weg waarna ons soek, 'n “Vrystaatse weg” sal wees, waarmee ons hier in ons eie konteks verder kan leef en bedien;
3. dat so 'n weg en die hele proses, “gepas en ordelik” moet verloop, in die gees van die Skrif en ons Kerkorde, en daarom nie uitgelewer kan word aan individuele voorkeure of druk of dreigemente van enige kant af nie;
4. dat gegewe die grondwetlike- en juridiese bestel waarin ons as NGK VS ons bevind, sodanige besluitnemingsproses oor Artikel 37 en die uitvoering daarvan van meet af aan getrou sal moet bly aan die aard en wese van die kerk as instelling,

die nakoming van haar eie reëls en die sg. universitas-beginsel wanneer dit oor eiendomme, fondse, voorregte en verpligtinge gaan;

5. en dat hierdie proses egte en geestelike onderskeiding vra, en daarom in die gees van gebed moet verloop; die Kerk is nie ons s'n nie; ons behoort aan Christus, wie se liggaam hier gestalte aanneem en ons moet in afhanklikheid na Sy leiding soek; waar ons nie seker is nie, moet ons verder wag, bid en luister.

Uit hierdie- en die daaropvolgende moderamenvergadering in Maart 2023, is ses verskillende opsies/antwoorde op die vraag of die Vrystaatse Sinode uit algemeen sinodale verband moet tree al dan nie – met uitgebreide motiverings daarby – gefinaliseer, en wéér na alle ringe en gemeentes deurgegee. Die Moderamen het vervolgens besluit om 'n buitengewone sinodesitting te hou, en bogenoemde inligting en opsies is ruim voor die tyd in die agenda vir daardie sinodesitting opgeneem en aan alle gemeentes en afgevaardigdes deurgegee.

Buitengewone Sinodesitting, 18 April 2023 (Universitas Geloofsentrum):

Die Moderamen het teen die agtergrond van al die bogenoemde inligting en gesprekke, tot die gevolgtrekking gekom dat sou die vraag “Moet die NG Kerk Vrystaat uit algemene sinodale verband tree kragtens Artikel 37?” aan die Sinode gestel word, die vergadering een van die volgende opsies as keuse kon uitoefen en dus só besluit:

Opsie A:

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat **neem nie nou 'n besluit** in terme van Artikel 37 nie.

Opsie B:

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat neem nie 'n besluit in terme van Artikel 37 van die Kerkorde nie, maar versoek die Algemene Sinode in Oktober 2023 om **Artikel 32 van die Kerkorde te wysig** sodat dit voorsiening maak vir die stigting van 'n afsonderlik teologies-kategoriale (elfde) sinode van die NG Kerk.

Opsie C:

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om **in geheel** uit algemeen sinodale verband te tree op grond van beskrywingspunte wat in Maart 2022 uit gemeentes en ringe ontvang is, en begin daarmee 'n proses om kerklike eenheid in die Vrystaat te herstel.

Opsie D:

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om in beginsel **tydelik óf ten dele** uit algemeen sinodale verband te tree, deur die Algemene Sinode te versoek om Artikel 32 van die Kerkorde te wysig ... en dat die NG Kerk Vrystaat in beginsel in twee kerkvergaderinge verdeel ...

Opsie E:

Die NG Kerk Vrystaat besluit om **nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemeen sinodale verband te tree nie, **maar** om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 **in gesprek te tree** ...

Opsie F: Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om **nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemeen sinodale verband te tree nie.

Die volledige motivering vir elk van hierdie opsies, sowel as die kommentaar van die STK by elk, word ter inligting van die Buitengewone Sinode 2024 as **BYLAAG 1** by hierdie Verslag aangeheg – dit is nodig dat afgevaardigdes hul goed op hoogte sal bring van die beredenering van elk van hierdie opsies; ten minste drie hiervan is tot 'n mate wéér voor hierdie vergadering vir oorweging en besluitneming.

Die Buitengewone Sinode van 2023 het met 'n duidelike stem **Opsie E** verkies, wat die besluit van die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) geword het:

E. Die NG Kerk Vrystaat besluit om **nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, **maar** om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 **in gesprek te tree** en

1. haar standpunt ten opsigte van die Skrif en ons belydenisgrondslag as 'n gereformeerde kerkverband (soos gestel in besluite van die Sinode in Maart 2022 geneem) aan die Algemene Sinode deur te gee;
2. haar standpunt ten opsigte van sake soos in die genoemde beskrywingspunte van Maart 2022 geopper – ten opsigte van die huwelik, selfdegeslagverbintenisse en menslike seksualiteit; ten opsigte van die Bose; en ten opsigte van teologiese opleiding – by wyse van 'n beskrywingspunt(e) soos in BYLAAG 18 óf BYLAAG 19 uiteengesit, aan die Algemene Sinode oor te dra;
3. in die lig van hierdie standpunte van die NG Kerk Vrystaat (punt 1 en 2 hierbo), die Algemene Sinode te versoek om genoemde ter saaklike besluite van 2019 en vroeër in heroorweging te neem;
4. binne die ruimte van die Kerkorde (Artikels 23 en 35) opnuut haar verhouding met die Algemene Sinode uit te klaar en dié in Oktober 2023 te versoek om oor die toekomstige funksionering van ons algemeen sinodale kerkverband te herbesin;
5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan “met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam” (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree.

Oor die presiese strekking en motivering van wat na die Algemene Sinode 2023 deurgegee moes word, was daar 'n bykans gelyke verdeling van stemme in die sinodesitting, maar is uiteindelik gekies vir wat bekend sou staan as “Bylaag 19”. Dit is aan die Moderamen opgedra om verder met die besluit te handel.

Mei tot Oktober 2023:

Die besluit van die Buitengewone Sinodesitting van die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) is op skrif en ook tydens 'n ontmoeting met die dagbestuur van die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) deurgegee, verwerk in ses beskrywingspunte aan die Algemene Sinode en betyds deurgestuurd vir opname in die agenda van die 18e Algemene Sinode (in September 2023 versprei). Vier ander beskrywingspunte van die gemeentes Sasolburg-Tuinedal, Kestell en Hoopstad en van die Ring van Fauresmith is ook na die Algemene Sinode deurgegee. Tydens 'n byeenkoms vóór die Algemene Sinode op 16 September 2023, is die hele Vrystaatse afvaardiging ingelig oor die agenda en verloop van die sinodesitting, en was daar goeie geleentheid vir vrae en verdere toeligting.

Die eerste beskrywingspunt wat na die Algemene Sinode deurgegee was, het slegs die Vrystaatse besluit van 18 April gestel, met die versoek om daarvan kennis te neem. Dit is so deur die Algemene Sinode aanvaar.

Die verdere beskrywingspunte wat na die Algemene Sinode deurgegee is en wat daar gedien het, was:

1. Oor die Skrif, Skrifbeskouing en Skrifgesag;
2. Oor menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslagverbintenisse;
3. Oor ons gereformeerde belydenis, Christus en die Bose;
4. Oor teologiese opleiding; en
5. Oor kerkbegrip, kerkverband en 'n toekomstscenario.

'n Uiteensetting van die beskrywingspunte en die besluite wat deur die Algemene Sinode daarvoor geneem is, word volledigheidshalwe as **BYLAAG 2** by hierdie Verslag aangeheg, sodat afgevaardigdes hulself op hoogte kan bring van die posisie wat deur die NGK VS ingeneem is en die mate waartoe dit besluite van die Algemene Sinode beïnvloed het.

As verdere toeligting en terugvoer oor hierdie besluite, word die eerste en tweede Herderlike Brief ná die Algemene Sinode (**BYLAAG 3** en **5** onderskeidelik), hierby aangeheg, sowel as die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode Moderamen uit Februarie 2024 (**BYLAAG 4**).

3 VERLOOP: DIE VERDERE WEG NÁ OKTOBER 2023

Moderamen, 29 November 2023:

'By die eerste moderamenvergadering ná die Algemene Sinode, op 29 November 2023 in Bloemfontein, het die Moderamen saam met Vrystaatse afgevaardigdes na die Algemene Sinode wat die dag dit kon bywoon, diepgaande gesprek gevoer oor hul belewenis en uitkoms van die sinodesitting, en het die Moderamen die volgende besluit geneem:

"Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat,

- 1. het kennis geneem van afgevaardigdes se belewenis van die Algemene Sinode 2023, en dat daar waardering is vir die wyse waarop die spiritualiteit van die vergadering ingerig en gelei was;*
- 2. het kennis geneem van besluite wat deur die Algemene Sinode 2023 geneem is, soos wat dit in die Herderlike Brief ná die sinode saamgevat is;*
- 3. is van mening dat in die algemeen gesproke, die beskrywingspunte wat deur die Sinode van die NGK Vrystaat ingestuur is (oor die Skrif as Woord van God, oor ons Christelike belydenis, oor die aard en funksionering van die Algemene Sinode as kerkvergadering, en oor teologiese opleiding) deur die Algemene Sinode 2023 gehoor is, 'n positiewe invloed op die verloop en besluite van die sinodesitting uitgeoefen het en grootliks deur die Algemene Sinode aanvaar is;*
- 4. erken dat daar by ons afvaardiging verskil van mening bestaan oor die mate waarin die Vrystaatse beskrywingspunt oor menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslag-verbintenisse en die pastorale hantering daarvan, in die 2023-besluit van die Algemene Sinode gereflekteer word;*
- 5. het kennis geneem van skrywes wat sedert die Algemene Sinode van 'n aantal gemeentes in die Vrystaat en die Ring van Heilbron in reaksie op besluite van die Algemene Sinode ontvang is, en het onderneem om in erns met die sake daarin vermeld, te handel;*
- 6. besluit daarom in beginsel om in 2024 'n buitengewone sitting van die NGK Vrystaat te belê;*
- 7. wys daarop dat die Algemene Taakspan Regte (ATR) tans werk aan die wysiging van en betrokke prosedures rakende Artikel 32 in ons Kerkorde oor die geografiese samestelling van sinodes;*
- 8. dra dit aan die Interimkomitee op om in Januarie 2024 'n konsepvoorstel oor die vind van 'n welwillende weg in belang van alle gemeentes en lidmate, aan die Moderamen voor te lê;*
- 9. is verbind tot 'n kerkordelike hantering van kwessies wat met so 'n welwillende weg verband hou, en roep gemeentes, kerkrade en leraars in die NGK Vrystaat op om ook só binne die Kerkorde as ons geldende ooreenkoms met mekaar, te handel; en*
- 10. onderneem om op 'n konstruktiewe, openhartige en respekvolle wyse met alle gemeentes en kerkrade oor die tersaaklike kwessies te kommunikeer, en versoek daarom leraars en lidmate dat ons in dié gees ook teenoor mekaar sal optree.*

Die versoeke vir 'n Buitengewone Sinode van die NGK VS waarna hierbo verwys is en wat by hierdie vergadering van die Moderamen ontvang en hanteer is, het van nege gemeentes en een ring gekom, en is so deur die Moderamen aanvaar en aan uitvoering gegee.

"Aktes van Opskorting van die Kerkverband", Augustus 2023 tot Julie 2024:

Sedert Augustus 2023 is "Aktes van Opskorting" met die verband van hul ringe, die Vrystaatse Sinode en die Algemene Sinode van die gemeentes Leeuwberg, Vanstadensrus en Kestell ontvang, asook Heilbron en Heilbron-Suid se "aktes van opskorting" van die verband (slegs) met die Algemene Sinode.

Daar was van 2 tot 4 April 'n samespreking met die betrokke ringskommissies, waarby die STK die advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR) en die Algemene Sinode Moderamen (ASM) en 'n skrywe aan gemeentes gedeel het – dié skrywe word as **BYLAAG 6** by hierdie Verslag aangeheg. In essensie kom dit daarop neer dat so 'n "akte van opskorting" geen kerkregtelike- of juridiese verandering in die posisie van die betrokke gemeentes meebring nie, in soverre die gemeente of kerkraad daarmee nie 'n "uittrede" uit die kerkverband bedoel en dit so deurvoer nie; hierdie gemeentes is steeds deel van hul ringe en die Vrystaatse Sinode. Die eerste drie aktes wat ontvang is, het in hierdie opsig verskil van die jongste twee – Heilbron en Heilbron-Suid – waar die akte as 'n standpuntstelling en "oproep tot bekering en reformasie" bedoel was en tydelik van aard; dit kan weer "herroep" word. Al hierdie gemeentes deel dus steeds in die voorregte, verantwoordelikhede en verpligtinge van 'n gemeente in die kerkverband van die NGK VS.

Sou 'n kerkraad of gemeente met so 'n "akte" bedoel dat hul uit die verband met die NGK VS tree – dus "uittrede" en nie "opskorting" nie – beweeg hul buite die ruimte wat die Kerkorde skep en het dit implikasies vir die regte en voorregte van lidmaatskap, bediening, bevoegdheid, fondse en eiendomme waarin hul gedeel het of oor beskik. Dit sou ook vereis dat sodanige besluite met volle raadpleging en instemming van alle lidmate van die gemeente geneem moes word.

Intussen het die Ringskommissies van Suid-oos Bloemfontein, Smithfield en Betlehem voortgegaan met pogings tot gesprek met die genoemde gemeentes, sonder enige vordering met versoening of herstel. Hierdie gemeentes is steeds deel van die NGK VS, geniet die dienslewering deur die sinodale kerkkantoor, benut kerklike kommunikasiekanale en is ook opgeroep tot bywoning en deelname aan die Buitengewone Sinode. Daar is ook weer 'n poging deur die Moderamen aangewend om met hulle in gesprek te tree.

Verklaring van Welwillende Voorneme, Maart 2024:

By die eerste moderamenvergadering van 2024 is 'n "Verklaring van Welwillende Voorneme" opgestel en in die Vrystaatse kerkverband gekommunikeer, waarin die Moderamen sy basiese oortuiging rakende die proses en uitvoering van die Opsie E.5-besluit van die Buitengewone Sinode van April uiteengesit het. Hierdie verklaring lui as volg:

Verklaring van Welwillende Voorneme
Moderamen van die NG Kerk Vrystaat
11 Maart 2024

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat, saamgestel uit verkose verteenwoordigers uit elke Ring van die NG Kerk Vrystaat, het in sy vergadering op 11 Maart 2024 in Winburg, ...

1. Bevestig

a) dat die NG Kerk Vrystaat, in haar bediening in gemeentes, vergaderings en roeping **die Bybel as Skrifgeworde Woord van God** lees, glo en daarom as gesagvol vir ons lewens aanvaar en streef om onder leiding van sy Gees, God se stem daarin te gehoorsaam, soos wat ons beskrywingspunt aan die Algemene Sinode 2023 gelui het en dit daar aanvaar is;

b) dat die NG Kerk Vrystaat **ons gereformeerde belydenis** soos uitgedruk in die vroeë ekumeniese credo's en drie Formuliere van Eenheid uit die Reformasie onderskryf, koester en in ons bediening blý vertolk met die oog op ons tyd en konteks, spesifiek ten opsigte van Jesus Christus (Sy ontvangenis en geboorte, lewe en lyding, sterwe en opstanding en ewige heerskappy) en dit téénoor die werklikheid van ons eie gebrokenheid en van duisternis en verslawing deur die Bose, soos wat ons beskrywingspunt aan die Algemene Sinode 2023 gelui het en dit daar aanvaar is;

c) dat die NG Kerk Vrystaat op grond van die Skrif en ons gereformeerde erfenis, die **eenheid van die Liggaam van Christus** – sy Kerk – in waarheid en liefde bely en in ons bediening, vergaderings en roeping nederig blý soek, tot Sý eer alleen, sodat ons saam met die ganse gemeenskap van gelowiges opgebou mag word “as lewende stene tot ‘n geestelike huis” (1 Petrus 2:5-6; Heidelbergse Kategismus Sondag 21);

d) dat die NG Kerk Vrystaat as gereformeerde kerkverband, die **ruimte in ons Kerkorde vir sinodes, ringe en gemeentes respekteer** om in hul bediening, vergaderings en roeping onder leiding van die Woord en Gees, in vryheid en vrede, selfstandig én gesamentlik te handel, en dit daarom ook só aan die Algemene Sinode 2023 betuig het en dit daar aanvaar is;

e) dat die standpunt van die NG Kerk Vrystaat oor **menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslagverbintenisse** – dat die huwelik vir ons ‘n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is, ‘n Godgegewe veilige ruimte waarin die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kan kom; dat ons met die lig tot ons beskikking nie selfdegeslagverbintenisse as ‘n alternatief vir die huwelik kan aanvaar nie; dat alle vorme van losbandigheid en promiskuiteit verwerp word; en dat ons hierdie aangeleentheid pastoraal in gemeentes wil hanteer waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam dien – aan die Algemene Sinode 2023 deurgegee is en tot ‘n groot mate daar aanvaar is;

f) dat die NG Kerk Vrystaat haarself verbind het tot **teologiese opleiding** in haar vennootskap met die Fakulteit Teologie en Religie (UV) en in haar eie Seminarium, waarin die bestudering van die Bybel, ons belydenis en erfenis as kerkverband, én die gemeentelike bediening (eredienste, kategese, pastoraat, barmhartigheid en sending) op ‘n akademiese vlak én in die kerklike vorming van hul geloofsidentiteit, geloofslewe, persoonsvaardighede en praktykblootstelling, aan studente van ons NG Kerk-familie gebied word;

g) en dat daar deur die afgelope twee jaar sedert ons sinodesitting in Maart 2022, op ‘n inklusiewe en geloofsonderskeidende wyse in ‘n verskeidenheid van rings- en sinodale

vergaderings, studiegroepe en konferensies, die Buitengewone Sinode van April 2023 en in ontmoetings met kerkrade, gemeentes en lidmate oor bogenoemde sake goed **na mekaar geluister is** in ons soeke na ‘n welwillende weg vir ons kerkverband vorentoe.

2. Roep

a) ons alle gemeentes, leraars, kerkrade én onself as vergadering op – spesifiek nou in Lydenstyd, Pase en Pinkster – om ons harte, motiewe, gedagtes, woorde en handeling voor God en in die lig van sy Woord te ondersoek; ons ongehoorsaamheid en onderlinge vervreemding en verdeeldheid te bely; en ons oop te stel vir die helende en vernuwende werking van sy Gees in en tussen ons;

b) ons alle leraars, lidmate én onself op om ons te weerhou van gevolgtrekkings of veralgemenings oor kollegas, medegelowiges en vergaderinge in ons kerkverband van wie ons mag verskil, alvorens ons nie die volledige waarheid oor hul standpunte of besluite of handeling by hul persoonlik en/of aan die hand van die amptelike bronne daarvoor, vasgestel en verantwoord het nie;

c) ons alle leraars, lidmate én onself op om ons te weerhou van kwetsende woorde, tiperings, benaminge en handeling waarmee ons mekaar se diepste hartsoortuigings en persoonlike verbintenis aan Christus beoordeel, betwyfel of bespotlik maak en allermins optree ooreenkomstig die vrugte van die Gees van God;

d) roep ons diegene op wat ons as NG Kerk Vrystaat in haar verband, ringe en bediening daarvan beskuldig dat ons nie die Bybel as Gods Woord erken of glo nie; nie ons gereformeerde belydenis onderskryf en daarvolgens probeer leef nie; nie volgens ons ooreengekome Kerkorde handel nie; maar “wêreldsgesinde navolgers of goedkeurders van die leuens volgens die tydsgees geword het”; “as bondgenote optree van ideologies-gedrewe groepe wat die kerk en kerklike vergaderinge binnegedring en vir ‘n eie agenda gekaap het”; “aan (ons) self meer gesag toeken as wat die sinodaal-presbiteriale kerkegeringstelsel toelaat en sodoende ‘n magsorgaan geword het” en daarom “die valse kerk” is (Artikels 27-29, *Nederlandse Geloofsbelydenis*), om sulke en dergelike beskuldigings terug te trek;

e) en roep ons daarom ook alle gemeentes, leraars en lidmate wat oor sinodebesluite van die verlede of gebeure in ons kerkverband treur, ‘n geskil verklaar of ‘n “akte van opskorting” aan ons gestuur het, op om dit in die lig van ons getuienis hierbo, te heroorweeg en in die gees van Christus en sy groot genade vir ons almal, weer jul volle plek in ons gemeenskap van gelowiges in te neem, dat ons band met mekaar kan herstel en ons weer eensgesind – al is ons nie in alles eenstemmig nie – ons gedeelde roeping met vreugde en tot eer van God kan vervul; die Vrystaat het ons almal en ons genadegawes nodig.

3. Verbind

a) ons onself as Moderamen opnuut daaraan om ‘n **welwillende weg te soek** vir alle lidmate, alle leraars en elke gemeente in die verband van ons NG Kerk in die Vrystaat vorentoe, sodat ons die Here in gees en waarheid kan aanbid en dien;

b) ons onself opnuut daaraan om met alle gemeentes, lidmate, leraars, kerkrade en ringe oor so 'n welwillende weg **in gesprek te bly of opnuut te tree**, en versoek ons almal in ons kerkverband om dit as 'n ope en opregte uitnodiging te beskou en te benut;

c) ons onself en ons kerkverband daaraan om op 'n verantwoordelike en veilige wyse **binne ons ooreengekome Kerkorde** ruimtes te vind vir die lewe en bediening van elke gemeente vorentoe, moontlik ook binne unieke ringsverbande;

d) ons onself daartoe om **in ons algemeen sinodale verband**, die selfstandigheid en unieke karakter, besluite, bediening en roeping van die NG Kerk Vrystaat en haar gemeentes te koester, uit te leef en indien nodig ook daardie verband te herdefinieer;

e) ons onself daartoe om in 'n gees van welwillendheid dit vir gemeentes wat sou wou, dit moontlik te maak om aan die hand van 'n prosedure soos deur die gewysigde Artikel 32 van ons Kerkorde voorgestel, by 'n **ander geografiese sinode** waarin hul hulself beter sou kon tuisvind en uitleef, in te skakel;

f) en verbind ons onself daartoe om nie in die weg te staan van lidmate of leraars wat uiteindelik sou besluit dat in die lig van God se Woord en ons belydenis hul nie meer die NG Kerk Vrystaat as deel van die ware Kerk van Christus kan erken nie en daarom uit **ons kerkverband wil tree**, hoewel dit vir ons 'n hartseer dag sal wees en ons dit daarom uit oortuiging en onderlinge verbondenheid aan mekaar, sover moontlik wil voorkom.

4. Besluit

a) ons as Moderamen om hierdie "Verklaring van Welwillende Voorneme" as vertrekpunt **en raamwerk** vir ons verdere gesprekke oor die NG Kerk Vrystaat as kerkverband te neem en só te kommunikeer;

b) gee ons die **advies van ons Sinodale Taakspan Kerkorde** (STK) oor die "aktes van opskorting" wat ons ontvang het, deur na daardie ringe waarvan die betrokke gemeentes deel is en ondersteun ons die STK en daardie ringe in hul beplande gesprekke met die betrokke gemeentes ten einde die bande te herstel;

c) versoek ons die Interimkomitee en STK om met inagneming van voorstelle wat ons reeds oor 'n verdere welwillende weg ontvang het en met die reg tot koöpsie van ander leraars en lidmate, 'n raamwerk en **moontlike opsies vir ons Vrystaatse kerkverband** vorentoe uit te werk en dit by ons vergadering van die Moderamen op 27 Mei 2024 voor te lê;

d) beplan ons om bogenoemde inligting en opsies in 'n **reeks ontmoetings** daarná met leraars, kerkrade, gemeentes en ringe (bv. in in streekskonferensies) te bespreek;

e) en dra ons dit aan die Interimkomitee op om so spoedig moontlik 'n **datum vir 'n Buitengewone Sinodesitting** van die NG Kerk Vrystaat vas te stel vir finale besluitneming hieroor, verkieslik nie later as in Augustus of September 2024 nie, en

dit op 27 Mei 2024 deur die Moderamen te laat goedkeur.

In nederige afhanklikheid van God.

"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê."
(Johannes 8:12)

– NG Kerk Vrystaat. Lig in die duisternis. Hier vir God, mekaar en die wêreld. –

Voortgesette samesprekings, Maart tot Augustus 2024

Teen die agtergrond van die "Verklaring van Welwillende Voorneme", het die Interimkomitee (IK) en Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) in opdrag van die Moderamen voortgegaan om 'n agenda vir die Buitengewone Sinode saam te stel ten einde die sinodesitting in staat te stel om met alle ter saaklike inligting, 'n verantwoordelike besluit oor 'n welwillende weg vir ons kerkverband in die Vrystaat te kan neem. Daar is geleentheid gegee dat die insenders van die drie beskrywingspunte wat ontvang is – van Vrede, Sasolburg-Tuinedal en Pellissier – die IK en STK kon ontmoet en die nodige toeligting oor hul beskrywingspunte kon gee; dr. Dirk Venter en di. Pieter Prinsloo en Mias Nortier was in Winburg teenwoordig (17 Mei 2024). Daar is by twee geleenthede volledig verslag oor vordering hiermee, aan die Moderamen gedoen.

Die enigste/eintlike saak op die agenda van die Buitengewone Sinode in Oktober 2024, is die uitvoering van die 2023-besluit, die sogenaamde Opsie E.5., wat gelui het:

"(Die Sinode) ... verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oopsien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree."

In samesprekings van die IK en STK en by die Moderamen, het die volgende perspektiewe oor die betekenis van die Opsie E.5-besluit na vore gekom:

- *"teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode"*

Waaroor die NGK VS duidelikheid moet kry is a) haar eie teologiese oortuigings oor die eenheid van die Kerk, as Liggaam van Christus, soos wat ons dit bely (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21) en dit in ons eie kerkwees gestalte kry; b) wat die teologiese identiteit van die NGK VS is ten opsigte van Skrif, belydenis en bediening en wat dit dan is wat ons in der waarheid verenig óf verdeel; c) wie die NG Kerk in Suider-Afrika is, ons "algemeen sinodale verband" en hoe die Algemene Sinode as vierjaarlikse vergadering daaraan uitdrukking gee al dan nie; en d) wat uiteindelik die essensie is van kerkverband in die NG Kerk-familie (wat sou ons per implikasie nie wou prysgee nie?) – dit alles, teen die agtergrond van die besluite van die Algemene Sinode 2023

en die mate waarin die beskrywingspunte van die NGK VS daar aanvaar is en/of in besluite opgeneem is. Kortom, het die Algemene Sinode 2023 na ons geluister?

• *“welwillend op weg te gaan”*

In ons besinning het die vraag meermale na vore gekom, wat presies bedoel word met ‘n “welwillende weg”? Die volgende betekeniswaardes is geopper:

- a) ‘n Basiese gesindheid van hulpvaardige goedgesindheid en die beste bedoeling jeens mekaar (*bona fide*, en nie *mala fide* – letterlik: in goeie geloof);
- b) ‘n Respekvolle praat met mekaar, in wat ons sê én skryf, al verskil ons van mekaar;
- c) ‘n Hou by die waarheid oor werklike besluite en amptelike standpunte van vergaderings en verteenwoordigers van ons kerkverband en gemeentes;
- d) ‘n Strewe na begrip vir standpunte en deernis met mekaar en die weg waarlangs hul tot hul oortuiging gekom het, al stem ons nie noodwendig daarmee saam nie; en
- e) ‘n Keuse vir billikheid en regverdigheid teenoor almal, en nie ‘n eenvoudige beslissing in die guns van meerderhede asof dit die laaste sê is nie.

• *“uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree”*

Artikel 37 is van toepassing op die samestellende sinodes in die algemeen sinodale verband, en kan ‘n gemeente dus nie uit verband met die AS tree nie – dit is verlede jaar deeglik deur die STK beredeneer. ‘n Sinode soos die NGK VS kan wél uit “algemeen sinodale verband” tree, en sou dít nie die besluit wees nie, dan sou gemeentes wel kon besluit om uit verband met die NGK VS te tree (en gevolglik met die ringe ens.) – die besluit van die Buitengewone Sinode 2023 gaan dus uiteindelik konkreet oor ons eie plaaslike verband en eenheid as NGK VS; ons sal moet besluit waar ons staan.

• *“op kerkordelike wyse”*

Gemeentes wat in Oktober 2024 sou verskil van ‘n besluit wat die NGK VS oor haar verband in algemeen sinodale sin sou neem, sal langs die geldende weë deur ons Kerkorde aangedui, hul besluite moet neem. Die “aktes van opskorting” wat ingedien is, is nie ingevolge ons Kerkorde ‘n geldige weg om die band “los te maak” nie; daardie gemeentes word *de jure* steeds as deel van bv. die NGK VS geag met al die voorregte en verantwoordelikhede wat dit inhou. Die gewysigde Artikel 32 mag ‘n nuwe weg aandui, en sou ‘n gemeente wat beswaard voel oor die besluit van die NGK VS hul by ‘n naburige of ander sinode van die NG Kerk kon voeg, volgens die ooreengekome prosedures. In alle opsigte sou gemeentes, kerkrade en leraars moes seker maak dat hul ingevolge die bepalinge van ons Kerkorde handel; slegs dít sal hul uiteindelik kan beskerm sou daar verdere regshandeling uit hul besluite of optrede spruit. Daar moet nie na kortpaaie gesoek word nie!

• *“binne afsienbare grasietydperk”*

‘n Proses van besluitneming beteken presies dít: Daar sal tyd nodig wees om alle inligting – amptelik, toepaslik, verantwoordelik – vóóraf na alle lidmate, leraars en gemeentes te versprei sodat die Buitengewone Sinode van 2024 ‘n verantwoordelike en finale besluit kan neem; dit is óók so dat daar aan verskeie kante van hierdie afgelope paar jaar se geskiedenis in die Vrystaat ‘n vermoedheid ingetree het en dat baie lidmate, leraars en gemeentes nie meer langer in onsekerheid en ‘n ongedurigheid met mekaar wil leef nie. ‘n Gevoel van “ons wil dit nou afsluit, vredemaak en aangaan”. Terselfdertyd sal die NGK VS voorsiening moet maak vir ‘n implementering van die besluite wat op 3 Oktober geneem mag word, sodat lidmate en gemeentes nóg ‘n keer kan seker maak oor hul keuses en pad vorentoe. Die besluite en proses sal só gestruktureer moet wees dat gemeentes ook ná die tyd, hul opsies sou kon heroorweeg en moontlik van besluit sou kon verander – dus, daar is tyd én genade nodig.

• *“met behoud van regte, voorregte, besittings en naam”*

Hierdie frase in die besluit van die Buitengewone Sinode 2023 was ‘n aanduiding van die welwillendheid in daardie vergadering en waartoe die NGK VS haarself dus verbind het. Ons behoort nie gewetensdwang op enigeen te plaas of ‘n minderheid van lidmate in ‘n gemeente gevange te hou deur hul gebruik van of toegang tot “regte, voorregte, besittings en naam” te beperk óf te ontnem nie – wat ons sáám deur die afgelope bykans 160 jaar sedert 1865 byeengebring het as kerkverband en gemeentes, behoort aan ons almal en sou ons dus eerlik só moes verdeel dat alle lidmate in ‘n gemeente hul billike aandeel daarin kan bly geniet en benut in die uitleef van hul roeping voor God. Die vraag wat regtens hier beantwoord moet word, is hóe daardie “behoud” moontlik gemaak kan word?

• *“sou alle lidmate daartoe toestem”*

Hierdie bepaling in die besluit van die Buitengewone Sinode 2023 beskerm alle lidmate, soos hierbo uitgespel – dít is die sogenaamde “universitas-beginsel” in ons regstelsel, wat juis billikheid vir elkeen wil handhaaf; dit is ‘n gegewe vir enige besluite oor ons verband en kan nie na willekeur deur enige kerk of instansie ter syde gestel word nie. ‘n Proses om te verdeel, sal dus seker moet maak dat alle lidmate goed ingelig is oor die feite van waaroor dit gaan; dat almal in vryheid sal kan besluit oor presies waarop dit vir hul neerkom en wat die implikasies daarvan is; dat die proses van besluitneming (bv. in ‘n gemeente- en kerkraadsvergadering) en wie almal daaraan mag deelneem (ingeskrewe lidmate? erediensgangers? lidmate ouer as 18?) vooraf behoorlik en eenvormig vir ons almal uitgeklaar is en almal hul daarby hou. Weereens, welwillendheid veronderstel dat ons mekaar wil help en nie wil dwing nie.

In die lig van die werk wat die IK en STK gedoen het, het die Moderamen op 27 Mei as volg besluit:

- Dat die “Verklaring van Welwillende Voorneme” van Maart 2024 die vertrekpunte vir die Moderamen uitspel, in gesprekke en met die oog op die Buitengewone Sinode oor ons kerkverband;
- Dat die kwessie waaroor die komende Buitengewone Sinode moet besluit, handel oor ‘n welwillende weg vir ge-

meentes soos wat in Opsie E.5 in die sinodesitting van April 2023 uitgespel was – en dus is die agenda vir die komende sitting, in daardie opsig, geslote;

- Dat die beskrywingspunt wat deur die gemeente Vrede ingestuur is, ontvanklik is en dat ander gemeentes ook uitgenooi sal word om indien hul wil, beskrywingspunte vir hantering by die komende sinodesitting in te stuur voor of op 31 Julie 2024;
- Dat daar drie versoeke om toeligtig vóór die Buitengewone Sinode aan die STK/ATR gerig word en dit deur die IK/STK by die agenda vir die sinodesitting ingesluit sal wees, naamlik:
 1. Vordering met Art 32-prosedure om gemeentes hieroor te kan adviseer;
 2. Uitklaring oor die reikwydte van die 2019-hofuitspraak, d.w.s. of dit van toepassing is op alle kerke wat die naam “NG” dra (ongeg binne of buite algemeen sinodale verband) en/of op alle denominasies in die land; en
 3. Uitklaring oor die afdwingbaarheid van die 2019-hofuitspraak op gemeentes, kerkrade en/of leraars wat nie hul weg oopsien om SGV te bevestig nie, maar hul binne ‘n ruimte soos deur die 2019/2023-besluite beskryf word en in die lig van hul vryheid van gewete en assosiasie soos in die AS 2023-besluit uitgespel – stel dit hierdie gemeentes, kerkrade en/of leraars bloot aan vervolging?
- Dat die volgende tydlyn in die aanloop na die Buitengewone Sinode van toepassing is:

31/7-19/8 IK & STK ontvang beskrywingspunte, bespreek, verslag aan Moderamen

26/8/2024 Moderamen bespreek verslag & finaliseer agenda vir Sinode

30/8/2024 Name en geloofsbriewe van afgevaardigdes na Sinode, by skriba

6/9/2024 Agenda uit na gemeentes

- Dat die IK / STK versoek word om aandag te skenk aan die opsie van ‘n herdefiniëring van die verhouding tussen die NGK Vrystaat (sinode) en die Algemene Sinode, deur o.a. die volgende te oorweeg:
 - a) Die NGK Vrystaat se posisie ten opsigte van homoseksualiteit, SGV en die 2023-besluit van die Algemene Sinode;
 - b) Die ruimte vir die NGK Vrystaat om binne die AS 2023-besluit oor ‘n eie (pastorale) hantering van SGV ooreen te kom en in die bediening daarmee op weg te gaan, met byv. eie studieverlae en predikantekonferensies;
 - c) Die rol en taak van die Algemene Sinode sterker “federaal” te vertolk en sodoende te verseker dat dit beperk word slegs tot wat in Art 43 van die Kerkorde hieroor beskryf is, met die sterk voorwaarde dat enige kontensieuse sake éérs na die samestellende kerke/sinodes verwys sal word vir verdere oorleg alvorens enige bindende besluite daarvoor geneem sal word.
- Dat daar nie weer soos voor die 2023-sinodesitting streekkonferensies ter toeligtig en voorbereiding van sake deur die NGK Vrystaat gehou sal word nie, maar dat daar eerder ‘n volledige inligtingstuk oor die proses tot hier en moontlike opsies deur die Moderamen na gemeentes versprei sal word.

Uitvoering is aan hierdie besluit gegee, alle inligting soos versoek is ontvang en kon die Moderamen op 26 Augustus ‘n volledige verslag hieroor ontvang en goedkeur. Dit vorm die basis vir die Agenda van die Buitengewone Sinode 2024.

4 BESKRYWINGSPUNTE VAN GEMEENTES

Drie gemeentes in die NGK VS het beskrywingspunte vir die Buitengewone Sinode ingestuur, dit is as ontvanklik deur die STK beoordeel en word hier onder ‘n kort samevatting ter wille van duidelikheid van elk van die beskrywingspunte gegee, sowel as die advies van die STK oor elke beskrywingspunt en ‘n uiteensetting van die verantwoordelikhede van die Moderamen om verdere prosesse te bestuur, sou die Sinode een of ander van die beskrywingspunte aanvaar.

Die volledige beskrywingspunte en die motivering daarvan deur die gemeentes word as **BYLAES 7, 8 en 9** by hierdie verslag aangeheg.

4.1 Eerste Beskrywingspunt: NG Gemeente Vrede (Bylaag 7)

Essensie:

‘n Voorstel dat die NGK VS as sinode uit algemeen sinodale verband sal tree kragtens Artikel 37, óf alternatiewelik in twee Vrystaatse sinodes sal verdeel, waarvan een dan selfstandig sal kan besluit om uit algemeen sinodale verband te tree.

Motivering:

Die ruimte wat in 2019 deur die Algemene Sinode vir selfdegeslagverbintnisse gemaak is en die besluit dat daar by aanwysing van persone in die ampte en by die legitimasie van teologie studente nie ag geslaan moet word op seksuele oriëntasie en -identiteit nie, kom in effek neer op die goedkeuring van selfdegeslagverbintnisse as alternatief tot die huwelik sowel as die goedkeuring van enige en alle seksuele oriëntasies en -identiteite, en dit is a) in stryd met die Skrif se getuieis hieroor, en b) stel die gemeentes en leraars bloot aan vervolging op grond van die 2019-hofuitspraak. Die intensie van die voorstel van die gemeente is dus om hulself (Vrede), maar ook die NGK VS en ander gemeentes van die besluite van die Algemene Sinode hieroor en die implikasies daarvan, te laat distansieer.

Toeligtig deur die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK):

Die beskrywingspunt van Vrede versoek ‘n uittrede uit algemene sinodale verband ingevolge Artikel 37 óf die verdeling van die NGK VS in twee. Aangesien Tuinedal se beskrywingspunt ook laasgenoemde in die oog het, word hier volstaan met advies oor die kerkordelike implikasies van eersgenoemde (uittrede in geheel).

- a) Oor en weer oorplasing van lidmaatskap en beroep van predikante tussen die uitgetrede kerk en die NG Kerk in Algemene Sinodale verband sal waarskynlik per ooreenkoms gereël en kerkordelik vasgelê moet word (vgl Reglement 26, Kerkorde 2023) – vgl die besluite van die NG Kerk in Zuid-Afrika 1863 oor die verhouding met die NG Gemeentes noord van die Oranjerivier na die hofuitspraak van 1862, asook die Wette en Bepalings van die vyf NG Sinodes voor 1962.

b) Ten spyte van Art 37 wat bepaal dat samestellende kerke met behoud van naam kan uittree, bestaan daar regs-onsekerheid hieroor in die lig van hofuitsprake oor twee afsonderlike entiteite wie se name die indruk kan skep dat dit dieselfde entiteit is. Die hof het al meermale besluit dat een van die twee se naam gewysig moet word om verwarring uit te skakel. Een of albei partye sal egter eers die hof moet nader vir 'n uitspraak hieroor.

c) Art.32.2 maak dit moontlik dat gemeentes wat steeds deel wil bly by die NG Kerk in algemene sinodale verband by 'n sinode wat nie uittree nie kan aansluit. Die prosedures oor hoe dit gedoen kan word, is in die proses om voltooi te word. Dit is onseker of sodanige aansoek vóór uittrede moet gebeur, en of dit ook ná uittrede kan gebeur. Daar is voorts geen waarborg dat die sinode waarnatoe 'n gemeente wil skuif dit sal goedkeur nie.

d) Die uitgetrede kerk sal 'n eie kerkorde moet goedkeur om te kan funksioneer – dit is onseker wanneer dit moet gebeur en hoe so 'n proses moet verloop. 'n Sinode wat so 'n kerkorde moet goedkeur kan tog nie sonder kerkordelike sanksie konstitueer nie. In 1962 is die afgevaardigdes van die samestellende kerke in 'n konvent saamgeroep wat die kerkorde goedgekeur het, en daarna het die Algemene Sinode ingevolge die ooreengekome kerkorde gekonstitueer, en dit as sy kerkorde aanvaar. Dit is egter ook praktyk dat met die stigting van 'n nuwe organisasie, die "grondwet" wat as konsep vooraf gesirkuleer is, dan gelyktydig met die stigting van die organisasie goedgekeur word.

e) In die lig van bogenoemde sal dit wenslik wees dat indien uittrede ingevolge artikel 37 die sinode se keuse is, dit eers in beginsel besluit sal word ten einde (sommige van) bogenoemde aan te spreek en bevredigend af te handel voordat die besluit finaal in werking tree.

f) Wat die vroeë by punt 3 a en b oor selfdegeslagverbinde (SGV) betref, in die lig van die hofuitspraak in 2019, die volgende:

- Daar is nog nie 'n wysiging aan die huwelikswet gemaak nie en dat die huidige Huwelikswet en Wet op Burgerlike Verbinde steeds die geldige wetgewing is;
- Dat daar tans geen vrees hoef te wees dat 'n persoon wetlik verplig kan word om 'n selfdegeslagverbinde te bevestig nie, of om te weier om so 'n verbinde te bevestig nie;
- Predikante word weereens daarop gewys dat daar tans aansoek gedoen word deur die Algemene Sinodale Kantoor om burgerlike verbinde te bevestig en dat 'n spesiale registrasie by Departement van Binnelandse Sake daarvoor verkry moet word;
- Daarom, indien 'n persoon nie daarvoor geregistreer is nie, kan en hoef hy nie so 'n bevestiging te behartig nie. Dit is die situasie ongeag die Algemene Sinode se besluit oor vryheid van assosiasie.
- Oor die reikwydte van die uitspraak indien jy die naam NG kerk dra, is daar twee uiteenlopende regsmenings en sal 'n toetsaak waarskynlik die enigste manier wees om klarigheid in die verband te verkry.

Verantwoordelikheid van die Moderamen:

Indien die Buitengewone Sinode van die NGK VS op 3 Oktober 2024 hierdie beskrywingspunt aanvaar **om uit algemeen sino-**

dale verband te tree, dra die Moderamen as gevolmagtigde liggaam van die Sinode die volgende verantwoordelikheid – en dit word 'n besluit van die Sinode ter vergadering:

- a) Die Moderamen neem die besluit van die Buitengewone Sinode as 'n beginselbesluit en die inwerkingtreding daarvan word opgeskort (huidige Kerkorde Artikel 45), totdat die volgende reëlings getref en ooreenkomste uitgeklar is;
- b) Die Moderamen gaan daartoe oor om 'n nuwe/geredigeerde Kerkorde vir die NGK VS saam te stel waarin die nuwe werklikheid en kerkregtelike posisie waarin die kerk haar bevind, uiteengesit word en neem verantwoordelikheid vir die goedkeuring van daardie (konsep)Kerkorde deur 'n volgende sinodesitting van die NGK VS;
- c) Die Moderamen gee die beginselbesluit van die NGK VS en sodra beskikbaar, haar nuwe (konsep)Kerkorde, deur aan die Algemene Sinode se Moderamen (ASM), wat sal toesien dat dit ook as 'n amptelike kennisgewing by die volgende Algemene Sinode in 2027 sal dien;
- e) Die Moderamen gee die beginselbesluit van die NGK VS en sodra beskikbaar, haar nuwe (konsep)Kerkorde, deur aan die ander nege sinodes wat die Algemene Sinode saamstel, en begin prosesse om in 'n nuwe verband met elkeen van daardie sinodes te tree ingevolge waarvan lidmaatskap, bediening, bevoegdhede en ander gemeenskaplike sake van praktiese belang erken en gereël kan word;
- f) Die Moderamen gee die beginselbesluit van die NGK VS deur aan ander kerke binne die familie van NG Kerke én in die breër ekumeniese wêreld, en begin prosesse om met daardie kerke in verhouding te tree;
- g) Die Moderamen ontvang volmag om enige ander praktiese aangeleenthede wat uit hierdie beginselbesluit mag spruit, te hanteer met volledige verslagdoening daarvan aan die volgende gewone Sinode van die NGK VS (2026);
- h) Die Moderamen ontvang die opdrag om met gemeentes, lidmate en leraars wat nie met hierdie besluit saamstem nie, welwillend op weg te gaan;
- i) Die Moderamen hanteer alle amptelike kommunikasie oor die besluit van die NGK VS na gemeentes, ander kerkvergaderings, die media en publiek; en
- j) Die Moderamen doen volledig verslag oor die uitkoms van hierdie proses aan die volgende (gewone) Sinode van die NGK VS in 2026.

4.2 Tweede Beskrywingspunt: NG Gemeente Sasolburg-Tuinedal (Bylaag 8)

Essensie:

'n Voorstel dat die NGK VS in twee selfstandige sinodes verdeel, en dat gemeentes die geleentheid kry om te kies by watter een van die twee sinodes hulle hulself sou wou voeg – die een in algemeen sinodale verband en die ander daarbuite.

Motivering:

Die besluit van die Buitengewone Sinode in April 2023 om met die Algemene Sinode in gesprek te tree, maar om ook voorsiening te maak vir 'n welwillende weg vir gemeentes wat nie met die uitkoms van die Algemene Sinode 2023 tevrede sou wees en waarlangs hul met behoud van naam, regte en voorregte, fondse en eiendomme uit algemeen sinodale verband te tree (Opsie E.5), is slegs uitvoerbaar indien die NGK VS by voorbaat besluit om in twee selfstandige sinodes te verdeel. Die "universitas-

beginsel" laat geen ander weë oop nie.

Toeligting deur die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK):

- a) Die besluit om in twee afsonderlike sinodes te verdeel, is ingevolge Kerkorde Artikel 32.1 (2023) afhanklik van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde se goedkeuring. Artikel 32.1 vereis twee kriteria vir die samestelling van 'n sinode, naamlik "geografiese eenheid" en "maklik vergader". Die onus sal op die Vrystaatse Sinode rus om die Algemene Sinode/ASM te oortuig dat daar genoegsaam aan hierdie kriteria voldoen word ten einde die toets van kerkordelike en regs-geldigheid te slaag, asook die wenslikheid daarvan.
- b) Nadat Winburg-gemeente in 1917 in twee geskeur het, het beide Winburg- en Rietfontein-gemeentes met goedkeuring van die ring vir vyftig jaar presies dieselfde grense gehad. Die keuse by watter gemeente ingeskakel word, het by individuele lidmate berus; die affiniteit vir 'n bepaalde politieke party het die grootste rol hierin gespeel. Hierdie historiese gebeurtenis kan dalk as analogie dien vir 'n verdeling van die NGK VS in twee sinodes.
- c) Besluite word by verstek met 'n volstreckte meerderheid (die helfte plus een) deur kerkvergaderings geneem, tensy dit uitdruklik vooraf deur die vergadering anders besluit word. Tipies sal 'n sinode in 'n reglement van orde kan bepaal dat sekere besluite deur die sinode self, of deur ringe of kerkrade (byvoorbeeld) met 'n twee-derde meerderheid geneem moet word. Die sinode sou ook dit as 'n ad-hoc reëling kan goedkeur. Waar die reëling van 'n volstreckte meerderheid by verstek geld, sal 'n voorstel om dit anders te doen egter op kerkordelike wyse in die agenda van die sinode opgeneem moet word, aangesien dit neerkom op die revisie van die verstekreëling (vgl. Kerkorde 2023, Artikel 23.3 en Reglement 23:2.2, in besonder 23:2.2.3.2). Aangesien daar geen kennis van revisie hieroor ontvang is nie, sal kerkrade kerkordelik gesproke die besluit oor in watter deel van verdeelde sinode hulle wil inskakel, met 'n volstreckte meerderheid kan neem, selfs sonder approbasie deur die gemeente.
- d) Die versoek dat die verdeling in twee ook met 'n verdeling van bates en inkomste gepaard gaan, is kerkregtelik in orde. Daar is egter fondse wat deur testamentêre bepalinge ingeperk word. Uitsluitel oor die moontlike verdeling van sulke fondse sal verkry moet word, waarskynlik deur die inwin van regsadvies of by wyse van ooreenkoms.
- e) Die NGK VS het as entiteit 'n ooreenkoms met die Kaapse Pensioenfonds waarvolgens Vrystaatse gemeentes en predikante deelhebers is van die pensioenfonds. Dit is onseker of die "nuwe" kerk (entiteit) wat tot stand sal kom indien die sinode die verdeling goedkeur, outomaties ingesluit sal wees by hierdie ooreenkoms. Dit sal met die pensioenfonds uitgeklaar moet word in die lig van hulle eie reëls. Indien so 'n "nuwe" kerk van vooraf 'n ooreenkoms moet beding met die pensioenfonds, het dit moontlik implikasies vir byvoorbeeld die datum waarop die verdeling van krag word. Indien 'n nuwe ooreenkoms gesluit moet word, raak dit weliswaar nie die fondse wat predikante reeds in die pensioenfonds het nie. Dit bly daar en groei steeds totdat dit onttrek word deur die predikant. Dit kan egter 'n invloed hê op "nuwe" bydraes deur die gemeentes van die "nuwe" kerk tot die predikante se fonds totdat 'n ooreenkoms gesluit is.
- f) Kerkrade kan nie enige besluit oor die voorstelle in die beskrywingspunt ter verdeling neem vóórdat die sinode nie sodanige besluit geneem én die Algemene Sinode of die

ASM dit nie goedkeur het nie. Die besluit wat die Buitengewone Vrystaatse Sinode in 2023 geneem en waarna die beskrywingspunt onder "DIE EIETDYDSE OMSTANDIGHEDE VAN DIE VERDELING VAN DIE VRYSTAAT SINODE..." verwys, het nie die verdeling van die NGK VS in die oog nie, maar die uittrede van gemeentes "uit verband met die NG Kerk Vrystaat" (Agenda Vrystaatse Sinode 2023, bladsy 15; Handeling Vrystaatse Sinode 2023, punt 9). Daar is dus nie 'n sinodebesluit wat sodanige vooraf besluit deur kerkrade magtig nie. Hierbenewens druis 'n besluit deur 'n kerkraad hieroor voordat die sinode ter vergadering die saak in die lig van die Woord en Belydenis deeglik beredeneer en bindend besluite onder leiding van die Gees geneem het, teen die letter en gees van Kerkorde Artikels 20 en 21 (Kerkorde 2023) in. 'n Lys van gemeentes wat voor die vergadering op 3 Oktober 2024 tot so 'n verdeling ingestem het, is dus nie ontvanklik nie.

Verantwoordelikheid van die Moderamen:

Sou die Buitengewone Sinode van die NGK VS op 3 Oktober 2024 hierdie beskrywingspunt aanvaar **om in twee kerkvergaderings te verdeel**, dra die Moderamen as gevolmagtigde liggaam van die Sinode die volgende verantwoordelikheid – en dit word 'n besluit van die Sinode ter vergadering:

- a) Die Moderamen neem die besluit van die Buitengewone Sinode as 'n beginselbesluit en die inwerkingtreding daarvan word opgeskort (huidige Kerkorde Artikel 45), totdat die kerkordelike bepalinge hieroor nagekom is, en alle ooreenkomste uitgeklaar;
- b) Die Moderamen gee die beginselbesluit van die NGK VS deur aan die Algemene Sinode se Moderamen (ASM), met die versoek dat die ASM ingevolge die Kerkorde die verdeling van die NGK VS en per implikasie die totstandkoming van 'n teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk met dieselfde geografiese grense as die huidige/oorspronklike Vrystaatse Sinode, goedkeur;
- c) Die Moderamen gaan nádat goedkeuring van 'n verdeling en die totstandkoming van 'n nuwe teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk (in die Vrystaat) ontvang is, daartoe oor om met gemeentes wat by so 'n nuwe sinode ingedeel sou wou word, in amptelike gesprekke te tree ten einde die daarstelling van 'n konsepkerkorde en ander kerkordelike reëlings en ooreenkomste rakende regte en voorregte, bevoegdhede, fondse en bates met hul uit te klaar;
- d) Die Moderamen gee 'n grasietydperk sodat gemeentes wat by 'n nuwe sinode sou wou inskakel alle amptelike inligting daarvoor kon oorweeg en tot behoorlike besluite in ooreenstemming met die huidige Kerkorde kon kom;
- e) Die Moderamen ontvang terugvoer en bepaal 'n datum vir die byeenroep van 'n kerkvergadering (konvent) van gemeentes wat by so 'n nuwe sinode ingedeel sou wou word, waartydens so 'n nuwe sinode dan op grond van die goedgekeurde konsepkerkorde konstitueer;
- f) Die Moderamen gee kennis aan die Algemene Sinode en ander sinodes van NG Kerke in Suider-Afrika van die inwerkingtreding van die beginselbesluit om die NGK VS in twee kerkvergaderings te verdeel en die konstituering van 'n nuwe teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk (in die Vrystaat);
- g) Die Moderamen tree ná hierdie datum op as verteenwoordiger van die (oorspronklike) NGK VS in verdere onderhan-

delinge en prosesse met (nuutverkose) verteenwoordigers van die nuwe sinode van die NGK VS, en begelei oorblywende gemeentes in die verwerking van die implikasies van die besluit om te verdeel;

h) Die Moderamen hanteer alle amptelike kommunikasie oor die besluit van die NGK VS na gemeentes, ander kerkvergaderings, die media en publiek totdat die verdeling in werking tree en die nuwe teologies-kategoriale sinode gekonstitueer en eie verteenwoordigers gekies het; en

i) Die Moderamen doen volledig verslag oor die uitkoms van hierdie proses aan die volgende (gewone) Sinode van die NGK VS in 2026.

4.3 Derde Beskrywingspunt: NG Gemeente Pellissier (Bylaag 9)

Essensie:

Die NGK VS kies vir die herstel van haar eenheid en getuienis as 'n gereformeerde kerk, deur haar standpunte oor 'n aantal sleutelkwessies duidelik te stel en haar verhouding met die Algemene Sinode in die lig daarvan te herdefinieer.

Motivering:

Die Buitengewone Sinode (April 2023) het versoek dat 'n aantal standpunte van die NGK VS aan die Algemene Sinode deurgesien word vir oorweging en uitklaring daar; terugvoer is sedertdien ontvang en dit moet nou geëvalueer word sodat daar geen twyfel sal wees oor die teologiese oortuigings en posisie van die NGK VS nie. Dit is óók nodig sodat die Vrystaatse Sinode, gemeentes en leraars uitklaring kan kry oor hul verhouding met die Algemene Sinode en dat dié opgeroep sal word om by die gees en bedoeling van Artikel 43 oor sy ooreengekome opdrag en bevoegdheid te hou.

Toeligting deur die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK):

- a) Ten opsigte van Beskrywingspunt 1 (eerste voorstel van Pellissier): Die 2019 SGV-besluit van die Algemene Sinode word allerweë so verstaan dat dit ook aan sinodes die ruimte gee om hulle eie besluite oor die saak te neem, en so die sinode se eie standpunte te verwoord; en gegewe die Algemene Sinode se bevoegdheid geld die ruimte wat die 2019 SGV-besluit vir kerkrade en predikante gee, steeds;
- b) Ten opsigte van Beskrywingspunt 2 (tweede voorstel van Pellissier): Sinodes mag beskrywingspunte aan die Algemene Sinode voorlê vir oorweging. Dit sluit voorstelle oor die bevoegdheid van die Algemene Sinode in.

Verantwoordelikheid van die Moderamen:

Sou die Buitengewone Sinode van die NGK VS op 3 Oktober 2024 hierdie beskrywingspunt aanvaar **om 'n eie teologiese standpunt te bevestig en 'n herdefiniëring van haar verhouding met die Algemene Sinode** uit te klaar, dra die Moderamen as gevolmagtigde liggaam van die Sinode die volgende verantwoordelikheid – en dit word 'n besluit van die Sinode ter vergadering:

- a) Die Moderamen gee die besluit van die NGK VS oor haar teologiese identiteit en standpuntstelling vir kennisname deur aan gemeentes, lidmate en leraars, die Algemene Sinode se Moderamen (ASM), ander sinodes van die NG

Kerk, die media en publiek;

b) Die Moderamen sien toe dat hierdie teologiese standpuntstelling die basis word vir toekomstige besluite van die NGK VS oor haar belydenis, bediening, teologiese opleiding, roeping en getuienis;

c) Die Moderamen tree in gesprek met die STK om 'n beskrywingspunt waarmee die verhouding tussen die NGK VS en die Algemene Sinode geherdefinieer word en sodoende te verseker dat Artikel 43 van ons Kerkorde tot volle reg en implementering kan kom, aan die volgende Algemene Sinode 2027 voorgelê kan word;

d) Die Moderamen ontvang die opdrag om met gemeentes, lidmate en leraars wat nie met hierdie besluit saamstem, welwillend op weg te gaan;

e) Die Moderamen hanteer alle amptelike kommunikasie oor die uitvoering van hierdie besluit van die NGK VS na gemeentes, ander kerkvergaderings, die media en publiek; en

f) Die Moderamen doen volledig verslag oor die uitkoms van hierdie proses aan die volgende (gewone) Sinode van die NGK VS in 2026.

5 ANDER MOONTLIKE OPSIES VIR GEMEENTES WAT HULSELF IN 'N MINDERHEID BEVIND OF UIT VERBAND MET DIE NG KERK VRYSTAAT SOU WOU TREE:

Die Opsie E.5-besluit van die Buitengewone Sinode van 2023 lui dat sou "daar Vrystaatse gemeentes wees wat nie hul weg oop sien... (ensovoorts) ... (om) met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul ... toe te laat om 'met behoud van regte, voorregte, besittings, naam' (sou alle lidmate daartoe toestem) uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree."

In sy nadenke oor die betekenis, moontlikhede en uitdagings wat die uitvoering van hierdie besluit vir die NGK VS sou inhou, het die Moderamen ook besin oor die vraag watter opsies daar vir gemeentes sou bestaan wat hulself by of ná die Buitengewone Sinode van 2024 in die minderheid van 'n bepaalde besluit sou bevind?

So 'n gemeente of lidmate sou uiteraard kon besluit om by 'n sinodebesluit te berus en binne die ooreengekome ruimtes wat ons Kerkorde voorsien, met hul bediening voort te gaan al sôu hul op dié spesifieke punt dan van die Vrystaatse Sinode verskil. Of, lidmate en leraars sou ook wanneer hul tot dié uiterste oortuiging sou kom dat die NGK VS 'n "valse kerk" geword het – Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikels 28 en 29 – hul van só 'n gemeente of kerk kon "afskei" (uittree of bedank).

Watter ander kerklike weë sou gevolg kon word?

5.1 'n Appèl, beswaarskrif of versoek om revisie (Reeds bestaande opsies in die Kerkorde)

Lidmate, leraars en gemeentes wat nie met besluite van 'n meerdere vergadering – in hierdie geval die Buitengewone Sinode van die NGK VS 2024 – saamstem nie, het volgens die Kerkorde (Artikel 23) die moontlikhede van 'n appèl, beswaarskrif of versoek om revisie om hul ontevredenheid uit te spreek en besluite van die Sinode in hersiening te laat neem.

In die geval van 'n appèl, wat ná enige van die drie beskrywingspunte wat voor die Buitengewone Sinode dien, ingebring sou

kon word, is die volgende van belang (deur die STK uitgewys):

- Indien die Buitengewone Sinode die beskrywingspunt in sy huidige of 'n gewysigde vorm goedkeur, kan 'n lidmaat, kerkraad of ring ingevolge artikel 23.3 (Kerkorde 2023) by die Algemene Sinode appèl aanteken teen die besluit, wat dit ingevolge Reglement 7:3.1.5 en Reglement 23:4 sal hanteer;
- Appèl kan aangeteken word op grond van a) kerkordelike ongerymdhede en/of b) waar 'n besluit volgens die oordeel van die appellant in stryd is met die Bybel, die Belydenisskrifte of die Kerkorde;
- Daar moet gelet word op die vensterperiode waarbinne appèl aangeteken word, naamlik 21 dae nadat die sinode se notule beskikbaar is, en op die feit dat 'n appèlliggaam die besluit van 'n sinode kan opskort tot en met die afhandeling van die appèl (Kerkorde 2023, Reglement 23:4.1.2 en 4.1.5; vgl Kerkorde Vrystaat 2022, Reglement van Orde punt 12.2.3).

5.2 'n Besluit van die NG Kerk Vrystaat om 'n teologies-kategoriale ring(e) te vestig

(Die Sinode sou dit in beginsel kon voorstel en goedkeur)

Die Buitengewone Sinode sou 'n besluit kon neem – selfs as onderdeel van enige van die genoemde drie beskrywingspunte – om een of meer teologies-kategoriale ringe in die NGK VS te vestig. Só 'n stap hoef nie tot enige verdeling binne die NGK VS te lei nie; dit sou intedeel ons eenheid in verskeidenheid in die Vrystaat en ons gesamentlike werksaamhede en getuienis kon versterk.

Dit berus volledig by die Vrystaatse Sinode om die indeling van ringe te organiseer en dit hoef nie noodwendig op 'n geografiese basis alleen te berus nie; die Sinodes van 2013 en 2017 het alreeds stappe tot ander moontlikhede vir gemeentes in plek gestel. 'n Ring is die eerste uitdrukking van kerkverband op grond van ons belydenis, van gemeentes wat uit innerlike oortuiging mekaar opsoek, gemeenskap van geloof beleef, visitasie by mekaar doen, konsulente aanwys en mekaar in hul onderlinge bediening ondersteun. Dit sou vir sulke gemeentes wat hulself dan binne 'n Sinode in 'n minderheidsposisie bevind, 'n "veilige ruimte" kon bied waarbinne hul mekaar ondersteun in en hou aan ooreengekome teologiese standpunte (bv. oor die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse), en hulle sou ook by hul ringsittings oor sake van belang en vanuit 'n bepaalde teologiese oortuiging kon besin – tipiese ringskonferensies ens. Dit sou verder aan sulke gemeentes en ring(e) die geleentheid kon bied om in die volgende uitdrukking van kerkverband – die Sinode van die NGK VS – 'n eie standpunt te stel en mekaar daarin te ondersteun; die uitgangspunt van "reformasie van binne". Aangesien die NGK VS die afgelope aantal jare gekies het om die Moderamen self, ander bedieningsrade, taakspanne en die Kuratorium al sterker ringsgewys saam te stel, verseker hierdie moontlikheid dat die stem van so 'n teologies-kategoriale ring(e) in die breër kerkverband gehoor sou kon word.

5.3 'n Artikel 32-besluit om met 'n ander sinode van die NG Kerk in verband te tree

(Reeds deur die Algemene Sinode goedgekeur)

'n Moontlikheid wat in Oktober verlede jaar deur die Algemene

Sinode goedgekeur is, naamlik die wysiging van Artikel 32 van ons Kerkorde sodat gemeentes by 'n ander sinode van die NG Kerk waarby hul hulself meer tuis sou kon vind, kan inskakel, kan deur gemeentes wat uit verband met die NGK VS wil tree, oorweeg word. Die prosedure waarvolgens so 'n gemeente na 'n ander sinode sou kon "skuif" is sedertdien deur die ATR uitgewerk, in oorleg met al tien sinodes van die NG Kerk, en is ver gevorder in die proses van finalisering (teen Oktober 2024 by die ASM). In kort kom die proses op die volgende neer:

- Lidmate kan 'n versoek aan die kerkraad rig en/of die kerkraad kan besluit om by 'n ander sinode in te skakel;
- Die kerkraad rig 'n versoek aan hul huidige ring en sinode om so 'n oorskakeling goed te keur;
- Die kerkraad rig ook 'n versoek aan die sinode waarby hul sou wou inskakel, om instemming te kry dat daardie sinode ontvanklik vir so 'n versoek sou wees;
- Die kerkraad stel in oorleg met hul huidige ringskommis-sie 'n inligtingstuk saam waarin hul motivering en praktiese reëlins uiteengesit word, en gee dit vir deeglike oorweging en goedkeuring deur na die gemeente;
- Indien 'n meerderheid van die lidmate die inskakeling by 'n ander sinode goedkeur, word 'n finale ooreenkoms met alle praktiese implikasies (rakende fondse en verpligtinge, gedeelde werksaamhede ens.) opgestel en aan die twee betrokke sinodes voorgelê;
- Indien hierdie finale ooreenkoms deur beide sinodes of hul gevolmagtigde goedgekeur is, word dit na die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde deurgestuur vir kennisname en goedkeuring, en word dit in die *Kerkbode* as amptelike besluite gepubliseer.

5.4 'n Besluit van die NG Kerk Vrystaat om minderheidsgroepe/gemeentes vry te stel

(Die Sinode sou dit in beginsel kon voorstel en goedkeur)

Die NGK VS wil geen dwang uitoefen op enige lidmaat, leraar of kerkraad nie, en sou daarom die volgende moontlike weg kon oorweeg waarlangs lidmate, leraars of gemeentes wat hulself in die minderheid van hierdie belangrike sinodebesluite bevind, vry kan kom van wat hul as gewetensdwang mag beleef. Die volgende stappe vir so 'n proses sou oorweeg kon word:

- a) Die gemeente/kerkraad gee amptelik aan die Moderamen kennis van 'n versoek om uit verband met die NGK VS te tree;
- b) 'n Gemeentevergadering word belê waar die Moderamen (verteenwoordigers) geleentheid kry om vrae aan te hoor en toeligting te gee;
- c) Daar word ten minste een maand vóór die vergadering, behoorlik kennis gegee van die vergadering aan alle lidmate van die gemeente (skriftelik);
- d) Daar word vooraf ooreengekom dat sodanige gemeentevergadering ooreenkomstig die gees en gesindheid in die "Verklaring van Welwillende Voorneme" uiteengesit sal geskied, en dat daar 'n verbintenis gesoek word om sou aan alle vereistes van die Kerkorde en reg en billikheid voldoen wees, almal die uitkoms van so 'n gemeentevergadering sal aanvaar en daarin te berus;
- e) In of direk ná so 'n gemeentevergadering/gesprek onder begeleiding/monitering van die Ring, word 'n (geslote) stemming van alle lidmate teenwoordig, oor die besluit om uit te tree gehou;

f) Sou 'n tweederde meerderheid van die gemeente besluit om uit te tree (66% +), word aan lidmate wat in die minderheid gestem het,

i) geleentheid gegee om in 'n grasietydperk (6 maande) by 'n (nabygeleë) buurgemeente van die NGK in dieselfde dorp of stad aan te sluit; of

ii) waar daar nie 'n buurgemeente in dieselfde dorp is nie, word aan lidmate wat in die minderheid gestem het ooreenkomstig hul getal, 'n aandeel in die fondse en waarde van eiendomme van die gemeente soos onderling ooreengekom, beskikbaar gestel ten einde hul in staat te stel om weer met 'n eie bediening voor te kan gaan;

g) Langs hierdie weg word daar vooraf ooreengekom om die universitas-beginsel op 'n bepaalde en billike wyse te honoreer en reg te laat geskied aan alle lidmate, ook dié in 'n minderheid in die gemeente;

h) Die uittrede uit verband met die NGK VS geskied dan met behoud van regte en voorregte ens., maar nie met behoud van die naam "Ned. Gereformeerde" nie, en word die uittredende gemeente versoek om ooreenkomstig die NGB Art 28 by 'n ander kerkverband van oortuiging aan te sluit;

i) Die Ring begelei hierdie besluitnemingsproses en die vestiging van 'n ooreenkoms, neem kennis van die besluit van die gemeente, en gee ná verstryking van die grasietydperk amptelik kennis aan die Moderamen/volgende Vrystaatse Sinode van die uitkoms van die proses; en

j) Voorsien die Vrystaat Sinode dat sodanige proses binne die volgende twee jaar – dit wil sê voor die volgende gewone sitting van die Sinode (Junie 2026) – afgehandel sal kan wees.

6 ORDEREËLINGS EN PROSEDURELE BESLUIE VAN DIE MODERAMEN VIR DIE BUITENGEWONE SINODE:

In sy vergadering van 5 September 2024, het die Moderamen die volgende besluite geneem oor die orde en verloop van die Buitengewone Sinodesitting:

6.1 Die Moderamen bevestig dat al die beskrywingspunte wat deur die Sinode van die NGK VS in Maart 2022 ontvang is, alle amptelike verslae wat in die ooreengekome prosesse sedertdien ontwikkel en voorgelê is, al die beskrywingspunte van die Buitengewone Sinode van 2023 wat aan die Algemene Sinode deurgestuur en waarop terugvoer ontvang is, asook die drie beskrywingspunte wat van gemeentes vir hierdie Buitengewone Sinode van die NGK VS 2024 ontvang is, behoorlik deur die Moderamen hanteer is en waar van toepassing in hierdie Verslag van die Moderamen aan die Buitengewone Sinode opgeneem en/of as Bylaes 1 tot 9 by die Agenda ingesluit is.

6.2 Die Moderamen bevestig dat die primêre saak waaroor die Buitengewone Sinode van die NGK VS op 3 Oktober 2024 moet beslis, die uitvoering van die besluit van die vorige Sinode in April 2023 is, naamlik Opsie E.5 en die vind van 'n welwillende weg vir ons kerkverband as geheel en spesifiek die gemeentes wat nie langer hul weg oopsien om met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie. Daarom is die Agenda van die Buitengewone Sinode ook geslote ten opsigte van die saak waaroor dit handel.

6.3 Die Moderamen besluit dat die Agenda en Bylae vir die Buitengewone Sinode soos vooraf elektronies aan gemeentes versend, digitaal ter insae beskikbaar is ter wille van 'n wye en deursigtige gesprek in die NGK VS, maar doen ook 'n beroep op alle leraars en lidmate om dit op 'n verantwoordelike wyse en met integriteit te hanteer ter wille van die groter saak wat hier vir ons as kerk op die spel is.

6.4 Die Moderamen besluit ter wille van goeie orde en 'n effektiewe tydsbenutting tydens die sitting self, dat amendemente komende van afgevaardigdes op enige van die beskrywingspunte ontvanklik sou kon wees, en skriftelik direk ná die konstituering van die Sinode by die skriba ingedien moet word. Die skriba, in oorleg met die Interimkomitee en STK, besluit oor die ordening van die amendemente om dan by die toeligtig van die betrokke beskrywingspunt aan die vergadering voorgehou en bespreek te word. Sou daar later deur die loop van die Sinode verdere amendemente op ander punte ingedien word, word dit ooreenkomstig die Reglement van Orde hanteer.

6.5 Die Moderamen besluit dat waarnemers toegelaat word om die Buitengewone Sinode by te woon, sonder spreekstem of stemreg; op voorwaarde dat hul vooraf sal registreer en die nodige kostes betaal; en dat dit steeds by die voorsitter en vergadering berus om sou die hantering van bepaalde momente in die bespreking van sake dit vereis, die Sinode vir 'n bepaalde sessie *in camera* kan gaan en dat waarnemers dan versoek mag word om die vergadering te verlaat.

6.6 Vanweë die sensitiewe aard van die proses waardeur die Buitengewone Sinode tot 'n billike besluit moet kom, die versugting dat finale duidelikheid daarvoor nou bereik sal word en uit bedagsaamheid teenoor almal teenwoordig, besluit die Moderamen dat geen elektroniese kommunikasie uit die vergadering na sosiale- of publieke media-platforms (bv. per stem- of video-opnames, WhatsApp, sms, e-pos of Facebook) toegelaat sal word nie. Om hierdie proses te beskerm, word daar 'n gedrukte weergawe van die Agenda by aankoms aan alle afgevaardigdes voorsien en word daar op die absolute samewerking van alle afgevaardigdes gereken.

6.7 Die Moderamen besluit dat volgens die Reglement van Orde, die konstituering van die Buitengewone Sinode onder leiding van die voorsitter van die Moderamen plaasvind (bygestaan deur die voorsitter van die STK), die vergadering daarna 'n voorsitter vir die sitting aanwys (by wyse van 'n ordemosie of nominasies en indien nodig, 'n stemming per geslote stembrief), en daar dan aan die voorsitter van die Moderamen geleentheid gegee word om 'n kort en gepaste openingsliturgie aan die hand van Jakobus 1 en 3 oor die wysheid wat van God kom, te lei. Hierna gaan die aangewese/verkose voorsitter van die Buitengewone Sinode voort om die vergadering verder te lei.

6.8 Die Moderamen besluit dat ná die konstituering en opening van die Buitengewone Sinode, hierdie Verslag van die Moderamen kortliks deur die voorsitter van die Moderamen toegelig sal word, die vergadering dit goedkeur, en waarna die orde dan as volg sal verloop:

a) Elkeen van die senders van die drie beskrywingspunte kry 'n spreekbeurt om hul beskrywingspunt toe te lig en te motiveer (10 minute).

b) Indien daar enige amendemente ingedien is en dit deur die skriba aan die vergadering deurgegee is, kry die insenders van daardie amendemente 'n kort spreekbeurt ter toeligtig en motivering van hul amendement (5 minute).

c) 'n Eerste gespreksronde in kleingroepe rondom die tafels (maksimum 45 minute), ter opheldering en oorweging van enige inligting voor die vergadering.

d) 'n Tweede, oop gespreksronde oor enige van die beskrywingspunte of amendemente wat aan die Sinode voorgehou is, en elke afgevaardigde sou 'n spreekbeurt van 3 minute kon benut. Aan die einde van hierdie gespreksronde, word 'n laaste geleentheid vir repliek aan die insenders van die beskrywingspunte gegun (5 minute).

e) Wanneer daar genoegsame bespreking was en die vergadering gereed is om te besluit, word enige amendemente wat ingedien is, eerste ter stemming gebring op elk van die beskrywingspunte soos van toepassing. Die Kerkorde (Regl. 3.4.11) lui dat wanneer die vergadering 'n voorstel (of beskrywingspunt) by wyse van 'n amendement gewysig het, is die gewysigde voorstel die nuwe voorstel voor die vergadering.

f) Ná amendering indien van toepassing, word die drie beskrywingspunte een ná die ander – dit wil sê eers Vrede (tree uit), dan Sasolburg Tuinedal (verdeel), dan Pellissier (verenig in oortuiging en herdefinieer verhouding) – in 'n geslote stemming (vertroulik) aan die orde gestel.

- Word die beskrywingspunt van Vrede met 'n meerderheid van stemme aanvaar (50% + 1), word dít die besluit van die Vrystaatse Sinode; indien dit nie aanvaar word nie, gaan die vergadering daartoe oor om oor die beskrywingspunt van Sasolburg-Tuinedal te stem.
- Word die beskrywingspunt van Sasolburg Tuinedal met 'n meerderheid van stemme aanvaar (50% + 1), word dít die besluit van die Vrystaatse Sinode; indien dit nie aanvaar word nie, gaan die vergadering daartoe oor om oor die beskrywingspunt van Pellissier te stem.
- Word die beskrywingspunt van Pellissier met 'n meerderheid van stemme aanvaar (50% + 1), word dít die besluit van die Vrystaatse Sinode.
- Indien hierdie beskrywingspunt ook nie aanvaar word nie, keer die vergadering terug na die besluit van die Buitengewone Sinode in April 2023 – naamlik die keuse vir "Opsie E", en oorweeg dan ander moontlikhede (sien punt i. hieronder).

g) Indien die vergadering dit nodig sou ag, kan 'n derde besprekingsronde ingeruim word, alvorens die Sinode 'n finale besluit neem.

h) By 'n staking van stemme word die voorsitter versoek word om nie sy beslissende stem te gebruik soos die Reglement van Orde bepaal nie, maar dat daar een keer oorgestem word, en indien daar dan weer 'n staking van stemme is, die lot gewerp word (vgl. VS Reglement 2, punt 2.2).

i) Indien daar verdere besluite nodig sou wees om uitvoering aan die besluit van die Sinode te gee of 'n welwillende weg vir gemeentes wat hul in die minderheid bevind moontlik te

maak – enige ander van die opsies in die Verslag van die Moderamen uiteengesit – gee die vergadering geleentheid vir verdere bespreking daarvan en kom dan tot aanvullende besluite, indien nodig.

j) Ná die bekendmaking van die finale stemming en besluitneming, word verdere kommunikasie oor die besluit van die Sinode aan die Moderamen opgedra, sowel as die voorstelle oor verdere verantwoordelikhede van die Moderamen na gelang van die spesifieke beskrywingspunt of opsie wat verkies is.

k) Die Moderamen besluit dat die notule van die Buitengewone Sinode binne sewe (7) dae gefinaliseer en amptelik deur die Moderamen goedgekeur sal word, waarna dit aan afgevaardigdes, kerkrade en gemeentes vir kennisname beskikbaar gestel sal word.

6.9 Ooreenkomstig die Reglement van Orde, besluit die Moderamen dat

a) 'n Verlofkommissie aangewys word uit personeel van die sinodale kerkkantoor wat (in oorleg met lede van die STK by die konstituering van die Sinode) en onder leiding van die skriba, noukeurig kontrole oor die getal afgevaardigdes en stemgeregtigdes in die vergadering sal uitoefen;

b) afgevaardigdes wat laat by die vergadering sou aankom, word versoek om by die Verlofkommissie aan te meld sodat die getal stemgeregtigdes vir die hele duur van die vergadering met sekerheid vas te stel is;

c) bevestig dat slegs afgevaardigdes wat met amptelike geloofsbriewe na die Sinode gestuur is, stemgeregtig is en aan die debatte mag deelneem;

d) afgevaardigdes neem in gemeenteverband en gemeentes in ringsverband hul plekke soos aangedui by die tafels in;

e) 'n Kommissie van Orde aangewys word, onder leiding van dr. Johan Nel (Seminariumbestuurder) en bestaande personeel van die sinodale kerkkantoor wat as stemtellers sal optree, met die STK in 'n deurlopende moniterende rol;

f) dat beide hierdie kommissies telkens sal bekendmaak hoeveel stemgeregtigdes in die vergadering teenwoordig is en wat 'n volstreekte meerderheid van stemme daarvolgens behoort te wees.

7 SLOT

Die Moderamen sluit hiermee sy verslag aan die tweede Buitengewone Sinode van hierdie termyn af, met die bede dat dié proses wat in Maart 2022 deur die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat aan hom opgedra is, aanstons tot voltooiing, afhandeling, berusting en versoening sal kan kom. Dit was 'n moeisame weg en hoewel dit nie altyd ons getuienis as Kerk van Christus tot eer gestrek het nie, het ons as Sinode grootliks met kalmte, waardigheid en billikheid teenoor almal probeer optree. Mag dít wel ook iets sê van ons getuienis oor die koningskap van Christus, ons Here.

Dit is nou tyd om as 'n Sinode tot 'n afsluiting van hierdie reis

te kom.

Ons wil ons dank betuig teenoor almal wat deur die afgelope dertig maande sedert Maart 2022, deur hul kundige insette, deelname en geduld tot hierdie reis en die uiteindelijke Agenda vir die Buitengewone Sinode van 2024 bygedra het. Mag dit 'n instrument wees in die hand van die Here aan Wie ons almal behoort, tot heil van sy kerk en koninkryk hier in die Vrystaat en Hy daardeur wysheid aan ons skenk en vrede in ons midde bewerkstellig.

SDG.

Moderamen van die NG Kerk Vrystaat 5 September 2024

Aanbeveling:

Die Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat op 3 Oktober 2024,

- 1. neem kennis van die inhoud van die Verslag van die Moderamen;**
- 2. neem die inligting daarin verskaf ter tafel wanneer die beskrywingspunte vir bespreking aan die orde kom; en**
- 3. aanvaar die ordereëlins soos deur die Moderamen goedgekeur, as werkswyse en prosedures vir hierdie Buitengewone Sinode.**

OPSIES VOOR BUITENGEWONE SINODE APRIL 2023

UIT DIE AGENDA VAN DIE BUITENGEWONE SINODE, 18 APRIL 2023

“Moet die NG Kerk Vrystaat uit algemeen sinodale verband tree kragtens Artikel 37?”

SES OPSIES

Die Agenda vir die Buitengewone Sinode van April 2023, het ses opsies wat deur die Moderamen in oorleg met 'n aantal studiegroepe en die Sinodale Taakspan Kerkorde voorberei was, aan die sinodesitting gestel. Die Vrystaatse Sinode is versoek om uitsluitel te kry oor die primêre vraag “Moet die NG Kerk Vrystaat uit algemene sinodale verband tree kragtens Artikel 37?”

Die ses opsies voor die Sinode was:

A. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat **neem nie nou 'n besluit** in terme van Artikel 37 van die Kerkorde nie.

Kort Motivering:

Soos ook ander sinodes (Goudland & Namibië) vir eers volstaan het met besluite, in afwagting van die uitkoms van die Algemene Sinode 2023, kan die Sinode van die NG Kerk Vrystaat ook besluit om nie nou 'n verdere besluit kragtens Artikel 37 te neem nie.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik.

Die implikasie van so 'n besluit is dat die beskrywingspunte van Maart 2022 nie verder behandel word nie, maar van kennis geneem en op die tafel van die Vrystaatse Sinode sou kon bly vir verdere oorweging. Hoewel dit mag lyk na uitstel of “te bang wees” om 'n besluit te neem, mag dit wel ook 'n goeie en deurdagte opsie wees om na verdere leiding deur die Gees te soek en tyd vir verdere nadenke te gee; “met tyd kom raad”. Daar is in die komende Algemene Sinode afgevaardigdes uit alle sinodale streke wat met dieselfde vrae as ons worstel en meerdere wysheid bring dalk beter leiding hieroor. 'n Besluit om nie nou verdere besluite te neem nie, mag dus weloorwoë en konstruktief wees.

Hierdie opsie hou geen kerkregtelike risiko of uitdagings in nie, behalwe dat daar lidmate mag wees wat nou gewoon mag besluit om die NG Kerk Vrystaat te verlaat omdat die kerk nie 'n besluit wou neem nie.

B. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat **neem nie 'n besluit** in terme van Artikel 37 van die Kerkorde nie, **maar versoek** die Algemene Sinode in Oktober 2023,

1. om Artikel 32 van die Kerkorde sodanig te wysig dat dit voorsiening maak vir die stigting van 'n afsonderlike teologies-kategoriale (elfde) sinode van die NG Kerk òf vir die omskepping van een van die bestaande (tien) sinodes in 'n teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk met “oop grense”, deur naamlik te lui dat “Die Sinode saamgestel (word) uit afgevaardigdes van gemeentes

wat verkieslik geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring deur die betrokke sinode/sinodale kommissie” (soos gemotiveer in Bylaag 16);

2. om ná die besluit om Artikel 32 sodanig te wysig, gunstige oorweging te skenk aan die moontlikheid om in beginsel, só 'n teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk tot stand te bring;
3. en om bestaande sinodes van die NG Kerk te versoek om dit vir gemeentes moontlik te maak om by so 'n teologies-kategoriale sinode aan te sluit en die prosesse van herindeling aan die hand van die Kerkorde verder te bestuur;
4. en gee kennis dat indien die Algemene Sinode van Oktober 2023 nie hierdie versoek goedkeur nie, die NG Kerk Vrystaat by 'n volgende gewone òf buitengewone sinodesitting finale opsies in die lig van die Algemene Sinode se besluite sal oorweeg, waarvan een 'n uitrede kragtens Artikel 37 kan wees.

Kort Motivering:

Die NG Kerk Vrystaat versoek hiermee die Algemene Sinode om in Oktober 2023 'n besluit te neem om die Kerkorde te wysig en 'n kerkregtelike proses te begin waardeur “ruimte gemaak word” vir die (twee) “vasgeloopde Skrifvertolkings” binne die NG Kerk en die uiteenlopende standpunte oor o.a. SGV. Anders as waar 'n kerkregtelike bepaling en konstitusionele bedeling (1862), geografiese faktore òf ander praktiese oorwegings (1962, 1995) in die verlede die basis was vir die verdeling van bestaande sinodes of daarstelling van 'n nuwe sinode van die NG Kerk (Art. 32) òf in die geval van kategoriale ringe 'n taalverskil, gaan dit hier om 'n teologiese verskil van oortuiging (t.o.v. Skrif- en belydenisbeskouing – Art. 1). Gemeentes word dus toegelaat om op 'n geordende wyse hulself in so 'n elfde sinode te hergroepeer òf om oor tradisionele geografiese grense, by 'n bestaande sinode wat sigself teologies-kategoriaal sou herdefinieer, aan te sluit. Dit sou só 'n nuwe teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk dan vrystaan om in die toekoms as geheel uit algemene sinodale verband te tree, kragtens Artikel 37.

'n Meer uitgebreide motivering waarmee die NG Kerk Vrystaat 'n bepaalde standpunt sou kon stel, is ontvang en word hierby as Bylaag 16 aangeheg. Dit kan, maar hoeft nie noodwendig as deel van Opsie B gelees te word nie.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik.

Die implikasies van so 'n besluit sou afhang van hoe die Algemene Sinode Artikel 32 wysig en daardie “teologies-kategoriale bepaling” definieer. Daarná sou die bekende implikasies van Artikel 37 gewoon verder van toepassing wees ('n samestellende kerk, met behoud van regte ens.). Só 'n hergroepering van gemeentes en aansluiting by 'n “elfde sinode” sal noodwendig ook impliseer dat 'n aantal Vrystaatse gemeentes daardie opsie mag uitoefen wat weer implikasies vir ringe, gemeenskaplike werksaamhede, bates en fondse van die huidige NG Kerk Vrystaat sal hê.

Hierdie opsie hou die kerkordelike risiko of uitdaging in dat

wanneer so 'n elfde sinode sou besluit om uit algemene sinodale verband te tree, dit op grondvlak gemeentes, leraars en lidmate se posisie in die NG Kerk sal verander.

In hierdie opsig moet die jongste advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR, 2 Maart 2023 – Bylaag 17) ook in ag geneem word.

C. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat **besluit om in geheel uit algemene sinodale verband te tree** op grond van beskrywingspunte wat in Maart 2022 uit gemeentes en ringe ontvang is en kragtens Artikel 37 van die Kerkorde, en begin daarmee 'n proses om kerklike eenheid in die Vrystaat te herstel.

Kort Motivering:

Die NG Kerk Vrystaat handhaaf haar kerklike selfstandigheid en teologiese identiteit o.g.v. Artikel 1 en belydenisoorwegings rakende kerkverband ens., en besluit om uit algemeen sinodale verband te tree en daarmee ook 'n proses van gesprekke binne ons eie sinode en tussen gemeentes te begin om die meningsverskille en vervreemding vanweë besluite oor SGV, die Bose, verbandhoudende etiese kwessies en teologiese opleiding met mekaar uit te klaar. Dit staan die NG Kerk Vrystaat dan ook vry om self eie ekumeniese verbinde ens. aan te gaan.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik. Trouens, 'n samestellende kerk soos die NG Kerk Vrystaat het die vryheid om dit te doen kragtens Artikel 37, d.w.s. sonder enige belemmering vanaf die NG Kerk in algemene sinodale verband. Op dié wyse word die beskrywingspunte van Maart 2022 dan hanteer, gerespekter en afgehandel.

Die kerkordelike implikasie hiervan is dat sodanige uittrede elke gemeente insluit wat deel is van die samestellende kerk, d.w.s. al die gemeentes van die NG Kerk Vrystaat (vgl Kerkorde Vrystaat, Besluite by Artikel 3, punt 3.1). So 'n uitgetrede kerk is met al sy gemeentes nie langer institusioneel en organisatories deel van die NG Kerk in algemene sinodale verband nie (Artikel 37, vgl die bewoording in die besluite van die Konvensie in die Handeling AS 1962: "... besluit die Konvensie nou tot herstel van die organisatoriese kerkverband deur die stigting van die Algemene Sinode van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk"). Dit beteken dat daar ook 'n besluit oor 'n "nuwe" Kerkorde vir hierdie uitgetrede kerk geneem sal moet word, en waarin daar uitdrukking gegee sal moet word oor sake soos lidmaatskap, beroepbaarheid en ander kwessies wat nou vanselfsprekend is vanweë ons onderlinge verbintenis aan mekaar. Tree die Vrystaat Sinode uit die verband met die Algemene Sinode, is hierdie onderlinge verbintenis en ooreenkomste nie meer vanselfsprekend en sal dit van vooraf onderhandel moet word. Die Algemene Sinode sou na alle waarskynlikheid Reglement 26 moet hersien en aanpas.

Daar is kerkregtelik bepaalde risiko's en uitdagings aan hierdie besluit verbonde. Die sinode van die samestellende kerk – die NG Kerk Vrystaat – kan die besluit om uit te tree selfstandig neem, ter vergadering, soos met enige ander besluit wat kerkordelik op die terrein van die sinode lê (vgl Kerkorde Artikel 35). Gemeentes hoef nie gekonsulteer te word nie, en hulle instemming hoef nie verkry te word nie. Dit sluit egter nie besware teen so 'n besluit uit nie. "Lidmate of 'n kerkraad

of 'n ring... kan... skriftelik by die Algemene Sinode daarteen appelleer" (AS Reglement 23, punt 4.4.1). Die appèlliggaam kan besluit om die uitvoering van die besluit op te skort tot by afhandeling van die appèl (AS Reglement 23, punt 4.1.5). Die Vrystaatse Sinode sou wel kón besluit om gemeentes vooraf eers op een of ander manier amptelik oor hierdie opsie te konsulteer en/of hulle instemming daarvoor te kry. Instemming kan ook by wyse van approbasie geskied, deurdat die sinode wag totdat alle gemeentes gereageer het en sou 'n meerderheid van gemeentes dit wel goedkeur, die besluit dan deur die Moderamen te laat bekragtig en na die Algemene Sinode deur te gee. Daar is geen kerkordelike beletsel teen so 'n werkswyse nie, maar dit sal baie goed bestuur moet word ten einde risiko's uit te skakel.

D. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om in beginsel **tydelik of ten dele** kragtens Artikel 37 uit algemene sinodale verband te tree, deur

1. die Algemene Sinode te versoek om Artikel 32 van die Kerkorde sodanig te wysig dat dit voorsiening maak vir die totstandkoming van 'n afsonderlike teologies-kategoriale sinode van die NG Kerk met "oop grense" sodat dit sal lui dat "Die Sinode saamgestel (word) uit afgevaardigdes van gemeentes wat verkieslik geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring deur die betrokke sinode/sinodale kommissie";

2. terselfdertyd aan die Algemene Sinode kennis te gee dat die NG Kerk in die Vrystaat in beginsel besluit het om in twee kerkvergaderinge te verdeel en met 'n ordelike proses tot daardie uiteinde begin het wat op die totstandkoming van 'n tweede – teologies-kategoriaal gedefinieerde – sinode van die NG Kerk Vrystaat kan uitloop;

en besluit voorts om na gelang van die Algemene Sinode se besluit oor 'n wysiging van Artikel 32 al dan nie,

3. of **as geheel tydelik** kragtens Artikel 37 uit algemeen sinodale verband te tree, en met 'n proses te begin om in twee kerkvergaderinge te verdeel wat uiteindelik daarop sal uitloop dat gemeentes wat binne algemeen sinodale verband wil bly op 'n vasgestelde ooreengekome datum weer sou kon terugtree na die Algemene Sinode en ander gemeentes wat nie in algemene sinodale verband wil bly nie, op hul eie weg vrygemaak van die Algemene Sinode verder sal kan gaan (sien punt 8 hieronder);

4. of om **eers 'n proses te begin om in twee kerkvergaderinge te verdeel** wat uiteindelik daarop sal uitloop dat gemeentes wat binne algemeen sinodale verband wil bly, gewoon voortgaan as NG Kerk Vrystaat, en dat ander gemeentes wat nie in algemeen sinodale verband wil bly nie, uiteindelik uit die NG Kerk Vrystaat kan tree en op hul eie weg vrygemaak van die Algemene Sinode sal kan voortgaan (sien punt 8 hieronder);

met dien verstande dat

5. op beide weë die proses van kommunikasie met die Algemene Sinode en die verdeling binne die NG Kerk Vrystaat onder leiding van die Moderamen sal verloop en aan die hand van 'n voorafvooreengekome Interimkerkorde (in geval van punt 3, "tydelike uittrede") of van die bestaande Kerkorde van die NG Kerk (in geval van punt 4, "eers verdeel en dan ten dele uittree"), en beide Vrystaatse kerkvergaderinge word versoek om hul eie verteenwoordigende leierskap te verkies met die oog op die nodige onderhandelinge;
 6. op beide weë daar 'n grasietydperk (2023) voorsien word waarin hierdie twee kerkvergaderinge binne die NG Kerk Vrystaat met mekaar onderhandel en ooreenkom rakende onderlinge verhoudinge, lidmaatskap, bevoegdhede, kerkorde, huidige gesamentlike werksaamhede en die verdeling van eiendomme, fondse en verpligtinge;
 7. op beide weë daar aan die begin van die proses wanneer die Sinode so 'n beginselbesluit neem én aan die einde van die proses wanneer alle onderhandelinge afgehandel en ooreenkomste gefinaliseer is, 'n grasietydperk aan gemeentes gegee word om te besluit by welke van die twee afsonderlike kerkvergaderings hul hulself wil voeg;
- en
8. word die proses van 'n verdeling van die NG Kerk Vrystaat by 'n volgende gewone of buitengewone sinodesitting in 2024 of 2025 voltrek.

Kort Motivering:

Dit is uit gesprekke die afgelope jaar duidelik dat daar twee uiteenlopende standpunte/posisies binne die NG Kerk Vrystaat bestaan (gemeentes wat met die AS 2019-besluit saamgaan en ruimte daarin vind; ander gemeentes wat die betekenis en implikasies van die AS 2019-besluit verwerp) en dat daar nie maklik 'n versoenbare middeweg vir hierdie gemeentes te vinde is nie. Die Sinode behou dus vir 'n interim tydperk die Kerkorde van die NG Kerk in Suid-Afrika (algemeen sinodaal) en begin binne daardie veilige en ordelike ruimte, skeidingsgesprekke en 'n verantwoordelike, billike kerkregtelike proses. Niemand word gedwing nie, maar dit staan gemeentes vry om twee keer – aan die begin en aan die einde van die proses – te kies volgens hul oortuiging in die lig van die Skrif. Dit stuur die proses dus nou in 'n definitiewe rigting, en die werklike uittrede uit die algemene sinodale verband vir gemeentes wat wil, word aan die einde van die proses amptelik voltrek.

Kerkregtelike Advies (STK):

Hierdie opsie is kerkordelik moontlik, maar moeilik. Artikel 32 van die Kerkorde sal in elk geval uiteindelik gewysig moet word (vgl. Opsie B) en die Algemene Sinode of die ASM (vgl. sy Reglement) sal so 'n verdeling moet goedkeur om aan daardie kerkvergadering wat van voorneme is om uit te tree, 'n "locus standi" te verleen – volgens die voetnota by Artikel 37 is dit net 'n "samestellende kerk" ("sinode") wat uit algemeen sinodale verband kan tree. Daardie "kerkvergadering" sal dus as 'n eie sinode gekonstitueer moet wees voordat hulle 'n besluit om uit te tree, sal kan neem; dit kan dus of vooraf die hele Vrystaatse Sinode wees of dan ná verdeling,

slegs een deel/die nuwe sinode wees ...

Die kerkordelike implikasie hier is in wese dat daar 'n (kleiner) elfde sinode binne die algemeen sinodale verband van die NG Kerk tot stand gaan kom, hoewel waarskynlik net vir 'n kort wyle – dus, tydelik.

Die kerkregtelike risiko of uitdaging is dieselfde as by Opsie B. Die een "Vrystaatse Sinode" sal dus nie meer geografies ingedeel wees nie, maar teologies-kategoriaal en dit sal praktiese uitdagings meebring van afstand, kostes en effektiewe funksionering asook die onderlinge verhoudinge met ander gemeentes in die "ouer" Vrystaatse Sinode. Die tweede weg – sien punt 4 (waar daar binne die ruimte van die huidige Kerkorde onderhandel word, sou die Algemene Sinode dit ook so goedkeur) – is nietemin 'n beter uitweg as die eerste – punt 3 – naamlik dat die hele sinode van die NG Kerk Vrystaat uit verband tree (Art. 37), daarna in twee sinodes verdeel en een deel (sinode) dan weer terugtree in algemene sinodale verband en die ander sy eie weg verder volg. Vir só 'n opsie – punt 3 – sou daar eers 'n nuwe interimkerkorde opgestel en goedgekeur moes word.

E. Die NG Kerk Vrystaat besluit om **nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, **maar** om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 **in gesprek te tree** en

1. haar standpunt ten opsigte van die Skrif en ons belydenisgrondslag as 'n gereformeerde kerkverband (soos gestel in besluite van die Sinode in Maart 2022 geneem) aan die Algemene Sinode deur te gee;
2. haar standpunt ten opsigte van sake soos in die genoemde beskrywingspunte van Maart 2022 geopper – ten opsigte van die huwelik, selfdegeslagverbintenisse en menslike seksualiteit; ten opsigte van die Bose; en ten opsigte van teologiese opleiding – by wyse van 'n beskrywingspunt(e) soos in BYLAAG 18 of BYLAAG 19 uiteengesit, aan die Algemene Sinode oor te dra;
3. in die lig van hierdie standpunte van die NG Kerk Vrystaat (punt 1 en 2 hierbo), die Algemene Sinode te versoek om genoemde ter saaklike besluite van 2019 en vroeër in heroorweging te neem;
4. binne die ruimte van die Kerkorde (Artikels 23 en 35) opnuut haar verhouding met die Algemene Sinode uit te klaar en dié in Oktober 2023 te versoek om oor die toekomstige funksionering van ons algemeen sinodale kerkverband te herbesin;
5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree.

Kort Motivering:

Die Sinode is oortuig dat daar binne die Kerkorde genoeg ruimte voorsien is vir 'n sinode soos die NG Kerk Vrystaat om kragtens ons gereformeerde kerkbegrip en kerkregering 'n eie standpunt oor teologies-etiese sake in te kan neem en om op grond daarvan met die algemene sinodale verband in gesprek te kan tree. Verder het verskeie studiegroepe, gemeentes, ringe en die streekskonferensies die afgelope twee jaar hul tyd en aandag gewy aan die bevestiging van ons eie standpunt oor die Skrif, ons belydenisgrondslag, ons verstaan van kerkverband en 'n aantal teologiese sake (ook oor opleiding) – dit kan inderdaad as een van die kerklike middele by wyse van 'n beskrywingspunt ook so aan die Algemene Sinode in Oktober oorgedra word. Terselfdertyd verstaan ons dat daar gemeentes is vir wie die einde van die pad reeds gekom het, en dat hulle in alle opsigte vry wil kom – die Sinode van die NG Kerk Vrystaat aanvaar dit so en maak die deur by wyse van spreke vir sulke gemeentes oop met die oog op 'n kerklik welwillende weg. Dit moet egter steeds “gepas en ordelik” en in die lig van die Skrif verloop, asook dienoreenkomstig die grondwetlike bestel waarin ons ons bevind.

Kerkregtelike Advies (STK):

Punte 1 tot 4 van hierdie opsie is volgens ons Kerkorde moontlik; dit is hoe ons ons kerkverband en funksionering verstaan. Punt 5 sou volgens Artikel 23.5 ook vir gemeentes moontlik wees om uit die kerkverband (dan NG Kerk Vrystaat) te tree, omdat die Kerkorde niks hiervoor òf hierteen stel nie, maar dan sou dit benewens kerkordelike bepalings ook aan siviël-regtelike vereistes moes voldoen, mits die hele gemeente daartoe instem (die sogenaamde “universitas-beginsel”).

Wat is die kerkordelike implikasies van so 'n besluit?

Van die implikasies by Opsie B sou ook hier geld. Die volgende sal egter baie goed inaggeneem moet word: Beteken “die hele gemeente” al die aktiewe lidmate of almal wie se name formeel in die lidmaatregister van die gemeente is? Die Vrystaatse Sinode se besluite by Kerkordeartikel 3 is ter sake: Punt 3.4.5 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsvoorregte in die gemeente wat hy verlaat, tensy hy skriftelik met die bepaalde gemeente reëlings betreffende sy voortgesette lidmaatskap getref het. Punt 3.4.6 Hy het geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente voordat sy attestat of bewys van lidmaatskap ingedien is nie. Aangesien die “universitas-beginsel” 'n siviele regsangeleentheid is, is dit verder ook moontlik dat slegs mondig lidmate hier ter sake is (21 jaar en ouer). Verdere regsadvies sal dus hier noodsaaklik wees indien 'n gemeente dié roete wil volg en sal kwessies soos lidmaatskap, beroepe, pensioen, fondse ens. vooraf onderhandel moet word.

In die lig van onsekerheid oor vrae soos hierbo gestel, sal daar waarskynlik eers regsekerheid verkry word wanneer 'n bepaalde geval in die siviele hof getoets is. Die sake in die geskiedenis tussen die VGKSA en die NGKA het perspektief hierop gebied, asook in die geval van die Hervormde Kerk, maar verskillende kontekste en kerkregtelike gronde (Kerkordes) moet deeglik verreken word. Die uitrede van 'n gemeente sal by gebrek aan 'n toepaslike kerkordelike reëling, siviël-regtelik geweeg moet word. Sien in hierdie verband ook die advies van die ATR (Bylaag 17).

F. Die Sinode van die NGK VS besluit **om nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie.

Kort motivering:

Uit gesprekke en bespreking tydens die 2022 Vrystaatse Sinode en die drie streekbyeenkomste in November 2022, blyk dit dat daar lidmate en leraars is wat nie ten gunste van uitrede is soos versoek in sommige beskrywingspunte nie, maar wat tevrede is met die besluite van die Algemene Sinode oor die sake wat in die beskrywingspunte en ander verslae voor die sinode gedien het, aangespreek is.

Kerkregtelike Advies (STK):

Dit is kerkordelik moontlik.

Die implikasie van so 'n besluit is dat die beskrywingspunte van Maart 2022 nie verder behandel word nie, maar van kennisgeneem en dit daarby gelaat word. Die Vrystaatse Sinode besluit ook nie om verder hieroor met die Algemene Sinode in gesprek te tree nie. Dit sou verstaan kon word as dat die Vrystaatse Sinode hiermee per implikasie kies teen versoeke vir 'n welwillende weg van verdeling, met al die implikasies wat so 'n keuse vir gemeentes inhou wat nie meer met die Algemene Sinode geassosieer wil wees nie.

Hierdie opsie hou dus kerkregtelik 'n risiko vir die NG Kerk Vrystaat in geheel in, aangesien gemeentes wat doleer of lidmate wat nie met die besluite van die Algemene Sinode 2019 wil saamgaan nie, eintlik dan net met een of meer van drie keuses gelaat word: Of hul berus by die besluit van die Vrystaatse Sinode, wat dan ook impliseer 'n berusting by die ruimtes wat deur die 2019-besluit van die Algemene Sinode geskep is; òf hul gaan die weg van oorreding op om as gemeentes met volle instemming van alle lidmate (sien die advies by Opsie E) uit die NG Kerk Vrystaat te tree; òf hul bedank as individuele lidmate en leraars uit hul gemeentes, wat beteken verlies van bevoegdheid en “voorregte” soos toegang tot die sakramente, deelname aan die pensioenfonds en mediese skema en ander groepsvoordele. Vir die NG Kerk Vrystaat as verband van gemeentes, mag dit gevolglik ook uitloop op verdere verdeeldheid en druk op die werksaamhede van die Sinode, met bv. 'n daling in pro rata-bydraes.

Uit hierdie opsies, het die Buitengewone Sinode van die NG Kerk op 18 April 23, **Opsie E** met as verdere motivering **Bylaag 19** gekies.

BESKRYWINGSPUNTE NGK VS EN BESLUIE AS OKTOBER 2023

BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT EN BESLUIE VAN DIE ALGEMENE SINODE DAAROO, OKTOBER 2023

Die beskrywingspunte wat deur die NG Kerk Vrystaat na aanleiding van haar sinodebesluit om met die Algemene Sinode in gesprek te tree, was die volgende – met onder elk, die besluit wat die Algemene Sinode in Oktober 2023 daaroor geneem het, daarby:

TWEDE BESKRYWINGSPUNT: OOR DIE SKRIF

Die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat versoek die Algemene Sinode van Oktober 2023 om kennis te neem van die volgende besluit wat tydens 'n buitengewone sinodesitting in Bloemfontein op 18 April 2023 geneem is, en om in die lig daarvan, haar eie belydenis ten opsigte van die Skrif te herbevestig en haar teologiese besinning en besluitneming bewustelik daardeur te laat rig:

1. Die NG Kerk Vrystaat bely dat die Bybel die Skrifgeworde Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);
2. bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2); in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10); en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad "van God is" (Johannes 16:13-14, NGB Art. 5); en
3. bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net één vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk, te soek.

Toeligting en motivering (uittreksel) ...

Die standpunt wat die NGK VS alreeds by haar sinode van Maart 2022 gestel het, wil in beskeidenheid ons oortuiging na twee kante toe duidelik maak: Enersyds wys ons 'n vry-sinnige onderwaardering en tewens loslating van die Skrif as geïnspireerde Woord van God af (dat 'n Bybelteks bloot "mensewoorde oor God" is en niks meer), en andersyds wys ons óók 'n fundamentalistiese verabsoluttering en losmaking van die Skrif uit die samehang van God se openbaring af (dat 'n Bybelteks letterlik en konteksloos net soos dit daar staan "Gods Woord aan mense" is en klaar). Ten diepste lê die "vasgelooptheid" waarna die Algemene Sinode van 2019

in sy besluit oor o.a. selfdegeslagverbintenisse verwys het, in die onmoontlikheid om dié twee uiteenlopende "Skrifbeskouings" te probeer versoen. Daartussen, egter, open die belydenis van ons kerkfamilie 'n steeds begaanbare weg en ons versoek is dat die Algemene Sinode van 2023 dié weg sal erken en self daarop gaan in haar besinning en besluitneming oor teologie, etiek en lewe.

Dit is 'n weg waarop die onlosmaaklike samehang tussen en dinamiese inwerking van Woord en Gees in ons hart en gewete, ons lei; dié twee – Woord en Gees – is in die Reformasie digby mekaar gehou. Redelik, maar nie rasionalisties; vroom, maar nie in 'n vae mistisisme nie. In die woorde van dr. Fanie Cronjé in ons Vrystaatse sinodesitting van 2017: "Ons bely dat die Bybel as Woord van God 'n kant het wat dieper as die rasonele, die logiese, die begripmatige, die verwoording lê. Dis nie òns wat met die Skrif handel nie; die Skrif handel met ons." Met ons álmal, bygesê, aan "weerskante". Só 'n weg is een waarop Christus as die vleesgeworde Woord en lewende Heer in 'n eeu en konteks wat baie anders geword het, steeds aan ons die heilsame "wil" en "wet" van God gee as 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons lewenspad (Psalm 119). Dit is geloofstaal, ons weet, maar daarmee wil ons iets sê oor die kompleksiteit van hierdie lees- en luisterproses – ons kerklike hermeneutiek – en waarvan ons ons nooit gemaklik maar mag onttrek deur òf alles in die Skrif te vereenvoudig en mense dus met "tekste" te veroordeel òf alles in die Skrif te problematiseer en dit daarom in die etiek eenkant toe te skuif nie. Ons kan nóg die Bybel deur wetenskap laat versnipper, nóg die Bybel deur willekeur losknip uit wat ons daaroor bely. In ons Nederlandse Geloofsbelijdenis (1561) is dit só uiteengesit: Artikels 3 tot 7 oor "die Heilige Skrif", wat volg ná Artikels 1 en 2 – oor Wie God is en sy skeppingswyse Selfopenbaring – en wat soos in 'n doksologie oorloop na Artikel 8 oor die Drie-Enigheid van God; "Oorsprong", "Woord" en "Krag". Só bely ons kerkfamilie oor die Bybel as heenwysing na Wie God waarlik was en is en sal wees. En ook dié belydenis, lees en vertolk en oordink ons hermeneuties verantwoord.

Ons pleit daarom – op ons weg deur hierdie eeu heen – vir meer geduld met mekaar, meer van 'n leerbare gees en meer groei in ons afhanklikheid van dié God wat tegelyk Spreker, Woord en Stem is en ons Hom in die Skrif laat ontmoet. By Hóm loop dit nooit vas nie, maar maak Hý ons deur sy Woord en Gees vry. Al neem dit tyd, 'n leeftyd soms.

Ons wil die Algemene Sinode versoek om haarself aan hierdie belydenis oor God se Woord soos in die beskrywingspunt hierbo uiteengesit, opnuut te verbind.

Die Algemene Sinode 2023 het as volg besluit:

Amendament 7:

Die Algemene Sinode aanvaar die beskrywingspunt (punte 1, 2 en 3) en die NG Kerk Vrystaat se belydenis aangaande die Skrif teen die agtergrond van ons gedeelde Godsbegrip soos uitgedruk in Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbe-

lydenis, nl. "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" (NGB Art 1).

Saam met die NG Kerk Vrystaat bely ons ook (NGB Art 2) dat God homself in die algemeen bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge, en in die besonder in sy Heilige en Goddelike Woord, die Bybel. Daarin word die wil van God volkome bevat en word alles wat die mens vir sy en haar saligheid moet glo, voldoende geleer. Daarom aanvaar ons dit ook as heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol / as bron van gesag.

So lees ons ook die geskrewe Woord van God in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes1:1-14, NGB Art 10); en deur die Heilige Gees wat in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad "van God is" (Johannes 16:13-14, NGB Art 5).

Daarom bevestig ons, saam met die NG Kerk Vrystaat, dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net één vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk, te soek.

Voorsteller: Carel Boshoff

Sekondant: Chris van Wyk

DERDE BESKRYWINGSPUNT: OOR SEKSUALITEIT, HUWELIK EN SGV:

1. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf; en
2. bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, soos ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag.
3. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat dat in sake menslike seksualiteit en kwessies rakende seksuele oriëntasie, die huwelik volgens ons vertolking van die Skrif, die Godgegewe veilige ruimte is waarin 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom, en dat ons daarom alle vorme van losbandigheid en promiskuiteit afkeur;
4. dat ons met die lig tot ons beskikking nie selfdegeslagverbintenisse as 'n alternatief vir die huwelik kan aanvaar nie;
5. dat ons diep onder die indruk is van die vernedering en

vervreemding wat in die afgelope dekades deur kerklike debatte oor hierdie aangeleentheid meegebring is, en versoek daarom dat dit nie bloot as 'n etiese- of kerkregtelike aangeleentheid hanteer sal word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien; en

6. versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om die besluit van 2019 oor selfdegeslagverbintenisse in die lig van bogenoemde (punte 1 tot 3) te vertolk en daarmee te volstaan.

Toeligting en motivering (uittreksel) ...

Die NG Kerk in die Vrystaat (NGK VS) het tydens haar 54ste sinodesitting in Maart 2022 in Bloemfontein, 'n aantal beskrywingspunte van gemeentes en twee ringe ontvang asook 'n verslag van ons Sinodale Taakspan Aktuele- en Leersake (STALS), waarin daar ernstige kritiek uitgespreek is op die besluite van die AS 2019 oor selfdegeslagverbintenisse (SGV) en verbandhoudende morele aspekte. Reeds in 2017 het die Vrystaatse Sinode hieroor as volg besluit:

"Die Sinode volstaan by die 2016 (Algemene) Sinode-besluit oor selfdegeslagverhoudings... (en) besluit om 'n taakspan saam te stel om die moderamen te bedien met 'n prosesvoorstel waarin voorstelle gemaak word vir 'n wye gesprek in die kerk oor ons verstaan van God, mensbeskouing en menseverhoudinge, waarin daar veral ook gefokus word op seksualiteit en selfdegeslagverhoudings; 'n prosesvoorstel wat moet handel oor die skep van waardes vir hierdie gesprek ten einde veilige ruimtes te skep waarbinne ons na die Woord, mekaar en ander kan luister. Die taakspan moet inklusief saamgestel word, wat ook kundiges op ander terreine as die teologie insluit. Indien die moderamen die taakspan se prosesvoorstel aanvaar, implementeer hulle hierdie voorstelle op geloofsonderskeidende wyse ten einde 'n kultuur te ontwikkel waar gespreksgenote gehelp word om te soek na dit wat ons bymekaar hou, eerder as dit wat ons verdeel."

Hierdie prosesvoorstel is uiteindelik nie ontwikkel en soos voorsien geïmplementeer nie, weens 'n verskeidenheid van faktore waaronder die hofuitspraak van 2018 en die Algemene Sinode (AS) se besluit van 2019 (en waardeur per implikasie die 2016-besluit ter syde gestel is), die koms van die tweejaarlanse Covid-inperkings en die wisseling van leierskap in die NG Kerk Vrystaat. Intussen het die meeste gemeentes wat hulself sedert toe as "dolerend" verklaar het – in die Vrystaat amptelik 19 gemeentes (uit 153) – die AS 2019-besluit as hooforsaak aangedui vir waarom hul treur oor die toestand in die NG Kerk.

Die Algemene Sinode 2023 se besluit in hierdie verband was omvattend, en die uitkoms van 'n indringende besinning tydens die sinodesitting, en het uiteindelik as volg gelui:

1. Die Algemene Sinode 2023,

1.1 het kennis geneem van al die verslae, beskrywingspunte en gravamina oor die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverbintenisse. Hierdie stukke was vooraf in die

agenda opgeneem en is aan die vergadering voorgelê;

1.2 het na aanleiding van hierdie dokumente opnuut 'n openhartige geloofsonderskeidende gesprek oor die 2019-besluit gevoer. Daar is onder andere in kleiner tafelgesprekke én in die groter vergadering na 'n verskeidenheid van standpunte geluister;

1.3 het onder die indruk gekom van verwarring, verwonding en vervreemding wat deur baie lidmate oor 'n lang tydperk in hierdie proses beleef is. Ons is opreg jammer dat dít gebeur het;

1.4 erken dat daar 'n diepe verdeeldheid hieroor in ons kerkverband bestaan. Dit belemmer ons meelewing met mekaar, ons getuienis oor die versoening in Christus, en ons vervulling van ons roeping; en

1.5 het óók bewus geword dat daar 'n opregte verlange in ons Kerk leef na groter eensgesindheid in ons getuienis en roeping nou, al ís ons in hierdie saak nie eenstemmig nie.

2. Die Algemene Sinode 2023 bevestig

2.1 dat ons voortgesette nadenke, gesprek en besluitneming oor menslike seksualiteit en selfdegeslagverbintenisse, ten diepste voortvloei uit ons belydenis oor die Skrif as Woord van God. Ons gebed is dat wanneer ons dit lees, ons deur God geleidelik sal word tot meer geduld met mekaar, 'n beter verstaan van sy boodskap aan ons, en 'n groter afhanklikheid van God; en

2.2 dat ons nadenke, gesprek en besluitneming oor selfdegeslagverbintenisse binne die raamwerk van ons Kerkorde én die grondwet en regstelsels van ons onderskeie lande geskied. Daarin word die beginsels van nie-diskriminasie, die waardigheid van alle mense en die vryheid van geloofsoortuiging en -assosiasie beskerm.

3. In die lig van bogenoemde, volstaan die Algemene Sinode 2023 daarom met die besluit van 2019, en beklemtoon ons:

3.1 dat die huwelik as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou, 'n Godgegewe veilige ruimte is waarin die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom;

3.2 dat daar onder ons verskillende sieninge oor die status van selfdegeslagverbintenisse bestaan;

3.3 dat alle vorme van losbandigheid en promiskuiteit verwerp word;

3.4 dat daar ruimte geskep is vir kerkrade en predikante wat hul weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig, asook vir hulle wat nie hul weg daartoe oopsien nie.

4. Die Algemene Sinode 2023 besluit derhalwe,

om in die uitvoering van hierdie besluit, dit nie net as 'n etiese- of kerkregtelike kwessie te hanteer nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medege-lowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien.

5. Die Algemene Sinode

5.1 wysig Artikel 32 van ons Kerkorde sodat dit sal lui:

“32.1 Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek van en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s).

32.2 Gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel, doen aansoek by beide die betrokke sinodes/sinodale kommissies (vgl voetnota 1 wat dit oorweeg aan die hand van die prosedures soos deur die Algemene Sinode/Algemene Sinode Moderamen vasgestel. Indien beide die betrokke sinodes/sinodale kommissies die aansoek goedkeur, word dit aan die Algemene Sinode/Algemene Sinode Moderamen voorgelê vir goedkeuring.”

5.2 besluit om aan die hand van Artikel 45 van die inwerkingstelling van die wysiging op te skort onderhewig daaraan dat –

a) Die besluit verwys word na samestellende sinodes/sinodale kommissies om insette van hul te bekom ten opsigte van die prosedure vir die uitvoering van Artikel 32; en

b) die insette soos bekom deur die ASM in oorleg met die ATR goedgekeur is.

6. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen (ASM) op om:

6.1 in konstruktiewe gesprek met die samestellende sinodes oor ons besluit rakende selfdegeslagverbintenisse en hul hantering van die besluit, te bly; en

6.2 om die samestellende sinodes en ringe in daardie sinodes, konstruktief te ondersteun in hul verdere gesprekke met gemeentes, kerkrade, leraars en lidmate wat 'n behoefte daartoe het.

(die onderstreepte gedeeltes in paragraaf 3 en 4 kom uit die beskrywingspunt van die NG Kerk Vrystaat).

VIERDE BESKRYWINGSPUNT: OOR ONS GEREFORMEERDE BELYDENIS, CHRISTUS EN DIE BOSE:

1. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;

2. bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, soos ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag; en

3. is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose.
4. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode in Maart 2022 gedien het, as volg:
5. Dat in sake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die Apostolicum en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons eredienste verkondig word;
6. dat wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid van spreke daarvoor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer;
7. dat ons daarom gelowiges wil oproep om te leef as getuies “van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig” (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die “Onse Vader” te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van “ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52);
8. versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om in besluite oor sake rakende die inhoud van ons geloofsbelydenis en ander aktuele sake, geloofsonderskeidend met die Skrif en ons belydenisgrondslag om te gaan en te waak teen standpunte en uitsprake wat lidmate en leraars hieroor mag verwar; en
9. om daarom die besluite van 2011, 2013 en 2015 oor die Bediening van Bevryding en die Bose in die lig van bogenoemde (punte 5 tot 8) te vertolk en daarmee te volstaan.

Oor hierdie beskrywingspunt het die AS 2023 as volg besluit:

Aanbeveling:

3.1. Die Algemene Sinode keur die beskrywingspunt van Vrystaat Sinode (Addendum Bundel bl.155-156, punte 5-9) goed:

- a) Dat in sake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die Apostolicum en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons eredienste verkondig word;*
- b) Wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid*

van spreke daarvoor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer;

c) Dat ons daarom gelowiges wil oproep om te leef as getuies “van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig” (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die “Onse Vader” te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van “ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52);

d) Versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om in besluite oor sake rakende die inhoud van ons geloofsbelydenis en ander aktuele sake, geloofsonderskeidend met die Skrif en ons belydenisgrondslag om te gaan en te waak teen standpunte en uitsprake wat lidmate en leraars hieroor mag verwar; en

e) Om daarom die besluite van 2011, 2013 en 2015 oor die Bediening van die Bevryding en Bose in die lig van bogenoemde (punte 5 tot 8) van die beskrywingspunt te verstaan.

3.2. Die Algemene Sinode neem kennis van die drie ander gravamina wat oor die Bose handel (G2, G5 en G6).

Aanbeveling goedgekeur.

VYFDE BESKRYWINGSPUNT: OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

1. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf ...

(oorspronlike punte 2 en 3 uitgelaat – herhaal, soos bo)

2. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode in Maart 2022 gedien het, as volg:
3. Dat in sake teologiese opleiding, ons die kompleksiteite van 'n nuwe konteks vir Hoër Onderwys aan publieke universiteite en in ekumeniese fakulteite vir teologie erken, en óók die besorgdhede wat daar in gemeentes hieroor bestaan met die oog op die opleiding van leraars en bedienaars van die Woord vir ons gemeentes;
4. dat ons opnuut die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat versoek om met groot verantwoordelikheid en getrou aan ons gereformeerde belydenisgrondslag, die vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat so te bestuur dat sowel die akademiese opleiding van teologie studente uit die NG Kerk asook hul kerklike vorming en begeleiding in ons Seminarium, tot volle ontplooiing kan kom;
5. dat ons die Kuratorium versoek om deurlopend by die ontwikkeling van kurrikula en die assessering van studente en die opleiding in geheel, betrokke te bly en aan die kerkverband hieroor verslag te lewer; en
6. dat hoewel legitimasie en akkreditasie van opleiding 'n funksie van die Algemene Sinode is soos deur ons Kerkorde bepaal, ons die Algemene Sinode van 2023 versoek om sinodes soos dié van die NG Kerk Vrystaat as

die primêre verantwoordelike liggaam te ondersteun vir die ontwikkeling, plaaslike aanbieding en kerklike begeleiding van teologiese opleiding en -studente vanaf hul eerste jaar van opleiding en in al die diverse bane van opleiding.

Die beskrywingspunt van die Vrystaatse Sinode oor teologiese opleiding is deur die Algemene Sinode 2023 van kennisgeneem en vir verdere hantering na die Algemene Kuratorium verwys.

SESDE BESKRYWINGS PUNT: OOR KERKBEGRIIP, KERKVERBAND EN 'N TOEKOMSSCENARIO

1. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf; ...

(oorspronlike punte 2 en 3 uitgelaat – herhaal, soos bo)

2. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode in Maart 2022 gedien het, as volg:
3. Dat in sake die toekoms van ons kerkverband, ons vashou aan die belydenis van wat ons glo oor die “een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges” soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir ‘n onsekere toekoms, ons onself aan dié belydenis sal bly oriënteer en daardeur laat lei; en
4. dat ons daarom die Algemene Sinode van 2023 versoek om haar uitgangspunte, onderliggende kerkbegrip, formuleringe en doelwitte van ‘n “toekomsscenario” vir ons kerkverband, in die lig van die Skrif en ons belydenis te heroorweeg.

Hieroor het die Algemene Sinode as volg besluit:

59.1 Beskrywingspunt B9 (Addendum, pp162-163)

5 Dat in sake die toekoms van ons kerkverband, ons vashou aan die belydenis van wat ons glo oor die “een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges” soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir ‘n onsekere toekoms, ons onself aan dié belydenis sal bly oriënteer en daardeur laat lei; en

6 dat ons daarom die Algemene Sinode van 2023 versoek om haar uitgangspunte, onderliggende kerkbegrip, formuleringe en doelwitte van ‘n “toekomsscenario” vir ons kerkverband, in die lig van die Skrif en ons belydenis te heroorweeg.

Beskrywingspunte B5.5 en B5.6 word goedgekeur.

EERSTE HERDERLIKE BRIEF ALGEMENE SINODE OKTOBER 2023



HERDERLIKE BRIEF VAN DIE ALGEMENE SINODE 2023

“Gaan voor ons uit, Here”

Geagte broers en susters, vriende –

Die 18e Algemene Sinode van die NG Kerk in Suider-Afrika het op Vrydag, 20 Oktober 2023 met die Onse Vader-gebed, Lied 354 en die Aäronitiese seënbede afgesluit – gebede van nederige afhanklikheid van God, en ‘n Adventslied wat lui:

*“O Christus, ons verlange, U het ons heil gebring.
Sal ooit ons jubelsange, u lof na waarde sing?”*

Daar wás rede tot dank en lof in ons byeenkoms by Birchwood, Boksburg.

Aan die begin van die sinodesitting, Sondagaand, 15 Oktober, het ons Eksodus 33:12-23 gelees; die bekende verhaal van ‘n diep persoonlike gesprek tussen Moses en God, net ná die tragiese gebeure rondom die goue kalf en die verskriklike impak daarvan op die uittoegverhaal van Israel: God wat sê dat Hy nie verder met Israel kan meegaan, “Ek sal nie in jou midde optrek nie, omdat jy ‘n hardnekkige volk is...” (Eks. 33:3). Moses wat pleit: “As U teenwoordigheid nie saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat optrek nie” (Eks. 33:15). Elke oggend van die sinodesitting het ons hierdie gesprek wéér gelees, en ons verdiep in die verlange na en die beloftes van God se teenwoordigheid. Ons het opnuut besef dat vanweë ons gebroke menslikheid en sonde, ons nie op Sy teenwoordigheid aanspraak kan maak asof óns bepaal wanneer en hoe Hy by ons moet wees of waarlangs die pad moet lei nie, maar dat ons ‘n toevlug vind onder God se ontfermende hand – Hý is “‘n barmhartige en genadige God, geduldig, oorfloedig in troue liefde en waarheid” (Eks. 34:6). Daarom het ons ook elke middag met verootmoediging begin en dié woorde uit die profesie van Miga 6 nágebid:

*“Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan, my neerbuig voor die verhewe God?
Wat anders eis die Here van jou, mens,
as om net te doen wat reg is,
om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?”*

As daar ‘n eerste blywende indruk van die afgelope Algemene Sinode was, dan is dit dít: Dat die NG Kerk in Suider-Afrika haarself nederig tot God wóu wend, soekend na ‘n weg vorentoe in ons lande en getrou aan die roeping wat ons van Hóm ontvang. Die belangrikste besluit in Birchwood was daarom dié een oor ons verbintenis aan die **Woord van God**:

“Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar ‘n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem ... Ons bely dat God Homself in die algemeen bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge, en in die besonder in sy heilige en Goddelike Woord, die Bybel ... So lees ons die geskrewe Woord van God in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe; en deur die Heilige Gees wat in ons hart getuig dat hierdie Woord opnuut in al die gestaltes daarvan inderdaad van God is.”

In hierdie gees het die Algemene Sinode Sondagaand staande met die Geloofsbelydenis van Nicea begin en Vrydagmiddag met die Apostoliese Geloofsbelydenis afgesluit – dít is wie ons as NG Kerke is. Ons **belydenis** is nie net ‘n tradisie of oriënteringspunt nie, maar ‘n getuie uit ons harte. Dít was die tweede belangrike besluit van die vergadering:

“In sake ons geloofsbelydenis aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser en die Heilige Gees as ons Trooster, verstaan ons as Sinode dit in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons erediensverkondig word.”

Ons verbintenis aan die Skrif en belydenis, aan ‘n gereformeerde kerkbegrip en aan ons roeping en kontekste, het duidelik geword in besprekings en besluite oor drie groepe van sake: Oor **aktuele kwessies** soos ons publieke getuie-nis, geregtigheid in die samelewing, menslike seksualiteit en reprodusktiewe gesondheid – en hierin het die Algemene Sinode gekies vir ‘n weg van ewewigtigheid en oorleg, terug na sinodes, ringe en gemeentes. Een voorbeeld hiervan was die besluit oor intergodsdienstige verhoudinge in ons lande:

“Die Algemene Sinode (AS) spreek dank uit teenoor die Algemene Taakspan Leer- en Aktuele Sake (ATLAS) vir hul vorderingsverslag asook kommentaar van die vloer van die AS hieroor. ATLAS word versoek om ‘n opgedateerde verslag aan die tien samestellende sinodes te bedien ... (en) neem ons belydenis van die Drie-Enige God as vertrekpunt daarvoor en verwerp alle vorme van sinkretisme. Voortspruitend hieruit kan ‘n gespreksgids deur ATLAS en die Taakspan Evangelisasie ontwikkel word wat konkrete leiding aan Christene gee in hul omgang met mense van ander gelowe, ook in publieke ruimtes. Die AS versoek dat hierdie gespreksgids voorgelê word aan die AS in sitting in 2027. Die AS versoek ATLAS ook om ‘n werkgroep aan te wys om ondersoek te doen na die kenmerke, oortuigings en behoeftes van mense wat hulself nie met enige godsdiensgroepering assosieer nie, met verslagdoening aan die AS van 2027.”

‘n Ander voorbeeld is die besluit oor die verskriklike geweld wat net ‘n week vóór die Algemene Sinode, in Palestina losgebars het:

“Die Algemene Sinode bely dat alle mense na die beeld van God geskape is en dat die Woord van God ‘n bron van lewe is... (en) betreur die opvlamming van gewapende geweld in Palestina en Israel, roep gemeentes en lidmate op om deurgaans

te bly bid vir vrede, geregtigheid en versoening in daardie wêrelddeel ... (en) spreek sy steun uit vir oproepe dat inter-nasionale menseregterwette konsekwent deur alle groepe in Palestina en Israel toegepas word."

'n Tweede groep sake waarvoor goeie verslae ontvang en konstruktiewe besluite geneem is, raak ons **missionale roeping**. Uit die verslae van verskillende taakspanne het die omvang van NG Kerke se betrokkenheid by noodleniging in ons samelewings geblyk en is dit opnuut deur die Algemene Sinode as 'n prioriteit gestel. Die versterking van 'n goed ge-koördineerde netwerk om op natuurlike- en mensgemaakte rampe te kan reageer geniet dringende aandag, maar ook voorkomende aksies om verskillende kwesbare groepe in ons lande te ondersteun: Voorskoolse kinders, vroue, bejaardes, arm mense, vreemdelinge. Daarmee saam het die Algemene Sinode klem gelê op inisiatiewe en projekte vir evangelisasie en waar nodig, die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe om na medemense uit te reik met die boodskap van die lig, liefde en hoop in Christus. Roetemerkers vir die begeleiding en geloofsvorming van ons kinders en jongmense is bespreek en hulp hiermee vir gemeentes gaan verder ontwikkel word. Teologiese opleiding en die voorsiening van geroepe en bekwame bedienaars van die Woord wat in 'n verskeidenheid van kontekste sal kan werk, is ook hanteer.

'n Derde groep sake en besluite, het gehandel oor **ons kerkverband**, fokusareas in ons roeping vorentoe, eku-meniese verhoudinge, die samestelling van die Algemene Sinode, die verteenwoordiging van alle sinodes in taakspanne van die Algemene Sinode, en al die nodige kerkordelike reëlins daarvoor. Tans word Kerkorde 2023 deur die Algemene Taakspan Regte (ATR) in die lig van hierdie besluite gefinaliseer en sal dit eersdaags amptelik beskikbaar wees. Die notule van die sinodesitting is deur die Algemene Sinode Moderamen (ASM) goedgekeur en alle besluite word op die amptelike webwerf van die NG Kerk gepubliseer. By die ASM se eerste vergadering eind-Februarie 2024 sal die uitvoering van besluite momentum kry.

Die bespreking rakende die **2019-besluit** van die Algemene Sinode oor selfdegeslag-verbintenisse (SGV) het baie tyd en aandag van die vergadering in beslag geneem. Die meer as twintig beskrywingspunte en gravamina wat daarvoor ontvang is, is vooraf in die Agenda opgeneem en gepubliseer, en ook na verskeie taakspanne verwys om ons oor die hantering daarvan te adviseer. Drie sessies tydens die sinodesitting het aan afgevaardigdes geleentheid gegee om in tafelgesprekke en 'n oop debat hul standpunte hieroor te lug en geduldig na mekaar te luister. Ons sou nog verder oor bepaalde beskrywingspunte kón praat, maar gegewe die tyd tot ons beskikking, was die uiteindelijke besluit 'n poging om alle insette wat ontvang is daarin op te neem en 'n konsensus te bereik – só is dit ook deur die vergadering aanvaar. Die **2023-besluit** bestaan uit vier dele:

- Eerstens oor die proses wat gevolg is en dat kennisgeneem is van alle verslae, gravamina en beskrywingspunte oor selfdegeslag-verbintenisse; dat ons jammer is oor verwarring, verwonding, vervreemding en verdeeldheid wat hieroor in ons kerkverband bestaan; en dat ons diep bewus is van 'n versugting in ons kerkverband na groter eensgesindheid in ons meelewing, getuienis en

roeping al is ons nie in hierdie saak eenstemmig nie.

- Tweedens, in ons nadenke en voortgesette gesprekke oor menslike seksualiteit en selfdegeslagverbintenisse, is ons verbind aan die Skrif as Woord van God en die leiding van sy Gees daarin én het ons bevestig dat ons besluitneming binne die raamwerk van die huidige grondwetlike-, juridiese- en kerkordelike bestel in ons onderskeie lande plaasvind, waarin die beginsels van nie-diskriminasie, die waardigheid van alle mense en die vryheid van geloofsoortuiging en -assosiasie beskerm word.
- Derdens, dat ons daarom volstaan met die 2019-besluit, deur te beklemtoon dat die huwelik vir ons die Godgewe veilige ruimte vir 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is en wat berus op die waardes van liefdestrou en respek; dat ons aanvaar dat daar 'n diversiteit van sieninge oor die status van selfdegeslagverbintenisse bestaan; dat ons alle vorme van losbandigheid en promiskuiteit verwerp; en dat ons ruimte skep vir kerkvergaderinge en predikante om oor die bevestiging van selfdegeslag-verbintenisse eie besluite te kan neem.
- En ten slotte – oor die hantering van die besluit – dat dit primêr 'n aangeleentheid is wat pastoraal in die konteks van plaaslike gemeentes hanteer moet word, waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien; dat Kerkorde Artikel 32 so gewysig word dat gemeentes hul oor geografiese grense sou kon voeg by 'n ander sinode by wie se standpunte hieroor hul meer tuisvoel; dat dit aan die ATR en ASM opgedra word om so spoedig moontlik en in oorleg met al die sinodes die prosedure vir hierdie kerkorde-like weg uit te klaar en dit dan aan gemeentes te kommunikeer; en dat die ASM hieroor in konstruktiewe gesprek met samestellende sinodes en dié weer met ringe en gemeentes sal bly sodat ons 'n welwillende, verantwoordelike en kerkordelik begaanbare weg met mekaar sal vind.

Is die bede van die Algemene Sinode 2023 dat die Here voor ons uit sal gaan en ons 'n weg die toekoms in sal wys, gehoor? Die tyd sal leer, want dít was die Here se antwoord aan Moses: "... *totdat Ek verby is. Dan sal Ek my handpalm wegneem, en jy sal My van agter sien*" (Eks. 33:23). Ons het hierdie verhaal in die lig van Johannes 1:14 en 2 Korintiërs 3:17-18 gelees, en doen dit steeds so in geloofsvertroue. Ook die NG Kerk in haar breedste verband, behoort ten diepste aan God; Hý ken ons naam en laat ons guns vind in sy oë (Eks. 33:12) – dáárop hoop ons nederig, afhanklik en dankbaar. Laat ons mekaar dan ook hiermee bemoedig.

Ons wens u as lidmate van NG Kerke in Suider-Afrika, 'n gesêende Advent- en Kerstyd toe, gedagtig daaraan dat die Christusnaam "Immanuel" is – God bý ons teenwoordig. Mag Hy sy genade en vrede ryklik skenk van die Kaap tot verderkant die Vaal en Limpopo, van Natal tot Namibië, in stad en op die platteland, in huis en haard, in gemeentes én gemeenskappe.



Ds. Jan Lubbe

Voorstatter: Moderamen van die Algemene Sinode 2023

Ons Roeping 200+

God Drie-Enig roep ons.

Ons Vader roep ons deur sy Woord en Gees,
na 'n toekoms waar Jesus reeds is.

Op die weg daarheen,
roep God ons om Hóm te vertrou,
wanneer ons na Sy teenwoordigheid verlang
en smag na die heling wat Hý skenk.
God roep ons om onderweg,
nederig na Sý stem te luister,
en dankbaar vir die verlossing in Christus,
Hóm te volg.

God stuur ons – so het ons gehoor –
om as 'n familie van gereformeerde kerke,
in ons verskeidenheid van kulture, tale en gawes
én verenig in geloof, hoop en liefde,
lig en sout vir die wêreld te wees.

Ons word gestuur...

- ... om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus se Evangelie, sy geregtigheid en vrede; (kerugma)
- ... om in gemeentes veilige, vriendelike tuistes te help skep, waar mense dissipels van Jesus kan wees; (koinonia)
- ... om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die verligting van nood en die bediening van hoop; (diakonia)
- ... om in ons geloof en aanbidding te groei, toegerus om leiding te neem in die bediening van sy Woord en dié roeping wat God op ons harte lê. (leitourgia)

“Ons wil doen wat reg is,
ons wil liefde bewys,
ons wil lewe voor U,
bedagsaam loop.”

Só lui ons Sinodelied van 2023.

Só wil ons God volg,
ons Vader, Verlosser en Trooster.





**HERDERLIKE BRIEF BY DIE BEGIN VAN DIE LENTE
2024**

“Kom ons saai geregtigheid in vrede”

“Wie onder julle is wys en verstandig?

*Die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer, en verder ook
vredeliewend,*

*bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig
en ongeveins.*

*En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat
vrede maak.”*

(Jakobus 3:13, 17-18)

Geagte broers en susters, vriende –

Die afgelope Sondag het ons die Bybel in Afrikaans, ons moedertaal, gedenk. 'n Moedertaal, gebore aan die voet van die berg aan die suidpunt van Afrika. Gebore uit die behoefte om oor grense te kan praat met mense: Khoikhoen herders, Portugese seevaarders, Maleise slawe, Hollandse handelaars, Franse vlugtelingen, Morawiese sendelinge, Xhosa, Griekwa en Sotho anderkant die groot riviere. Afrikaans het 'n huistaal geword, reistaal, kerktaal, landstaal. In dié taal het ons Gods Woord leer lees, liefkry en leef; dié Woord wat ons oproep tot geloof, hoop en liefde.

Hieroor wil ons uit die hart aan jul skryf.

Die NG Kerk in Suider-Afrika is 'n kerkfamilie gebore uit die Woord van God. Ons bely dat ons dit ontdek in sy Skepping en sorg, seisoen ná seisoen, selfs wanneer die Skepping sug. Ons bely dat ons sy Woord in die Skrif lees, deur eeue oorgelewer, vertaal en vertolk, sodat ons kinders dit ook in nuwe kontekste kan glo. Ons bely dat ons sy Woord in Christus ontmoet, die mensgeworde Woord wat ons roep tot 'n lewende verhouding met Hom. Ons bely dat ons sy Woord hoor, deur die Gees ingefluister diep in ons binneste; Hy maak dit 'n lamp vir ons voet. Ons bely dat ons dit nie altyd verstaan en dikwels nie gehoorsaam – ons is gebroke mense, ons insig beperk, ons wil verhard. Ons bely dat ons nie altyd eenstemmig is oor presies wat die toepassing van Gods Woord in spesifieke omstandighede is nie, byvoorbeeld wanneer ons nadink oor die begin en einde van lewe, oor menslike seksualiteit, oor ekologie en ekonomie. Daarom lees ons dié Woord luisterend, saám met ál God se kinders wat in eenvoud en vertrouwe na sý Stem daarin soek, met broers en susters in die ekumene, met gelowiges wat in die wetenskappe óók God se handewerk en wil naspeur. Aan die eenkant stuur ons weg van 'n fundamentalisme wat die letters van die Bybel 'n starre

wet wil maak; aan die anderkant van 'n vrysinnigheid wat eie rede en oortuigings bó die getuienis van die Gees verhef. Alleen Gód se Woord bly ewig; verbum Dei manet in aeternum (Jesaja 40:8) – nie óns, menslike verklarings daarvan. **Laat ons daarom ophou om mekaar te verketter.**

Die NG Kerk in Suider-Afrika is as gereformeerde kerkverband getoë en gelouter deur ons eeue-oue belydenis oor God Drie-Enig en Sy verlossingswerk in ons lewens. Wat ons oor Christus glo – God uit God, Lig uit Lig; vleesgeword deur die Gees, gebore uit die maagd, verneder, gely, gesterwe, opgestaan, nou lewend aan Gods regterhand vanwaar Hy na ons toe kom – word in daardie geloofsworde betuig. Dat die name van Maria en Pontius Pilatus daartussen staan, vertel hóe aards en werklik die Evangelie vir ons is. Dit bemoedig ons wanneer ons in groot én klein gemeentes rondom Woord en sakrament byeenkom; gestaltes van die liggaam van Christus; onderling vir mekaar omgee; ecclesia completa, volledig Kerk. Nie die éinigste of selfvoldaan nie – ons verlang na mekaar, soek mekaar op, vra raad, vat hande. Dit is “kerkverband”: Ons bely 'n eenheid én beleef verskeidenheid. **Laat ons ophou om verdeeldheid te saai.**

Die NG Kerk in Suider-Afrika is 'n missionale Kerk, gestuur na mekaar en 'n wêreld in nood, met Woord én brood. Ons word gestuur om in 'n tyd van groeiende polarisasie en ekstremisme wêreldwyd, na mekaar te draai; vrede te maak in ons huise en buurte, in ons gemeentes. As Modernen is ons verbind tot konstruktiewe gesprek waarin ons mekaar respekteer, in liefde by die waarheid bly oor wie ons is en wat besluit is, begrip vir mekaar se sieninge nastreef. Waar foute gemaak is, moet ons mekaar dit help raaksien, vergewe, regstel en verder saam op weg gaan. Geen gelowige of gemeente mag weens hul gewetensoortuiging – voor God en sy Woord – gebind of gedwing word nie; ons is in Christus vrygemaak. Terselfdertyd beteken dit nie dat ek kan maak wat ek wil, ten koste van ander óf die Here se gemeente nie; ons het 'n Kerkorde. Ons word opgeroep om te waak teen selfsug, jaloesie, twis, bitterheid, gekonkel, vyandskap en alles wat onrein is; om ons te bekleë met Christus en die vrug van die Gees – Efesiërs 4 en Galasiërs 5. **Laat ons gepas en ordelik optree (1 Kor. 14:40).**

Ons word ook geroep om weer die gesprekke met ons broers en susters in die VGKSA, NG Kerk in Afrika en Reformed Church in Africa, die Hervormde- en Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika ernstig en opreg op te neem. Daarom dat ons saám op **Sondag, 27 Oktober 2024**, ons gedeelde erfenis uit die Reformasie wil gedenk. 'n Week later, op **Sondag, 3 November**, ons gedeelde herkoms uit die eerste “Algemene Kerkvergadering” van 1824, twee eeue gelede. Hoe kan ons egter dankie-sê sonder om te dink aan die diepste ellende, verwoesting en wanhoop in Palestina waar by die 50 000 lewens al verloor is? Ons moet op **Sondag, 6 Oktober 2024** – 'n jaar ná die uitbreek van daardie geweld – bid vir vrede, getuig oor geregtigheid en die helpende hande versterk. 'n Gebed om vrede wat óók die Oekraïne, Nigerië en ander plekke van konflik insluit. **Laat ons woorde én dade van vrede spreek.**

Ons Sinodelied uit Miga 6 verlede jaar en soos verwoord in ons Roeping 200+ bevestig dit:

"Ons wil doen wat reg is, ons wil liefde bewys, ons wil lewe voor U, bedagsaam loop"

En ons hoor dit in Jakobus se woorde weerklink:

"... die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak." (3:13, 17-18)

Hartlike groete, hou moed: Christus is ons wysheid!



Ds. Jan Lubbe

Voorsitter: Moderamen van die Algemene Sinode.



**BEGELEIDENDE BRIEF VAN DIE SINODALE TAAKSPAN
KERKORDE EN DIE INTERIMKOMITEE AAN RINGE/
RINGSKOMMISSIES RAKENDE OPSKORTING EN UITTREDE
UIT DIE KERKVERBAND**

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat en Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) het verskeie navrae ontvang oor die hantering van gemeentes waar die kerkraad 'n "Akte van Opskorting van die kerkverband" uitgereik het. Tydens 'n "vergadering van die Moderamen op 11 Maart 2024 te Winburg, is versoek dat die STK 'n advies aan hierdie ringskommissies en ons breër kerkverband in die NG Kerk Vrystaat sal voorberei en na daardie ringe en ringskommissies uitstuur. Daar is óók besluit om die drie betrokke ringskommissies te ontmoet; dit het op 4 April geskied. As basis vir die gesprek, is die adviese gebruik wat van die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) en Algemene Taakspan Regte (ATR) ontvang is – hierby aangeheg as Bylaes 1 en 2. Soos reeds deur die ASM gekommunikeer, berus daardie advies op twee onafhanklike regsmenings wat ingewin is om sekerheid te kry vir die korrekte hantering van die aangeleentheid.

Die Interimkomitee het in sy afgelope vergadering van Vrydag, 5 April, terugvoer van die STK-Dagbestuur ontvang rakende die voorafgaande gesprekke, en besluit om hierdie skrywe as 'n begeleidende brief aan die Ringe en ringskommissie van die NG Kerk Vrystaat te stuur om die advies van die ASM en ATR te vergesel. Die Interimkomitee wil beklemtoon dat hierdie brief en adviese, gelees moet word teen die agtergrond van die Pastorale Brief van 11 Maart / 8 April 2024 aan alle gemeentes, asook die "Verklaring van Welwillende Voorneme" wat dit vergesel het.

1. Kerklike hantering

1.1 Kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse (Kerkorde Artikel 21). Die Kerkorde maak gevolglik nie voorsiening vir enige afdwingbare mag op lidmate, gemeentes en kerkvergaderings nie. Binne die kerk speel oorreding, oortuiging en konsensus die beslissende rol en word kerklike sake altyd pastoraal hanteer.

1.2 Terwyl die burgerlike hof hierteenoor wel afdwingbare mag het waaraan gehoor gegee moet word, is die verkryging van die regsmenings, die ATR se verslag daaroor aan die ASM en die advies van die ASM aan sinodes, ringe en gemeentes nie bedoel as 'n dreigement tot regsoptrede teen enige iemand nie (sien 1.1 hierbo).

2. Opskorting van die kerkverband

2.1 Die Kerkorde is die onderlinge ooreenkoms of kontrak tussen kerkvergaderings wat hulle interne funksionering en verhoudings met mekaar reël. 'n Kerkraad het kragtens hierdie onderlinge ooreenkoms nie die bevoegdheid om die Kerkorde te verander, te ignoreer of bepaalde artikels op te skort nie.

2.2 Implikasies

2.2.1 Opskorting van die kerkverband deur 'n "Akte van Opskorting" (of 'n dergelike optrede) het kerkordelik én gemeenregtelik geen regsrag nie.

2.2.2 Sou 'n gemeente volhard met die narratief dat hulle die kerkverband opskort, doen hulle dit met die wete dat hulle steeds verantwoordelik bly vir al die verantwoordelikhede en verpligting wat hulle (kontraktueel) as deel van die kerkverband het, dat hulle steeds onder die opsig van die ring val, dat al die artikels van die Kerkorde, reglemente en besluite van die Algemene Sinode, sinode en ring steeds op hulle van toepassing is. Die gemeente geniet ook steeds al die voorregte van deel wees van die kerkverband.

2.2.3 Sou 'n gemeente volhard met die narratief dat hulle die kerkverband opskort én terselfdertyd hulleself beskou as 'n onafhanklike gemeente (vgl. die "Aktes van Opskorting" van Leeuwborg, Kestell en Van Stadensrus), beteken dit dat hulle dit doen met die wete dat hulle hulleself buite die NG Kerkverband plaas en dus die NG Kerkverband verlaat, nie verder die naam van NG Kerk kan gebruik nie, geen aanspraak het op die eiendom (roerend en onroerend) wat aan die oorblywende/oorspronklike gemeente (die "universitas") behoort nie, 'n nuwe denominasie tot stand bring of by 'n ander bestaande denominasie aansluit wat die gevolge het dat die predikant sy bevoegdheid in die NG Kerk verloor, nie meer beroepbaar is in die NG Kerk nie, die predikant nie meer deel kan wees van die pensioenfonds nie en lidmaatskap van die NG Kerk verbeur word.

2.2.4 Die ampsdraers in sodanige groep behoort deur die betrokke ring/sinode tot orde geroep te word om binne die kerkordelike bepalings op te tree. Sou die predikant en/of die kerkraad wat so 'n opskorting orkestreer, nie gehoor gee aan die oproep om binne die kerkordelike bepalings op te tree nie, stel hy/sy/hulle, hulle bloot aan optredes soos beskryf in die Kerkorde en reglemente. Diesulkes kan hulle skuldig maak aan onder andere: verbreking van legitimasie eed, oortreding van die gedragskode vir predikante, skeurmakery, haatspraak, laster ens. (vgl. Reglement 22:5.1)

2.2.5 In geval waar 'n kerkraad 'n onvermoë toon om binne die kerkordelike bepalings te funksioneer, behoort die ring die toepassing van artikel 22.3 te oorweeg.

2.2.6 In geval waar 'n ring 'n onvermoë toon om binne die kerkordelike bepalings te funksioneer, behoort die sinode die toepassing van artikel 22.3 te oorweeg.

3. Uittreding uit kerkverband

3.1 Die Kerkorde maak geensins voorsiening – uitdruklik of geïmpliseer – vir 'n individuele gemeente om uit die kerkverband te tree nie.

3.2 Uit 'n gemeenregtelike perspektief kan 'n gemeente slegs uit die kerkverband tree indien dit 'n eenparige besluit van al die lidmate van daardie gemeente is.

3.3 Indien 'n groep lidmate wel sou besluit om uit 'n gemeente of die kerkverband te tree - sonder eenparige instemming van al die lidmate - sal die oorblywende lidmate steeds as die oorspronklike gemeente bly voortbestaan, onderhewig daaraan dat hulle wel in staat is om as gemeente voort te gaan (bv. die minimum wat voorgeskryf word of prakties werkbaar is om 'n kerkraad te vorm).

3.4 Implikasies indien 'n gemeente eenparig besluit om uit te tree (wettig)

3.4.1 'n Nuwe gemeente (of denominasie) word gevorm of daar word by 'n ander denominasie aangesluit; die eiendom (roerend en onroerend) word oorgedra in die naam van die nuwe gemeente; die nuwe gemeente/denominasie kan nie verder die naam NG Kerk gebruik nie; Die predikant verloor sy/haar bevoegdheid en beroepbaarheid in die NG Kerk; die gemeente is nie meer 'n deelhebber van die NG Kerk se pensioenfonds nie (die predikant kan wel sy opgeboude fondse in die fonds hou, maar geen nuwe inbetalings kan gemaak word nie, en die predikant kan wanneer hy verkies sy fondse onttrek sonder enige benadeling, en hou dan op om enige bande met die pensioenfonds te hê); die gemeente en predikant geniet nie meer die voordeel om as deel van 'n groep by die mediese fonds ingeskakel te wees nie en sal 'n eie reëling moet tref; alle lidmate wat deel is van hierdie uitgetrede gemeente verloor hulle lidmaatskap van die NG Kerk.

Meer volledige inligting hieroor, kan gelees word in die Verslag van die ATR aan die ASM (Bylaes aangeheg).

Indien daar enige onduidelikheid of verdere navrae ten opsigte hiervan is, is die STK beskikbaar om te help met advies en leiding.

Met agting, en 'n bede dat ons as kerkverband in die NG Kerk Vrystaat ook in hierdie aangeleentheid, na die lig en leiding van Christus deur sy Woord en Gees sal bly soek.

(10 April 2024)

**BEGELEIDENDE BRIEF NG GEMEENTE VREDE
BESKRYWINGSPUNT NG GEMEENTE VREDE**



NED GEREF KERK VREDE

Van der Lingenstraat 19
Posbus 351
Vrede
9835

Skriba: Mev J vd Westhuizen
058 913 1394
071 596 4494
ngkerkvrede@vodamail.co.za

Leraar: Dr D J Venter
082 784 5826
drkvnr@gmail.com

10 Mei 2024

Die Interimkomitee
Moderamen van die Sinode van die Vrystaat

Geagte Voorsitter en lede van die Interimkomitee en/of Moderamen

**BESKRYWINGSPUNT VIR DIE VOLGENDE SITTING VAN DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT IN
VERBAND MET DIE ALGEMENE SINODE EN SEKSUELE IDENTITEIT EN -ORIËNTASIE**

Die Kerkraad van die N.G. Gemeente Vrede op 24 April 2024 'n aantal besluite geneem in verband met die Algemene Sinode se besluite oor selfdegelagverbintenisse, seksuele identiteit en -oriëntasie. Met hierdie beskrywingspunt bring ons die besluite vir u kennisname onder u aandag en die aandag van die Vrystaatse Sinode (1 tot 6), stel ons twee moontlike besluite voor (7) vir oorweging tydens die komende buitengewone sitting van die Vrystaatse Sinode, en voorsien ons die Sinode (in bylaag A) van verdere verduideliking, agtergrond en motivering tot ons besluite en aanbeveling.

Alle seën word u toegebid.

Die uwe

Dr. D.J. Venter
Voorsitter van die Kerkraad
N.G. Kerk Vrede

STRENG VERTROULIK. HIERDIE VOLLEDIGE DOKUMENT IS BEDOEL OM 'N INTERNE KERKLIKE GESPREKSDOKUMENT TE WEES, WAT OPGENEEM SAL WORD IN DIE AGENDAS VAN DIE KERKVERGADERINGS WAARNA DIT VERWYS IS, MAAR MAG GEENSINS OP ENIGE ANDER WYSE VERSPREI OF GEPUBLISEER WORD NIE, HETSY IN GEHEEL OF ENIGE DEEL VAN OF ENIGE AANHALING UIT DIE DOKUMENT.

BESLUIE VAN DIE N.G. KERK VREDE

1. Die Kerkraad neem kennis daarvan en betreur dit dat daar oor die afgelope jare (2002-2023) op die Algemene Sinode debatte gevoer is en besluite geneem is oor selfdegeslag verhoudinge (SGV), seksuele oriëntasie en seksuele identiteit, wat 'n dieperliggende verdeeldheid binne die NG Kerk blootgelê én bevorder het.
2. Deeglik bewus daarvan dat dit 'n saak is wat in die lig van ons liefde vir ons naaste en ons strewe na eensgesindheid, baie sensitief en moeilik is om met onderskeiding te hanteer, sou die Kerkraad verkies het dat dié saak nie deur die Algemene Sinode voortgesleep is op die wyse wat dit uiteindelik verloop het nie, maar dat die Algemene Sinode (in retrospek) by die besluite van 2004 of hoogstens 2007 moes volstaan het, waar plaaslike gemeentes se reg op die plaaslike en pastorale hantering van die saak erken is, sonder die nimmer-eindige voortgesette studie en taakspanne, wat gegewe die omstrengdenheid van die saak en die verdeeldheid daarrondom, nooit tot 'n aanbeveling sou kon kom wat vir almal aanneemlik sou wees nie.
3. Binne die konteks van hierdie debatte en die groeiende vervreemding wat baie lidmate, kerkrade en ringe jeens die Algemene Sinode beleef, voel die Kerkraad van die NG Kerk Vrede hom genoodsaak om homself nou te posisioneer relatief tot die Algemene Sinode en die betrokke omstrede besluite. Ons kan ongelukkig nie langer stilbly oor die hele aangeleentheid nie, aangesien geen standpunt-inname en geen besluit, opsigself ook 'n besluit is. Dit sou tevredenheid met, en onderhorigheid aan, die besluite en koers van die Algemene Sinode impliseer, wat gevolge sal hê wat in die komende jare en dekades duidelik sal word.
4. Wanneer ons hierdie besluit neem en bekend maak, is dit in 'n gesindheid van nederigheid, bewoënheid en pastorale besorgdheid oor persone van homoseksuele oriëntasie, en/of persone wat binne die spektrum van LGBTIQA+ identifiseer, en sodanige persone se families en geliefdes. Dit is nié ons bedoeling om te veroordeel of te vervreem nie. Soos wat ons hieronder sal bevestig, is alle mense welkom in ons gemeente. Ons kan egter nie iets wat deur die Woord van God uitgewys word as sonde, goedpraat, in 'n poging om nie mense te affronteer nie. Ons moet bly staan by die Waarheid van die Woord.
5. Gevolglik verklaar ons
 - 5.1 dat **die Bybel** die geskrewe Woord van God is wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word; daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en opsigself gesagvol; en daarom verwerp ons met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie (NGB Art. 3, 5, 7);
 - 5.2 dat die Bybel **op só 'n wyse gelees, verstaan en uitgelê** moet word dat die interne samehang daarvan te same met die volkomenheid, heiligheid, volmaaktheid en onfeilbaarheid daarvan, gerespekteer en gehandhaaf word, en dat die gesag daarvan vir ons leer en lewe gehandhaaf word (vgl. 2 Tim. 3:14-4:4). Dit is nie vir die kerk aanvaarbaar om die Bybel op maniere te lees wat die gesag en geloofwaardigheid van die Skrif stelselmatig erodeer, terwyl lidmate in die proses verwar word en in vertwyfeling gedompel word oor wat die Skrif leer

al dan nie.

- 5.3 Ons verklaar verder dat **alle mense in sonde** ontvang en gebore is en tot die sonde geneig is (vgl. Ps. 51:7; Rom. 3:23; NGB, Art. 15), en dat die kerk nie bestaan uit mense wat (dink dat hulle) sonder sonde is nie, maar juis uit mense wat glo in die vergifnis van sondes in Jesus Christus (vgl. Rom. 4:23-5:2; NGB, Art. 22-23, 27, 29);
- 5.4 dat **alle mense daarom welkom** is in ons eredienste, en dat alle mense wat op die voorgeskrewe kerklike wyse gedoop is en belydenis van geloof afgelê het, welkom is as belydende lidmate van die kerk, ongeag aan watter betrokke sondes hulle (óns) ook skuldig sou wees,
- 5.5 en dat persone wat tans identifiseer as LGBTIQA+ en sodanige lewensstyl leef, en/of wat tans in 'n selfdegeslagverbintenis leef, daarom **nét so welkom** in die kerk is soos enige ander onvolmaakte mens, wat ons almal insluit.
- 5.6 Die bogenoemde is ons uitgangspunt, *terwyl ons ook bevestig* dat die gegewene dat ons almal in sonde ontvang en gebore is en tot sonde geneig is, ons nie onthef van die **opdrag van die Here om ons toenemend daarop toe te lê om te lewe soos God wil hê ons moet** nie, naamlik heilig (vgl. 1 Tess. 4:1-3; NGB, Art. 24) – met spesifieke verwysing (vgl. HK 88-91) na die toenemende *affê* van die praktyke van die sondige natuur (bv. Gal. 5:19-21, 24; vgl. 1 Kor. 6:9-11) waarin die ou mens hom sou verlustig (vgl. Ef. 4:17-22), en die *opneem* van die nuwe lewe in Christus, nl. deur optrede wat ons weet volgens die wil van God is (vgl. Ef. 4:23-24), soos ondermeer vergestalt in die vrug van die Gees (Gal. 5:22-23);
- 5.7 en dat die Here ons steeds binne die gemeente die taak oplê om mekaar hierin aan te moedig (bv. Tit. 2:11-15), ondermeer **deur toesig** te hou oor mekaar se leer en lewe, en gevolglik enige afwyking ten opsigte van die gesonde leer, en beroulose volharding in sonde, aan te spreek in 'n gesindheid van liefde en op die voorgeskrewe kerklike wyse (vgl. Matt. 18:15-20; NGB Art. 29, 30, 32; HK 83-85; Kerkorde Art. 59-66).
- 5.8 Hierbenewens bevestig ons dat die Woord van God **die huwelik** daarstel as 'n lewenslange verbintenis van liefde en trou tussen een man en een vrou, en dié huwelik daarstel as die *enigste* gepaste ruimte vir die uitlewing van menslike seksualiteit (bv. Gen. 2:18-25; Lev. 18; Matt. 5:31-32, 19:1-12; 1 Kor. 5-7; 1 Tess. 4:3-8; Ef. 5:21-32; Heb. 13:4).¹ Gevolglik mag die kerk (en kerklike ampsdraers) nie **selfdegeslag (burgerlike) verbintnisse** erken of bevestig nie, aangesien dit nie vanuit die Skrif geregverdig kan word as 'n alternatief tot die huwelik nie, *net so min as wat* voorhuwelikse saamwoon-verhoudings en/of buite-egtelike seksuele omgang, deur die Skrif gesanksioneer word;
- 5.9 terwyl ons ook bevestig dat die Skrif **homoseksuele gedrag** konsekwent negatief beoordeel en afwys (Gen. 19:1-29; Lev. 18:22, 20:13; Rom. 1:18-32; 1 Kor. 6:9-11; 1 Tim. 1:10), en dit daarom duidelik is dat homoseksuele gedrag **sonde** is voor God. Gevolglik mag die kerk homoseksuele gedrag nie goedpraat of in kerklike rituele (soos die bevestiging van selfdegeslag verbintnisse en/of die bevestiging van praktiserende homoseksuele ampsdraers) sanksioneer nie, selfs al wil ons die mens wat tot hierdie sonde geneig is, in liefde nie vervreem nie;

¹Sien bv. Potgieter (2007:74-88).

5.10 en terwyl ons ook bevestig dat die Woord van God **slegs twee geslagte oftewel seksuele identiteite** erken, soos deur God geskape en voorsien vir die mens, naamlik die geslagte van “man” en “vrou” (bv. Gen. 1:27, 2:18-25). Dit is nie ‘n saak van hoe ‘n mens jouself identifiseer nie, maar ‘n saak van God se skeppingsmatige besluit, soos vergestalt in die betrokke persoon se liggaam. Ons erken dat daar anatomiese *uitsonderings* is (wat met groot omsigtigheid, sensitiwiteit en bewoënheid hanteer moet word), maar nietemin bevestig dié uitsonderings juis die reël, nl. dat die mens normaalweg óf manlik óf vroulik is. Gevolglik is die aanneming van ‘n ander seksuele identiteit as wat deur God aan ‘n persoon toegeken is soos vergestalt in die persoon se liggaam, onvanpas en nie versoenbaar met die gesonde leer van die Skrif nie;

5.11 Hierbenewens bevestig ons dat die Woord leer dat daar vooraf ondersoek ingestel moet word na die geskiktheid van lidmate om as **ampsdraers** verkies te word (1 Tim. 3:10), en dat ampsdraers aan ‘n hoë morele standaard moet voldoen (bv. 1 Tim. 3:1-13; Tit. 1:6-9; 1 Pet. 5:1-4). Lidmate wat alombekend is daarvoor dat hulle openlik en sonder berou in sonde volhard, kan dus nie as geskik beskou word om tot een van die ampte verkies te word of daarin aan te bly sonder dat daar egte berou is nie.² Gevolglik is dit nie versoenbaar met die Skrif om ‘n persoon wat sonder berou volhard in homoseksuele gedrag of ander sondes wat uit ‘n LGBTIQ+ lewensstyl voortspruit, te bevestig as ‘n ampsdraer in die kerk nie. Seksuele oriëntasie en -identiteit behoort dus wel ‘n rol te speel in die oorweging van ‘n persoon se geskiktheid om in ‘n amp bevestig te word al dan nie, aangesien dit ‘n bepalende faktor in sodanige persoon se lewensstyl mag wees. In oorweging van die invloed hiervan op ‘n persoon se christelike lewe en getuienis, is dit *uiteindelik* nie die persoon se “seksuele oriëntasie” of “-identiteit” as *sodanig nie*, maar die *uitlewing* daarvan in ‘n lewensstyl wat nie die toets van die Skrif deurstaan nie, wat geskiktheid (al dan nie) om in ‘n amp te dien, bepaal. Persone wat daarvan getuig dat hulle die moedige geloofstryd teen ‘n homoseksuele oriëntasie stry terwyl hulle getrou ‘n selibate lewensstyl handhaaf en dus nie skuldig is aan volharding in homoseksuele gedrag nie, kan wel in ‘n kerklike amp bevestig word.³

6. Derhalwe **distansieer die NG Kerk Vrede ons volledig van die Algemene Sinode**

6.1 wat in 2019 besluit (en in 2023 daarby volstaan het) dat daar by die aanwysing van persone in die **ampte** (d.w.s. leraars, ouderlinge en diakens; AS, 2019, 6.5), en by die legitimasie van teologiese studente (AS, 2019, 7.4), nie ag geslaan moet word op die persoon se seksuele oriëntasie en -identiteit nie;

6.2 wat in 2019 besluit (en in 2023 bevestig het) dat die Algemene Sinode ruimte skep vir kerkrade en predikante wat hulle weg oopsien om **burgerlike verbintenisse** tussen persone van dieselfde geslag kerklik te bevestig, om wel daarmee voort te gaan (AS, 2019, 8.2, 9), en selfs besluit het om ‘n liturgiese formulier vir sodanige bevestigings te ontwikkel (AS, 2019, 10);⁴

6.3 wat in **weerwil van ‘n oorweldigende aantal gravamina en beswaarskrifte**,⁵ en sonder om die inhoud van hierdie besware wesenlik te bespreek of in aanmerking te neem,⁶ voortgegaan het om 2019 se kontensieuse SGV besluit te neem, én later op dieselfde vergadering aan-

vaar het dat besluite rondom potensieel kontensieuse sake eers na die tien samestellende sinodes se onderskeie afvaardigings verwys word vir bespreking (ter vergadering), en indien daar nie konsensus is nie, die saak eers na die tien samestellende sinodes en hul strukture en gemeentes verwys word, vóór finale besluitneming;⁷

6.4 en wat deur hul optrede in ‘n uiters belangrike hofspraak teen die N.G. Kerk,⁸— naamlik [a] deur *hul versoek* aan die Hooggeregshof om ‘n substantiewe uitspraak te lewer⁹ *terwyl sodanige substantiewe uitspraak nie deur die saak self vereis is nie*;¹⁰ [b]deur hul versuim om Skriftuurlike gronde aan die hof te voorsien waarom dit geregverdig¹¹ is binne die geloofsoortuiging van die N.G. Kerk om op grond van seksuele oriëntasie te differensieer (of te diskrimineer) en gevolglik nié selfdegeslag verbintenisse te erken of te bevestig nie en homoseksuele persone wat nie selibaat is nie, nie in die amp van leraar te bevestig nie, en [c] deur hul versuim om appél aan te teken teen die uiteindelijke hofuitspraak — hetsy per abuis of doelbewus, **toegelaat het dat ‘n geregtelike presedent**¹² **daargestel is wat ondersteunend sal wees in die vervolging**¹³ van leraars, kerkrade en ringe van die N.G. Kerk wat nie selfdegeslag verbintenisse erken of bevestig nie en wat daarteen besluit (het) om praktiserende homoseksuele persone in die ampte te bevestig.

6.5 Die Kerkraad van die N.G. Kerk Vrede **distansieer ons tot so ‘n mate** van die Algemene Sinode en die beleid en besluite daarvan rondom selfdegeslag verhoudinge, seksuele oriëntasie en seksuele identiteit, dat ons onself hoegenaamd nie beskou as onderworpe aan enige besluite van die Algemene Sinode in hierdie verband nie. **Ons eie beleid** oor hierdie saak word weerspieël in punte 1 tot 6 hierbo.

7. In die lig van die bogenoemde dra die Kerkraad van die N.G. Gemeente Vrede dit op aan die **Sinode van die Vrystaat** om tydens sy volgende sitting die volgende te besluit:

²Vgl. Kerkorde 2019, Artikels 59 – 66, en in die besonder 61.1-2, 64.3, 64.4, 66.1, 66.2.1, 66.3, 66.4.

³In hierdie verband het die Algemene Sinode van 2007 (12.2, 7) besluit “dat homoseksuele geleëtimertes wat ‘n selibate lewensstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word”. Dieselfde beginsel sou by die bevestiging van ouderlinge en diakens geld. Dié besluit is egter in 2015 herroep, en die herroeping daarvan geld tans steeds vanweë die 2019 hofuitspraak teen die AS (2016).

⁴Die ASM het wel later besluit om voorlopig nie met die ontwikkeling van die formulier voort te gaan nie.

⁵130 beswaarskrifte bestaande uit 650 bladsye is, in verband met die saak van SGV, ontvang voor die Algemene Sinode van 2019, aldus J.H. Taute en E. Botha (Beskrywingspunt van die N.G. Gemeentes Bloemvallei en Leeuwborg; bylaag 5, Buitengewone Sinodesitting Agenda, Sinode van die Vrystaat, 18 April 2023).

⁶Vgl. bv. die beskrywingspunt van die Ring van Heilbron (bylaag 3, Buitengewone Sinodesitting Agenda, Sinode van die Vrystaat, 18 April 2023) wat aandui dat AS 2019 die Gravamen van die Ring van Heilbron “doodgewoon geïgnoreer het”.

⁷Hierdie besluit is in die Kerkorde van die Algemene Sinode 2019 opgeneem as punt 3.12 (1-3) van reglement 4. Punt 3.4 van dié Reglement van orde (regl. 4) bepaal: “By die behandeling van sake neem die voorsitter die orde in ag wat die geskikste voorkom”. Deur nie in die orde van die besluitneming voorrang te gee aan die besluit wat later punt 3.12 van die Reglement van Orde geword het nie, maar aan die kontensieuse besluit oor SGV, het die voorsitter van die 2019 AS duidelik die keuse gemaak om hierdie kontensieuse besluit deur te voer voordat die aanneming van ‘n nuwe werkswyse dit in die toekoms baie moeiliker sou maak om sodanige besluit geneem te kry. Sodanige optrede deur die leierskap van AS 2019 was nie in belang van die breër N.G. Kerk nie, maar oënskynlik in belang van die LGBTIQ+ agenda.

⁸Sien die hofuitspraak van die Hooggeregshof van Suid Afrika op 8 Maart 2019 te Pretoria, in die saak tussen L.L.B. Gaum et al. en die N.G. Kerk et al.

⁹Oor die vraag of die kerk burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag behoort te erken en bevestig, en of die kerk ‘n selibaat lewenswyse kan vereis voordat ‘n homoseksuele persoon gelegitimeer of as leraar bevestig word.

¹⁰Hofuitspraak, punt 61 (p. 33). Met die versoek aan die hof om hieroor uitspraak te lewer, het die verteenwoordigers van die AS namens die N.G. Kerk sy reg om aan die hand van sy eie gesaghebbende bron (die Skrif) sy eie interne beleid hierrondom te formuleer en sy eie sake intern te hanteer, geabdikeer.

¹¹Hofuitspraak, punt 64 en 65 (p. 35), punt 69 (p. 37-38), punt 82 (p. 48), ens.

¹²Hierdie presedent sal van krag wees [a] vir solank as wat die AS nie die SGV besluite van 2019 op die kerkordelike vereiste wyse herroep nie, [b] ten opsigte van alle leraars, gemeentes, ringe en sinodes wat hulself nie op ‘n substantiewe wyse van die AS en sy besluite gedistansieer het nie.

¹³Sien in hierdie verband die waarskuwing van advokaat Jeremy Gauntlett, in “Top-advokaat waarsku NG Kerk oor gays”, Johan Eybers, 8 Oktober 2023, Rapport.

AANBEVELING

1. Die Sinode van die Vrystaat besluit

1.1 om deur die in werking stelling van **Artikel 37** van die Kerkorde “met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree” aangesien so ‘n stap, aan die hand van punte 5.1 tot 5.11 hierbo, voor God en in die lig van sy Woord geregverdig is;

1.2 en om dit in te sluit by die Kerkorde van die Sinode van die Vrystaat dat daar slegs op grond van ‘n tweederde meerderheidsbesluit van die Sinode in sitting én die besluit van twee derdes van die kerkrade wat die Sinode saamstel, teruggetree kan word in die algemene sinodale verband;

OF

2. Die Sinode van die Vrystaat besluit

2.1 om aan die hand van **Artikel 32.1** van die Kerkorde (2023) die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen te versoek om die huidige groepering van gemeentes in die Vrystaat te wysig sodat die Sinode van die Vrystaat effektief twee selfstandige Sinodes word;

2.2 wat behels dat die Sinode van die Vrystaat “A” sal konstitueer met dié gemeentes wat hulself vereenselwig met die beleid en teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode; terwyl die Sinode van die Vrystaat “B” sal konstitueer met dié gemeentes wat hulself nie met die beleid en teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode kan vereenselwig nie;

2.3 op so ‘n wyse dat die gemeentes self die geleentheid gegun word om op grond van kerkraadsbesluite in dié verband, aan te dui by watter een van die twee nuwe sinodes hulle sal inskakel;

2.4 en dat onopgeloste praktiese oorwegings nie gebruik sal word om hierdie hergroepering te verhinder of te vertraag nie, aangesien daar genoeg welwillendheid tussen die gemeentes en ringe in die Vrystaat is dat die praktiese sake rondom die herkonstituering in twee nuwe sinodes met verloop van tyd deur onderlinge ooreenkomste tussen mekaar opgeklar kan word.

BYLAAG A

VERDERE VERDUIDELIKING, AGTERGROND EN MOTIVERING

1. Aanloop

Vir etlike jare het die Algemene Sinode (AS) ‘n beleid rondom die saak van homoseksualiteit gehandhaaf, aan die hand van die 1986 beleidsdokument “Homoseksualiteit: Wat sê die kerk?” Teen 2002 besluit die AS egter “dat ons ons nie langer sonder meer kan vereenselwig met [dié] verslag nie”¹⁴ en dat daar weer besin moet word oor die saak. Gevolglik neem die AS in 2004 ‘n besluit wat ernstige deernis en pastorale besorgdheid uitspreek jeens homoseksuele persone en hul families, maar wat ook laat blyk dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die Skrifgewens oor homoseksualiteit. Die AS bevestig dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ‘n huwelik beskou kan word, en verdere studie word onderneem. Hierdie studie word deur die AS se Taakspan vir Homoseksualiteit uitgevoer, en lei daartoe dat daar aan die AS van 2007 twee verslae voorgelê word met teenoorstaande vertrekpunte en konklusies. Twee faksies het binne die Taakspan ontstaan, en hulle kon nie ‘n konsen-

sus bereik nie. Nietemin onderneem die AS verdere studie om ‘n middelgrond te probeer vasstel, idees te probeer versoen en die diversiteit te probeer bestuur. Die AS handhaaf sy siening oor die huwelik, aanvaar nie homoseksuele verbintenisse (of “hewelike”) as alternatief vir die huwelik nie, en stel die vereiste dat slegs homoseksuele gelegitimeerdes wat ‘n selibate lewensstyl beoefen, tot die predikantsamp toegelaat word.

In 2013 begin die druk toeneem om die vereistes van 2007 te hersien. Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) word versoek om weer ‘n studie te onderneem oor die status van selfdegeslagverhoudings en die “Seisoen van Menswaardigheid” se waardes moet die kerk rig, ook wat die hantering van dié saak betref. In 2015 kulmineer dié toenemende druk in die AS besluit dat selfdegeslag burgerlike verbintenisse erken word en dat predikante wat hul weg oopsien, sodanige verbintenisse kan bevestig. Die vereiste dat ‘n homoseksuele persoon selibaat moet lewe ten einde in die predikantsamp te kan dien, word herroep. Die “diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse” word ook erken, en die reg van kerkrade om hieroor hul eie standpunte en praktyke te formuleer, word bevestig. Die AS besluit dat wanneer lidmate, gemeentes en kerkvergaderings selfstandig soek na die toepassing van die boodskap van die Bybel t.o.v. hierdie saak, nie net die besondere openbaring van God (in die Woord) nie, maar ook die algemene openbaring (in die skepping) as vertrekpunt gebruik moet word, nl. “die beste huidige menswetenskaplike bevindings”. Daarin word dit duidelik dat ‘n metode van Skrifinterpretasie in die AS voorgestaan word wat die gesag van die Skrif relatiewe voor die gesag van die moderne wetenskap, en in die besonder die “menswetenskappe”. Uitermatige klem is op “menswaardigheid” geplaas, en die deeglike eksegetiese en teologiese studie wat in 2007 aan die AS voorgelê¹⁵ is en wat aangedui het hoedat God deur die Skrif konsekwent homoseksuele gedrag afwys, is bloot geïgnoreer.

Teen 2016 het daar soveel stemme opgegaan vanuit die kerk teen die 2015 besluite, ondermeer deur 23 gravamina en 1 griefskrif (wat sowat 636 bladsye in beslag geneem het), dat ‘n buitengewone sitting van die AS genoodsaak was. In aanloop tot die vergadering bevind ‘n appélliggaam, op grond van prosedurele besware, dat AS 2015 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge ter syde gestel word. Dit word deur AS 2016 so aanvaar. Op dié vergadering word “herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as ‘n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so ‘n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie”, maar ook dat ongesensureerde lidmate volle toegang het tot al die ampte in die kerk ongeag seksuele oriëntasie, hoewel kerkrade die reg het om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en nie verplig kan word om persone in selfdegeslag verbintenisse in diens te neem nie.

Laurie Gaum (en ‘n aantal mede-klaers) het egter ‘n hofspraak teen die kerk gemaak oor die 2016 besluite. In die hofspraak het die hof in aanmerking geneem dat AS 2016 van die standpunt uitgegaan het dat die 2015 besluite tersyde gestel is, met die gevolg dat homoseksuele persone slegs in die amp van leraar bevestig kan word indien hulle selibaat is, en dat leraars nie selfdegeslag verbintenisse mag bevestig nie.

¹⁴AS 2002 Besluiteregister, p. 624, 12.11.

¹⁵Agenda Algemene Sinode 2007, Taakspan oor Homoseksualiteit, Bylaag 2, bl. 165-169, 176-202).

¹⁶Hofspraak, 2019, punt 3.

Die hof het egter bevind¹⁷ dat dié tersydestelling en die gevolglike besluite van AS 2016 nie prosedureel korrek volgens sy eie reëls (kerkorde) geskied het nie, dat 2015 se besluite dus nie wettiglik herroep of aangepas is nie, en dat die 2016 besluite dus tersyde gestel is terwyl 2015 se besluite wel nog geldend is. Hierdie hofuitspraak was in 2019.

Later in 2019 was daar weer 'n sitting van die AS. Weer is 'n oorweldigende aantal gravamina ingedien met die oog op hierdie vergadering, die meeste met die oog daarop om die AS van sy 2015-koers i.v.m. selfdegeslagverbintenisse te probeer laat afsien. Die gravamina¹⁸ is voor die vergadering deur 'n taakspan bestudeer en georden. Desnieteenstaande het slegs die gravamina wat gehandel het met die prosedurele foute wat tydens AS 2015 gemaak is, 'n wesenlike invloed op AS 2019 gehad. AS 2019 het besluit dat AS 2015 se besluit t.o.v. selfdegeslagverhoudings verval in die lig van AS 2015 se prosedurele foute, en dat dit nodig is vir die AS om van nuuts af sy standpunt t.o.v. selfdegeslagverhoudings te herformuleer. Gevolglik besluit AS 2019 die volgende:

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.
2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbroekel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.
3. Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.
4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gespreksruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
 - 4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
 - 4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
 - 4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.
5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.
6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om, by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
 - 6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
 - 6.2 toegang tot die sakramente,
 - 6.3 integriteit van verhoudings, en
 - 6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem
 - 6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en identiteit.
7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:
 - 7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
 - 7.2 toegang tot die sakramente,
 - 7.3 integriteit van verhoudings, en
 - 7.4 teologiese en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en identiteit.
8. Die Algemene Sinode erken dat daar:

8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,

8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit te neem.

10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.

11. Die Algemene Sinode

11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seerge maak het;

11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;

11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.

11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.

12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Hierdie besluit is egter vir baie in die kerk, nie aanvaarbaar nie, tot so 'n mate dat daar etlike stemme opgegaan het in die streeksinodes dat dit tyd geword het om die AS vaarwel te roep. Die Sinode van die Vrystaat het op sy Buitengewone Sitting van 18 April 2023 besluit om nie (op daardie stadium) ooreenkomstig Artikel 37 van die Kerkorde uit die verband met die AS te tree nie, maar eers (weer) in gesprek met die AS te tree oor die besluite wat geneem is oor veral selfdegeslagverbintenisse (SGV).

Uit die besluite wat deur die AS geneem is in Oktober 2023 is dit duidelik dat daar wel weer besin is oor SGV, hoewel die AS nie sy standpunt gewysig het nie.

2. Motivering waarom voortgesette onderhorigheid aan die Algemene Sinode ongewens is

Na dese is dit eenvoudig nie meer houdbaar vir gemeentes en lidmate om, deur hul Sinodes, in verband met 'n AS te bly wat hierdie besluite handhaaf nie. Dié stelling hoef hier met net twee punte gesubstansieer te word:

2.1. Voor die voet aanvaarding van enige en alle seksuele oriëntasies en -identiteite

Die Algemene Sinode (2019) se beleid dat daar by die bevestiging van lidmate in die ampte, en by die legitimasie van teologiese studente, nie ag geslaan moet word op seksuele oriëntasie of -identiteit nie,¹⁹ kom neer op 'n algehele goedkeuring van alle moontlike seksuele oriëntasies en -identiteite waarmee die menslike samelewing vorendag sou kon kom, sonder enige verdere onderskeiding daaroor deur die kerk.

¹⁷Hofuitspraak, 2019, punte 59-60.

¹⁸74 gravamina wat 565 bladsye in beslag geneem het.

¹⁹Algemene Sinode 2019. Besluit oor Selfdegeslagverhoudings. "6. Die Algemene Sinode moedig Kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte " 'n aantal sake in ag te neem "6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit". Dieselfde geld by die legitimasie van teologiese studente (7, 7.4).

Dit aanvaar sondermeer die samelewing se definisies van seksuele oriëntasie en -identiteit, en hou nie rekening met die mens se verdorwe sondige natuur nie.²⁰ Seksuele oriëntasie en -identiteit word bloot saam met moreel neutrale onderskeidings soos ras, geslag en klas gestel, terwyl daar vanuit die Skrif 'n sterk saak daarvoor uitgemaak kan word dat die uitlewing van 'n ander oriëntasie as die heteroseksuele oriëntasie soos voorsien in die Skrif, en ander seksuele identiteite as "man" of "vrou" soos voorsien in die Skrif, nie ooreenstem met God se wil vir die mens nie, en dat dit gevolglik sonde is. Die tydsgees aanvaar miskien dat seksuele oriëntasie en -identiteit nie (meer) 'n morele vraagstuk is nie, maar in die lig van die Skrif se afwysing van alle vorme van promiskuiteit, insluitende 'n konsekwente afwysing van homoseksuele gedrag,²¹ sal hierdie altyd 'n morele vraagstuk wees waarin sonde en die sondige natuur van die mens, die verlossing in Jesus Christus, en die gepaste manier om God uit dankbaarheid te gehoorsaam, deeglik verreken moet word. 'n Breëspektrum voor-die-voet-aanvaarding van alle seksuele oriëntasies en -identiteite, soos in die 2019 besluit van die AS, asof dit geen implikasies vir ons christelike moraliteit het nie, is dus onaanvaarbaar.

Wat baie lidmate (en waarskynlik selfs leraars) nog nie beseft nie, is dat hierdie besluit van die AS nie net oor homoseksualiteit gaan nie. Die besluit maak ook ruimte vir legitimasië tot proponent en die bevestiging in die ampte (leraar, ouderling, diaken) van persone wat identifiseer met een van die volgende reeds "aanvaarde" seksuele identiteite, en wat die dienoooreenkomstige leefstyl leef: nie net "lesbian" of "gay" nie, maar ook "bi-sexual", "transgender", "intersex", "queer/questioning", "asexual", of "+", d.w.s. enige van die nuwe variante wat nog sal volg (LGBTIQA+). Die implikasies hiervan is verrykend, veral vir die toekoms van die leierskap van ons kerk, en vir die volhoubaarheid van gemeentes waar lidmate eenvoudig gaan wegstap omdat hulle hulself nie kan versoen met praktiserende LGBTIQA+ leierskap nie. Die krisis hierrondom mag dalk eers oor 'n aantal jare arriveer, maar as die NG Kerk op die huidige koers volhard, is die krisis van 'n geweldige verlies van vertroue in die kerk se leierskap, onafwendbaar.

'n Oorweldigende aantal beswaarskrifte en gravamina het sedert 2015 gepoog om die AS van hierdie weg te laat afsien, maar tevergeefs. Die voorgeskrewe kerklike weë om beswaar aan te teken en herbesinning teweeg te bring, is dus duidelik uitgeput, en het in dié geval totaal misluk. Daar bly egter 'n ernstige aanklag teen die gewetens en geloofsoortuigings van 'n aantal gemeentes en lidmate, solank as wat hulle gedwing is tot onderhorigheid aan die SGV besluit van die AS (2019), wat eenvoudig die deur oopgooi vir lidmate en ampsdraers om *met "ons" goedkeuring* in hulle gedrag gestalte te gee aan oriëntasies en identiteite wat nié vanuit of voor die heilige Skrif geregverdig kan word nie.

Die Skrif voorsien konsekwent dat die heteroseksuele huwelik (m.a.w. 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou) die enigste ruimte is waarbinne die uitlewing van seksualiteit geoorloof en gepas is.²² Die Skrif²³ is konsekwent in sy negatiewe beoordeling en afwysing van selfdegeslag seksuele gedrag.²⁴ Die Skrif maak slegs voorsiening vir die seksuele identiteit van óf "man" óf "vrou".²⁵ Die AS beweeg dus ver buite die grense van sy mandaat om enige (wat nog te sê, alle!) ander seksuele identiteit(e) en -oriëntasies voor die voet te sanksioneer, terwyl die Skrif duidelik en konsekwent nié vir sodanige moontlikhede ruimte maak nie.

Bogenoemde motivering behoort dit duidelik te maak waarom dit voor God en in die lig van sy Woord geregverdig kan word dat die Sinode van die Vrystaat Artikel 37 van die Kerkorde in werking stel, om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree. Dieselfde motivering geld waarom dit geregverdig is vir Ringe en Kerkrade om enige en alle kerkordelike weë tot hul beskikking te benut, om hulself van die AS te distansieer.

2.2. Uitgelewer aan geregtelike vervolging

Die Algemene Sinode van 2023 se handhawing van die SGV besluite van 2019²⁶ bring mee dat gemeentes en leraars hulself in die onhoudbare posisie bevind dat hul voor die reg (ondermeer die Grondwet) vervolgt *kan* en *sal* word²⁷ indien hulle nie hul weg oopsien om

- a) selfdegeslag (burgerlike) verbintenisse te bevestig nie, of
- b) om persone wat 'n ander seksuele oriëntasie as heteroseksueel uitleef, om daardie rede nié in 'n kerklike amp te bevestig nie, of
- c) om persone van enige ander seksuele identiteit as "man" of "vrou" – dit wil sê "lesbian", "gay", "bi-sexual", "transgender", "intersex", "queer/questioning", "asexual", of "+", d.w.s. enige van die nuwe variante wat nog sal volg – op grond van hul uitlewing hiervan nié in 'n kerklike amp te bevestig nie.

Die 2019 besluite van die AS vestig dit immers as die beleid van die NG Kerk dat daar nie teen sodanige persone gediskrimineer mag word op grond van hul seksuele oriëntasie of -identiteit nie. Dit is hierdie beleid wat die deurslag sal gee wanneer die Hof 'n saak teen 'n gemeente (/leraar/ring/sinode) op hierdie gronde oorweeg. Nie die gemeente se eie interpretasie van die Skrif nie, maar die beleidbepalende liggaam van die kerk (die AS) waaronder die sinodes, ringe, gemeentes en leraars geaffilieer is, se beleid sal geld voor die Hof. Die "ruimte" wat gemaak word vir individue en gemeentes om in hierdie verband oor die interpretasie van die Skrif te verskil, is uiteindelik irrelevant voor die Hof, in soverre die beleid van die NG Kerk duidelik is ten opsigte van omvattende nie-diskriminasie. Aangesien die AS sê ons is vasgeloop in hoe ons die Skrif hieroor interpreteer, het die kerk se "oortuiging" relatief geword, en is daar *in effek* nie meer 'n vasgestelde geloofsoortuiging²⁸ waarop 'n gemeente

²⁰Many of the advocates of unqualified acceptance of homosexuality seem to be operating with a simplistic anthropology that assumes whatever is must be good: they have a theology of creation but no theology of sin and redemption... The Pauline portrayal of human beings as fallen creatures in bondage to sin and yet set free in Christ for obedience of faith would suggest a rather different assessment of our sexuality" (Hays, 1996:402).

²¹Sien voetnota verder ondertoe in hierdie verband, waar Hays (1996:389) aangehaal word.

²²Vgl. bv. Gen. 2:18-25; Lev. 18; Matt. 5:31-32, 19:1-12; 1 Kor. 5-7; 1 Tess. 4:3-8; Ef. 5:21-32; Heb. 13:4. Sien Potgieter (2007:74-88).

²³ersaaklike Skrifverwysings sluit in: Gen. 19:1-29; Lev. 18:22, 20:13; Rom. 1:18-32; 1 Kor. 6:9-11; 1 Tim. 1:10. Van Rensburg (2006:767) oorweeg die meeste van hierdie tekste en kom tot die konklusie "dat dit in die kern-Skrifuitsprake oor homoseksualiteit nie handel oor kultuur- of tydgebonde uitsprake nie" maar dat hierdie Skrifuitsprake "homoseksuele verhoudings verbied, en... bevestig dat seksualiteit deur die Skrif beperk word tot die huwelik as 'n permanente vertrouensverhouding tussen twee persone, en dat die huwelik beperk word tot persone van teenoorgestelde geslagte".

²⁴Hays (1996:389) bestudeer ook die bg. tekste, en stel dit dan duidelik: "Though only few biblical texts speak of homoerotic activity, all that do mention it express unqualified disapproval... The biblical witness against homosexual practices is univocal". Die tweede verslag van AS se Taakspan oor Homoseksualiteit het tot dieselfde konklusie gekom (vgl. Agenda Algemene Sinode 2007, Taakspan oor Homoseksualiteit, Bylaag 2, bl. 165-169, 176-202).

²⁵Gen. 1:27-28, 2:18-25.

²⁶Sien die AS se 2019 besluit oor Selfdegeslagverbintenisse, punte 6 en 7, wat daarop neerkom dat Kerkrade nie ag behoort te slaan op 'n persoon se "ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit" (6.5) by die aanwysing van persone in die ampte nie. Dieselfde geld by die legitimasië van teologiese studente (7.4). Dié besluit is rigtinggewend en konstitueer die AS se beleid in dié verband.

²⁷Sien in hierdie verband die waarskuwing van advokaat Jeremy Gauntlett, in "Top-advokaat waarsku NG Kerk oor gays", Johan Eybers, 8 Oktober 2023, Rapport.

²⁸Die respondente in die Gaum hofspraak teen die kerk, se versuim om die kerk se saak vanuit 'n Skrifuurlike oortuiging te verdedig, is sprekend hiervan. Al waarin die AS se "ruim huis" geslaag het, is om die kerk se grondliggende geloofsoortuiging tot so 'n mate te erodeer en te relativer dat die kerk nie meer met oortuiging kan sê wat sy glo (in hierdie verband) nie, en haarself dus nie na behore kan verweer teen hierdie soort aksies nie.

haarself voor die Hof kan beroep, om dit te regverdig dat die gemeente nie selfdegeslagverbintenisse of die bevestiging van persone wat 'n LGBTIQA+ leefstyl leef, toelaat nie. Gevolglik word die hoogste gesag nie die kerk se grondliggende geloofsoortuiging (die Skrif) nie, maar die Grondwet.²⁹ En in die lig van die Grondwet gaan 'n gemeente – wat haarself nie meer met geloofwaardigheid op die kerk (d.w.s. die AS) se verstaan van die Skrif kan beroep nie, aangesien die AS die interpretasie daarvan in effek gerelativeer het met sy vasgelopenheid, en aangesien die AS self kies om hom nie te beroep op die Skrif wat differensiasie op morele gronde sou regverdig nie, maar om te werk binne die raamwerk van die Grondwet³⁰ – die hofsak teen haar verloor. Hieroor is die hofbevel teen die NG Kerk baie duidelik.³¹ Deur die ASM se versuim om teen dié hofuitspraak te appelleer, het die ASM die hofuitspraak namens die kerk aanvaar, met die gevolg dat dit as presedent gevestig is in toekomstige hofsake teen kerkrade en leraars wat nie SGV akkommodeer nie.

Hoewel die Grondwet godsdiensvryheid, en daarom die vryheid om (binne perke) volgens jou geloofsoortuigings te handel, beskerm, het die AS se eie gevolglike (2019) besluite, beleid en gebrek om appél teen die hofuitspraak aan te teken, die NG Kerk se geloofsoortuiging oor hierdie saak só gerelativeer, dat ons skynbaar nie meer 'n voet het om op te staan voor die Reg nie – in elk geval nie vir solank as wat daar 'n demonstreerbare affiliasie met die AS en sy beleid/besluite is nie. Tot tyd en wyl daar afstand kom vanaf die AS, kan en sal gemeentes wat selfdegeslag-verbintenisse en/of die bevestiging van persone wat 'n LGBTIQA+ leefstyl leef, nie aanvaar nie, mettertyd daarvoor vervolgd word *sonder enige beskerming van die huidige besluite van die AS*.

Dit is 'n onhoudbare situasie vir gemeentes wat nie met die beleid en teologiese standpuntstelling van die AS saamstem nie, dat hulle op dié manier uitgelewer is aan vervolging in die land se howe, ter wille van hul geloofsoortuiging. Die AS, wat ons behoort te beskerm, het dié gemeentes vir die wolwe gegee.

3. 'n Welwillende weg: Artikel 37, of Artikel 32?

Dit is duidelik dat daar lidmate, predikante, kerkrade, gemeentes en ringe is wat hulleself met die beleid en teologiese standpuntstelling van die AS kan vereenselwig, en ander wat hulleself nie daarmee kan vereenselwig of versoen nie en wat hulself blootgestel voel a.g.v. die AS se besluite. Die Vrystaatse Sinode het, minstens sedert 2023, besluit om "aan al hierdie groeperinge in en tussen gemeentes in die Vrystaat, 'n 'welwillende weg' vorentoe [te] bied".³² Dit is wenslik dat daar nou biddend saam gesoek moet word na so 'n weg vorentoe, wat **opreg welwillend** is, wat die skaakmat wat daar tans binne die NG Kerk heers kan ophef, en wat weer die **vrede** binne ons verrinneweerde kerk kan herstel, sodat ons nie langer met hierdie onverkwiklike en tydrawende debat sal besig wees nie, maar dat ons opnuut kan **fokus** op die opbou van die kerk en die uitdra van die evangelie van Verlossing na 'n wêreld wat gebroke is en wat honger na die Woord wat lewe gee.

Wat is die moontlikhede vorentoe, om die saak daadwerklik op te los? Uittrede uit die algemene sinodale verband, aan die hand van Artikel 37 van die Kerkorde, en/of 'n verdeling in twee Vrystaatse kerkvergaderinge (Sinodes) aan die hand van 'n gewysigde Artikel 32, is uit die staanspoor oorweeg as moontlikhede vir 'n welwillende weg vorentoe. Op 18 April 2023 was dit egter die besluit van die Vrystaat om eers weer

met die AS in gesprek te tree en herbesinning oor 2019 se SGV besluite te vra, in die lig van die Vrystaat se standpunte hieroor. Die AS het egter nie sy 2019 besluite oor SGV aangepas nie, en gevolglik is die Vrystaatse Sinode bykans weer terug waar ons op 18 April 2023 was. In twee opsigte verskil ons posisie nou egter wel van April 2023. Eerstens het ons, soos ons besluit het, nou wel op 'n verantwoordelike manier weer met die AS gaan praat. Ons het dus nie 'n oorhaastige besluit geneem nie, en het die AS die geleentheid gegee om van koers te verander. Dié poging het egter nie geslaag nie, aangesien die AS nie sy standpunt oor SGV gewysig het nie. Tweedens het die AS wel besluit om Artikel 32 soos volg aan te pas (met die byvoeging van 32.2):

32.1 Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/moderamen(s)/sinodale kommissie(s).

32.2 Gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel, doen aansoek by beide sinodes/moderamen/sinodale kommissies wat dit oorweeg aan die hand van prosedures soos deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen in oorleg met die Algemene Taakspan Regte vasgestel is. Indien beide die betrokke sinodes/moderamen/sinodale kommissies die aansoek goedkeur, word dit aan die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen voorgelê vir goedkeuring.

Die moontlikheid wat Artikel 32.2 bied, naamlik dat gemeentes oor sinodale grense kan migreer, is dus wel 'n nuwe ontwikkeling.

Gevolglik moet ons nou soek na die volgende paar treë op 'n welwillende weg vorentoe. Die AS se herbevestiging van sy 2019 SGV-besluite het ongelukkig nie die saak afgehandel nie, want daar bly 'n wesenlike verskil tussen, enersyds, die besluite van die AS, en andersyds, die besluite van die Vrystaat en etlike Vrystaatse ringe en gemeentes in hierdie verband, wat die AS se beleid en standpuntstelling steeds onaanneemlik maak. Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat die AS rondom SGV en seksuele oriëntasie en -identiteit 'n bepaalde rigting ingeslaan het waarvan hy nie wil afsien nie. Al die studiestukke oor twee dekades heen – en gramina, beswaarskrifte, en beskrywingspunte oor minstens die afgelope dekade – het geen effek gehad om 'n blywende Skrifgetroue besluit hieroor op algemeen sinodale vlak te bewerkstellig nie. Trouens, hoe meer tyd verloop, hoe meer vrysinnig word die besluite van die AS, al is dit stelselmatig en na gelang van 'n pendulum-agtige heen en weer beweging. Dit blyk duidelik dat daar nie omdraai aan dié langtermyn koers van die AS gaan wees nie. Gevolglik het ons 'n keerpunt bereik in die Vrystaatse Sinode se verband met die AS, en het die tyd aangebreek dat ons 'n moedige besluit neem, ter wille van ons getrouheid aan die Skrif en ons gehoorsaamheid aan God.

²⁹Met verwysing na die respondente (in die Gaum hofsak teen die kerk) se versuim om die saak te verdedig deur die feite en faktore aan te bied op grond waarvan differensiasie (oftewel diskriminasie) geregtig sou wees, bevind die hof "unfair discrimination with no supportive evidence of fairness renders the supreme law, the Constitution to be upheld" (par. 78, p. 46).

³⁰AS besluit oor Selfdegeslagverbintenisse, 2023. Die AS 2023 bevestig "2.2 dat ons nadenke, gesprek en besluitneming oor selfdegeslagverbintenisse binne die raamwerk van ons Kerkorde én die grondwet en regstelsels van ons onderskeie lande geskied. Daarin word die beginsels van nie-diskriminasie, die waardigheid van alle mense en die vryheid van geloofsoortuiging en -assosiasie beskerm".

³¹Advokaat Jeremy Gauntlett. Vgl. Johan Eybers. 8 Oktober 2023. Rapport. "Top-advokaat waarsku NG Kerk oor gays".

³²Agenda, Buiengewone Sinodesitting, NG Kerk Vrystaat, 18 April 2023, 2.2a, p. 12

Vir dié gemeentes wat hulself nie met die huidige beleid en teologiese standpuntstelling van die AS kan vereenselwig nie, sal enige iets minder as 'n substantiewe distansiering van die AS, onvoldoende wees. Sodanige distansiering kan ook nie net op gemeentevlak geskied nie, aangesien die gemeente noodgedwonge (kerkordelik gesproke) *deur haar sinode* verbonde en ondergeskik aan die AS bly. Nog geen Streeksinode het tot op hede sover gekom om hulself substantief van die AS te distansieer nie. Gevolglik is migrasie na een van die ander Streeksinodes (aan die hand van Artikel 32.2) ook nie tans vir ongelukkige kerkrade 'n bevredigende uitkoms nie. Uiteindelik blyk daar dus twee moontlikhede te wees vir 'n bevredigende welwillende weg vorentoe. Hierdie moontlikhede is, eerstens, dat die Vrystaatse Sinode aan die hand van Artikel 37 "met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband tree" aangesien so 'n stap, aan die hand van die etlike studiestukke, beswaarskrifte, gravamina en beskrywingspunte wat reeds hieroor aan die AS voorgelê is, voor God en in die lig van sy Woord geregverdig is. Die tweede moontlikheid is dat daar op grond van Artikel 32.1 'n hergroepering van die gemeentes in die Vrystaat plaasvind, met die effek dat daar twee selfstandige Sinodes in die Vrystaat tot stand kom. Die twee selfstandige sinodes sou dan die reg hê om onafhanklik te besluit oor hul voortgesette vereenselwiging met die AS, al dan nie.

Die vraag is egter nou watter een van die twee moontlikhede, die wenslikste sou wees.

Die **voordele** van die besluit om **Artikel 37** toe te pas, sou ondermeer die volgende insluit:

- die besluit berus volledig binne die Sinode van die Vrystaat, en vereis nie die goedkeuring van enige ander kerklike vergadering nie, wat insluit die AS, die ASM, ringe, kerkrade, ens. Hierdie feit maak hiêrdie moontlike weg aansienlik eenvoudiger en meer haalbaar as enige ander moontlike weg;
- die sinode, ringe en gemeentes behou "alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts";
- die kerkrade wat hulle wêl met die beleid en teologiese standpuntstelling van die AS kan vereenselwig, het aan die hand van Artikel 32.2 die vooruitsig dat hulle kan migreer na 'n Sinode wat hom nie in 'n ongemaklike verhouding met die AS bevind nie. Daarmee sal dié kerkrade bevry wees van die voortgesette spanning en onverkwiklike debatte rondom hierdie sake;
- die kerkrade wat hulle nie met die beleid en teologiese standpuntstelling van die AS kan vereenselwig nie, se gewetensbesware is ook opgelos en hoef nie ander stappe te neem soos bv. om na 'n ander Sinode te migreer, om 'n akte van opskorting uit te reik, ens. nie.

Die **komplikasies** wat 'n **Artikel 37** besluit sou behels, sluit ondermeer die volgende in:

- die Sinode sal 'n besluit moet neem oor sy eie nuwe Kerkorde;
- daar sal in onderhandeling gegaan moet word met die AS en/of die ander Streeksinodes ten opsigte van die wedersydse oordrag van lidmaatskap, beroeping van leraars, teologiese opleiding, ens.;
- daar sal in onderhandeling gegaan moet word met die Kaapse Sinode en Alexander Forbes oor die moontlikheid dat die Vrystaatse predikante se pensioenfondse steeds op die huidige wyse geadministreer kan word, saam met

die Kaapse predikante se pensioene. Indien dit nie moontlik blyk te wees nie, sal 'n oordrag van pensioenfondse na 'n ander finansiële diensteverskaffer moontlik nodig wees. *Predikante se pensioene is egter nie in gedrang nie, aangesien die diensteverskaffer die predikant se eie pensioen onder sy/haar eie naam bestuur (as deel van 'n groep). Al wat ter sprake is, is die groep waarvan die predikante deel is, en die ooreenkoms tussen dié groep en die diensteverskaffer, wat moontlik heronderhandel moet word;*

d) indien daar gemeenskaplike eiendom tussen die Vrystaatse Sinode en die AS is, moet daar 'n skikking daarvoor onderhandel word;

e) dit is moontlik dat daar skriftelik teen die Artikel 37 besluit van die Sinode geappelleer kan word na die AS, op grond waarvan daar dan ondersoek ingestel sal moet word na, en 'n bevinding sal moet wees oor, die prosedurele korrektheid van die Vrystaatse Sinode se besluit om Artikel 37 uit te voer. Die reg tot appél en die beginsel van approbasie bring mee dat selfs die besluit om uit die AS te tree, waarskynlik nie effektief in werking tree voordat die approbasie-periode verstryk het nie, met die gevolg dat die AS (of sy gevolmagtigde) dan sodanige appél sou moes hanteer.

Die **voordele** van 'n besluit **op grond van Artikel 32.1**, sou ondermeer die volgende insluit:

- die kerkrade wat hulle wêl met die beleid en teologiese standpuntstelling van die AS kan vereenselwig, hoef nie tydelik uit die AS te tree nie, en hoef nie later na 'n ander Sinode te migreer nie;
- daar hoef nie met die AS onderhandel te word in die geval van gemeenskaplike eiendomme tussen die Vrystaatse Sinode en die AS nie.

Die **komplikasies** van 'n besluit **op grond van Artikel 32.1**, sou ondermeer die volgende insluit:

- die verdeling in twee selfstandige sinodes in die Vrystaat sou berus op kategoriale oorwegings en nie suiwer geografiese oorwegings soos met vorige hergroeperings van gemeentes waar daar 'n nuwe Sinode tot stand gekom het nie. Dit is dus nie 'n uitgemaakte saak dat die AS/ASM die versoek tot 'n hergroepering in twee selfstandige Vrystaatse Sinodes op grond van Artikel 32.1 hoegenaamd (gunstig) sal oorweeg nie. Die uitkoms sal berus op die AS/ASM (en ATR) se *interpretasie* van hierdie (en moontlik ander) kerkorde Artikels én hul *welwillendheid* om hierdie weg moontlik te maak;
- die twee selfstandige Vrystaatse Sinodes sal met mekaar in onderhandeling moet gaan oor die eiendomme van die huidige Vrystaatse Sinode, die opbrengste wat uit verhurings verdien word, ens.;
- die twee selfstandige Vrystaatse Sinodes sal met mekaar in onderhandeling moet gaan oor die werksaamhede, verpligtinge, ens. van die huidige Vrystaatse Sinode;
- die Sinode wat homself van die AS wil distansieer sal oor Artikel 37 'n besluit moet neem, en indien daarop besluit word, sal 'n besluit geneem moet word oor sy eie nuwe Kerkorde;
- al is die kerkrade wat saam die distansierende Sinode konstitueer, dit eens oor die Artikel 37 besluit, is daar steeds die moontlikheid dat 'n lidmaat vanuit hierdie gemeentes skriftelik by die AS kan appél aanteken teen sodanige besluit, en dat daar dan 'n ondersoek en bevinding

hieroor gemaak moet word. Die reg tot appél en die beginsel van approbasie bring mee dat selfs die besluit om uit die AS te tree, waarskynlik nie effektief in werking tree voordat die approbasie-periode verstryk het nie, met die gevolg dat die AS (of sy gevolmagtigde) dan sodanige appél sou moes hanteer;

f) dié distansierende Sinode sal in onderhandeling moet gaan met die AS en/of die ander Streeksinodes ten opsigte van die wedersydse oordrag van lidmaatskap, beroeping van leraars, teologiese opleiding, ens.;

g) dié distansierende Sinode sal in onderhandeling moet gaan met die Kaapse Sinode en Alexander Forbes oor die moontlikheid dat hierdie predikante se pensioenfondse steeds op die huidige wyse geadministreer kan word, saam met die res van die Vrystaatse en Kaapse predikante se pensioene. Indien dit nie moontlik blyk te wees nie, sal 'n oordrag van pensioenfondse na 'n ander finansiële diensteverskaffer moontlik nodig wees. *Predikante se pensioene is egter nie in gedrang nie, aangesien die diensteverskaffer die predikant se eie pensioen onder sy/haar eie naam bestuur (as deel van 'n groep). Al wat ter sprake is, is die groep waarvan die predikante deel is, en die ooreenkoms tussen dié groep en die diensteverskaffer, wat moontlik heronderhandel moet word.*

4. Die universitas-beginsel en 'n welwillende weg sluit mekaar wedersyds uit

Opsie E wat in die Agenda van die vorige Buitengewone Sinodesitting van die Vrystaat (18 April 2023) ter tafel gelê is, en waarop die Sinode besluit het, het voorsiening gemaak daarvoor dat die uitkoms van die hernude gesprek met die AS (Okt. 2023) moontlik nie vir 'n aantal Vrystaatse gemeentes bevredigend mag wees nie (punt 5), soos wat wel uiteindelik die geval is, en dat daar dan gepoog sal word om "met dié gemeentes **welwillend op weg te gaan** ten einde hulle binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan 'met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam' (**sou alle lidmate daartoe toestem**), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree" (*beklemtoning my eie*). Die vereiste dat alle lidmate moet toestem tot die uittrede uit kerklike verband, staan allerweë bekend as die **universitas-beginsel**, en dit is gevestig in 'n aantal hofsake waar gemeentes in die verlede gepoog het om uit 'n kerklike verband te tree.

Die probleem met die verwysing na hierdie moontlikheid (vir gemeentes wat hulself nie met die beleid of teologiese standpuntstelling van die AS kan versoen nie), is dat dit 'n praktiese **onmoontlikheid** voorhou as 'n moontlikheid, en daarom in werklikheid **glad nie 'n welwillende weg** vorentoe is vir sodanige gemeentes nie. Dit is 'n *prakties onuitvoerbare weg*, in die lig van nie net die groot getalle onbetrokke lidmate in gemeentes nie, maar ook die feit dat daar waarskynlik nie binne *enige gemeente* van die NG Kerk volledige eenstemmigheid hieroor is of sal wees onder alle lidmate nie. Gemeentes wat in hierdie rigting gestuur word, word eenvoudig verdoem tot 'n uiters moeilike proses van "oortuiging", aksies rondom die aansuiwering van die lidmateregister, en 'n gevolglike uittrede wat in elk geval baie waarskynlik in **litigasie** gaan eindig weens 'n lidmaat / lidmate wat die gemeente voor die hof daag. Indien die Vrystaatse Sinode werklik op soek is na 'n welwillende weg, sal die Sinode nie hierdie gemeentes op 'n pad stuur wat tot hul nederlaag in siviele howe sal lei op grond van die einste *universitas-beginsel* nie.

Die meeste gemeentes wil nié ophou om N.G. Kerk te wees

nie, en wil nie die verband met mekaar as N.G. Gemeentes prysgee nie. Ons wil wel nie langer onder die swaard van die AS se beleid en teologiese standpuntinname bly staan nie. Maar die AS is nie gelyk aan die N.G. Kerk nie. As ongelukkige gemeentes is ons nie op soek na 'n weg om op te hou N.G. Kerk te wees nie. Ons is op soek na 'n weg om afstand te kry van die AS, waarvan die teologiese standpunte in sekere gevalle (onses insiens) nie meer versoenbaar is met die Skrif nie, en wat ons aan geregtelike vervolging blootstel deur sy beleid en standpuntinname. 'n Welwillende weg vorentoe sal sodanige gemeentes help om steeds N.G. Kerk te wees én om afstand te kry van die AS.

AFKORTINGS EN BRONVERWYSINGS

NGB. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis.

HK. Die Heidelbergse Kategismus.

Hofuitspraak; Hooggeregshof van Suid Afrika op 8 Maart 2019 te Pretoria, in die saak tussen L.L.B. Gaum et al. en die N.G. Kerk et al.

Hays, R. B. 1996. *The Moral Vision of the New Testament*. New York : Harper Collins.

Potgieter, J. 2007. *Homoseksualiteit – 'n Skrifgefundeerde perspektief*. Vereniging : CUM.

Van Rensburg, F. J. *Die tydgerigtheid van die Bybel en die etiek van Bybellees: respons op die Artikel van Gerrie Snyman*. In die *Skriflig* 40(4) 2006:745-769.

BEGELEIDENDE BRIEF NG GEMEENTE SASOLBURG-TUINEDAL

BESKRYWINGS PUNT NG GEMEENTE SASOLBURG-TUINEDAL

GERIG AAN: IK VAN DIE NGK VRYSTAAT

25 Julie 2024

Goeiedag

Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 16 Julie 2024 het die Kerkraad van NGK Sasolburg-Tuinedal die aangehegte beskrywingspunt goedgekeur.

Die nodige dokumentasie van ondertekening is beskikbaar op aanvraag. Bevestig asseblief indien dit benodig word.

Ds. PJG Prinsloo
(namens die Kerkraad)

Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 16 Julie 2024 het die Kerkraad van NGK Sasolburg-Tuinedal as volg besluit:

BESKRYWINGS PUNT VAN DIE NGK SASOLBURG-TUINEDAL: VOORSTEL RAKENDE SINODALE VERDELING.

KORT OORSIG VAN DIE OOGMERKE VAN HIERDIE BESKRYWINGS PUNT: 'N WELWILLENDE OPLOSSING VIR DIE GROEIENDE KRISIS BINNE NG SINODES.

Die NGK beleef die afgelope dekade toenemende Skriftuurlike onenigheid¹. Daarom soek die Vrystaat Sinode die afgelope drie jaar na 'n welwillende oplossing wat ruimte sal skep vir alle gemeentes se botsende oortuigings. Te midde van die Vrystaat Sinode se erns om alle gemeentes se oortuigings te eerbiedig, maak hierdie beskrywingspunt kerkordelike aanbevelings wat verduidelik waarom 'n verdeling van die Vrystaat Sinode wáre ruimte vir almal skep. Die beskrywingspunt verduidelik ook dat die verdeling van die Vrystaat Sinode 'n oplossing kan bied vir die onenigheid in ander sinodes. Uiteindelik skep die aanbevelings dus ruimte vir álle NG gemeentes se geloofsoortuigings. Soos dit hoort in Christus se kerk, sal geen gemeente langer die gevangenes wees van andersdenkende gemeentes se geloofsoortuigings nie. Ongelukkig het gemeentes wat ontevrede is met besluite van die Algemene Sinode, die afgelope dekade al meer soos gevangenes binne 'n vyandige sisteem gevoel omdat hulle voorstelle en oortuigings doodgewoon deur die meerderheid "uitgestem" is by sinodes. Gevolglik wil hulle nie meer deel wees van die AS nie. Ongelukkig loop hierdie gemeentes hulle ook by hulle plaaslike sinodes vas, omdat die meerderheid in hulle plaaslike sinodes stem téén losmaking van die AS. Hierdie ontevrede gemeentes kan ook nie as **individuele** gemeentes loskom van die AS nie, omdat Kerkorde Artikel 37² bepaal dat **individuele** gemeentes wat uit die verband tree, hulle eiendom verloor. Gevolglik wil hierdie gemeentes nie meer deel wees van die AS nie, maar hulle móét bly indien hulle nie hulle eiendom wil verloor nie. Die meerderheid wou hierdie gemeentes tot dusver nie help om los te kom nie, en sodoende oefen die meerderheid vir alle praktiese doeleindes eenheidsdwang - met gemeentes se eiendom as troefkaart - toe op hierdie ontevrede gemeentes. Dit behoort elke christen tot in sy diepste wese te skok dat **eenheidsdwang** binne Christus se kerk stilswyend aanvaarbaar geword het. Hierdie beskrywingspunt beveel daarom aan dat geen gemeente langer die slagoffer van eenheidsdwang - met gemeentes se eiendom as stille

troefkaart - moet wees nie; Hier volg nou 'n kort uiteensetting wat wys waarom die verdelingsaanbevelings in hierdie beskrywingspunt daarom 'n welwillende weg vir álle gemeentes se geloofsoortuigings open:

- Gemeentes wat ontevrede is met die AS, sal die geleentheid kry om saam gegroep te word in 'n eie sinode.
- Gemeentes wat gemaklik is met die AS, bly ongestoord binne die Vrystaat Sinode en word nie gedwing om, as die sinode verby is, kerkraadsbesluite te gaan neem of enigsins verder te handel nie.

ONS PLEIT DUS DAT ALLE AFGEVAARDIGDES SAL STEM TEEN EENHEIDSDWANG DEUR HIERDIE WELWILLENDE VERDELINGSAANBEVELINGS EENPARIG GOED TE KEUR.

¹Die ongekende spanning en onenigheid binne die NGK word reflekteer in wedersydse beskuldigings in die media; gemeentes wat doleer; verbande opskort met die algemene sinode; die vorming van die Koinonia sinode; weerhouding van pro-ratas; die ASM wat regsmerkings bekom; petisies teen andersdenkendes; ringe wat ontevrede leraars begin ondersoek, aankla en probeer stuit in die amp; eidelose gravamina en beskrywingspunte wat oor die afgelope dekade ingedien is oor hierdie teologiese krisis ens.

²Die "troefkaart" oor eiendom kom in Artikel 37 aan die lig; die ATR oordeel dat **individuele** gemeentes nie met behoud van eiendom uit die verband mag tree nie. Gevolglik moet gemeentes saam gevoeg word in 'n sinode sodat sodanige sinode dan kan besin oor uitrede uit die verband. Artikel 37: *Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.* (Die ATR interpreteer Artikel 37 soos volg: Artikel 37 is nie van toepassing op gemeentes nie; en die samestellende kerke waarna Artikel 37 verwys, is tans die 10 sinodes waaruit die Algemene Sinode saamgestel is).

INLEIDING:

Ons kerkraad doen hiermee aansoek dat, indien die Vrystaat Sinode nie tydens die buitengewone sinode besluit om uit die verband met die Algemene Sinode te tree nie, die Vrystaatse Sinode die volgende sal goedkeur:

Die Vrystaat Sinode verdeel op kerkordelike wyse in twee sinodes wat toekomstig afsonderlik sal konstitueer soos hierna gemotiveer en toegelig. Hierdie verdelingsbesluit voltooi die afgelope drie jaar se welwillende gespreksvoering wat in 2023 daartoe gelei het dat die Vrystaat Sinode 'n besluit geneem het wat die weg moes baan vir vandag se uiteindelijke verdelingsbesluit. Die besluit van 2023 was:

*"E. Die NG Kerk Vrystaat besluit om **nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, **maar** om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 **in gesprek te tree** en*

5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree."³

Die Vrystaat Sinode gee daarom met vandag se verdelingsbesluit, soos in hierdie beskrywingspunt aanbeveel, finale uitdrukking aan drie jaar se omvattende gespreksvoering en taakspanbeplanning wat gepaard gegaan het met deeglike gemeentetoeligtig. Daar was twee vorige sinodes waar die verdeling bespreek is; een Vrystaat konferensie is gehou; drie streekskonferensies het plaasgevind; daar was ook talle skrywes aan gemeentes aangaande hierdie prosesse. Die VS se voorname om hierdie gemeentes te help, is duidelik sigbaar in punt 5 hierbo. Die besluit het ook bepaal dat daar net eers gewag moes word vir die uitkomst van gespreksvoering met die AS in 2023. Ongelukkig het hierdie uitkomst van die gespreksvoering tydens die vergadering van die Algemene Sinode in 2023, nie 'n oplossing gebied vir hierdie ontevrede gemeentes se besware nie. Daarom versoek hulle die Vrystaat Sinode om nou finaal uitdrukking te gee aan die besluit in 2023 om hulle te help om los te kom van die AS. Die weg hiertoe word gebaan deur 'n verdeling van die Vrystaat Sinode. Hierdie gemeentes, wat verbonde sal wees aan die nuwe sinode, kan dan voortaan self besluit oor die aard van hulle voortgesette bande met die AS terwyl die Vrystaat Sinode dieselfde kan doen. Sodoende kan alle gemeentes handel volgens eie oortuiging.

Die voorlopige lys van Vrystaatse gemeentes wat saam met ons gemeente versoek om in terme van Kerkorde Artikel 32⁴ gegroepeer te word binne 'n nuwe sinode, word as laatstuk⁵ beskikbaar gestel as deel van die agenda.

DIE VERDERE AGTERGROND VAN HIERDIE VERDELINGSAANSOEK:

Die aanvanklike Skriftuurlike, belydenismatige en kerkordelike redes wat aanleiding gegee het tot die spanning tussen talle gemeentes en die Algemene Sinode, is deeglik gedokumenteer⁶ en was omvattend bespreek tydens bogenoemde geleentheid en word dus nie weer behandel nie. Sonder om dus die onmoontlike te probeer vermag, deur al hierdie honderde bladsye van gravamina, beswaarskrifte en beskrywingspunte van die

afgelope dekade te probeer saamvat, noem ons graag net die volgende besluit van die AS in 2019 wat as't ware die simptome van 'n veel dieperliggende probleem rakende Skrifgesag saamvat; die AS het, aangaande selfdegeslagverbintnisse, in punt 8 en 9 die volgende besluit:

"8. Die Algemene Sinode erken dat daar:

8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintnisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,

8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintnisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig."

Hierdie ingrypende besluit was 'n radikale wysiging van die eeue-oue belydenis van die wêreldwye kerk oor die huwelik en selfdegeslagverbintnisse.

Gevolglik voel ontevrede gemeentes dat hierdie poging van die AS om "ruimte" te skep vir alle oortuigings rakende selfdegeslagverbintnisse, onwettige ruimtes geskep het in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde van die NGK.⁷ Tweedens is dit nie waar dat "ruimte" vir alle oortuigings geskep is nie. Daar is byvoorbeeld glad nie ruimte geskep vir gemeentes wat nie langer in dieselfde verband wou wees met gemeentes wat so 'n ingrypende teologiese skuif hetsy versoek het of gemeentes wat die besluit gelate aanvaar nie. Daarom vind hierdie gemeentes die besluit van die AS onhoudbaar omdat hulle oortuigings, dat hulle nie langer kan saamgaan met so 'n radikale teologiese skuif nie, nie eerbiedig word nie. Ontevrede gemeentes voel hulle besware is doodgewoon afgemaak en uitgestem deur die meerderheid wat tevrede was met hierdie ingrypende versaking van die eeue-oue belydenis van die wêreldwye kerk. Met hierdie besluit, waarin die AS dus misleidend "bevestig" het dat daar "ruimte ... vir almal geskep word om volgens hulle oortuiging op te tree", het die Algemene Sinode dus 'n sekere klimaks gebring aan die onhoudbare spanning wat die AS se al vreemder besluitneming die afgelope dekade op rings- en sinodale vlak begin skep het. Dit skep onhoudbare spanning en verwarring tussende gemeentes op ring- en sinodale vlak wanneer een gemeente van 'n ring of sinode selfdegeslagverbintnisse in God se Naam veroordeel as 'n tugwaardige sonde, terwyl die buurgemeente dieselfde verbintenis in dieselfde God se Naam bevestig en seën. Dit is gevolglik net logies dat gemeentes wat dieselfde oor hierdie saak voel, die welwillende geleentheid gebied sal word om saamgegroepeer te word "volgens hulle geloofsoortuigings" (sien weer punt 9) oor hierdie uiters kontensieuse saak. Die ondeurdagte besluit van die Algemene Sinode kan verder as volg illustreer word; eerstens is hierdie besluit nie implementeerbaar binne één gemeente waar lidmate sulke

³Ons kerkraad wys die sinode ook graag daarop dat die genoemde besluit "E", genoodsaak was daardeur dat die Kerkorde dit bykans onmoontlik maak, weens die regsuniversitasbeginsel, dat individuele gemeentes met behoud van eiendom ens. uit die verband met die Algemene Sinode kan tree.

⁴Artikel 32.1 Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/moderamen(s)/sinodale kommissie(s).

⁵Dit is ongelukkig onafwendbaar dat hierdie voorlopige lys van gemeentes as laatstuk ingedien word. Kennisgewing van die buitengewone sinode is minder as drie maande voor die sinode aan gemeentes gestuur. Beskrywingspunte moet twee maande voor die sinode ingedien word (3 Augustus). Gevolglik het gemeentes nie genoeg tyd gehad om in hierdie paar weke kerkradsvergaderings tydens die vakansie te reël, beskrywingspunte op te stel asook hulle aansoeke te finaliseer nie.

⁶Onder andere: Die Stalverslag in die agenda van die Vrystaat Sinode van 2022: P148-168.

⁷Talle gravamina in die agendas van die Algemene Sinode sedert 2013 (sien bv. gravamina en beskrywingspunte rakende Skrifgesag, teologiese opleiding ens. in agenda van die AS in 2023: <https://ngkerk.net/wp-content/uploads/2023/09/ADDENDUM-TOT-DIE-AGENDA-final-met-voorblad.pdf> P129 - 350) gee verder duidelikhed oor talle redes vir gemeentes se ontevredenheid met besluite van die Algemene Sinode.

⁸Sien weer Stals se verslag wat dit omvattend toelig.

radikaal-weersprekende godsdienstige oortuigings sou huldig nie: 'n gemeente kan nie een Sondag 'n sekere leefpatroon vir sekere lidmate seën en dan die volgende Sondag daardie leefpatroon tugwaardig beskou vir ander lidmate nie. Op soortgelyke wyse is dit ondenkbaar dat sulke teologies-weersprekende geloofsoortuigings (sekere gemeentes van 'n kerkverband se ringe/sinodes seën 'n sekere leefpatroon en ander gemeentes binne die kerkverband se ringe/sinodes tug mense wat daardie leefpatroon beoefen) binne een ring van dieselfde kerkverband, of een sinode van dieselfde kerkverband verdra word. Die bestaansmotief van één kerkverband is immers éénheid in Skrifvertolking soos uitgedruk in ons belydenisskrifte. Sonder eenheid in belydenis is daar geen onderlinge vertroue tussen gemeentes moontlik rakende oordrag van lidmaatskap en wedersydse beroepbaarheid van leraars nie. Ontevrede gemeentes het daarom die oortuiging dat hierdie ingrypende teologiese skuif binne die AS 'n finale streep trek deur die Skriftuurlike eenheid wat gemeentes en sinodes by die totstandkomingsooreenkoms van die Algemene Sinode van die NGK in 1962 aanvaar het.

Ons gemeente sien daarom nie ons weg oop om langer in dieselfde ring en sinode gegroeper te word met gemeentes wat hierdie besluit van die AS aanvaar en as Skriftuurlik, belydenisgetrou asook kerkordelik probeer verdedig nie. Maar ons gun terselfertyd andersdenkende gemeentes die reg om gegroeper te bly saam met gemeentes wat hulle geloofsoortuigings deel.

Ons kerkraad versoek daarom dat die Vrystaat Sinode, soos voorsien in 2023 se besluit van die Vrystaat Sinode, en soos bepaal in Kerkorde Artikel 32, 'n verdeling en hergroepering van Vrystaatse gemeentes in twee sinodes sal goedkeur. Hierdie hergroepering kan op soortgelyke wyse geskied as die hergroepering en verdeling van die destydse Kaapse sinode, waar een sinode op kerkordelike wyse verdeel het in verskillende sinodes. In terme van Kerkorde Artikel 32 kan die verdeling en hergroepering, soos besluit deur die Vrystaat Sinode, daarna deur die ASM goedgekeur word.

'N BYKOMENDE MOTIEF WAAROM HIERDIE HERGROEPERING DIE ONAFWENDBARE UITVLOEISEL IS VAN DIE BESLUIT EN HANDELINGE VAN DIE ALGEMENE SINODE.

Daar is ook 'n bykomende regsмотief, gegrond op die regsopinie van advokaat Jeremy Gauntlett, wat ons kerkraad genoodsaak het om aansoek te doen vir hierdie sinodale hergroeperingsproses -

Die ingrypende besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintnisse, asook die optrede van NG kerkregtelikes tydens die hofsak teen die NGK oor selfdegeslagverbintnisse, hou volgens regskenner soos advokaat Gauntlett, waarskynlik die volgende regsimplikasies in vir NG gemeentes: gemeentes wat hulle toekomstig bevind binne sinodes verbonde aan die Algemene Sinode, kan moontlik toekomstige regsvervolging in die gesig staar indien sulke gemeentes, volgens hulle geloofsoortuiging, weier om selfdegeslagverbintnisse te bevestig. Sien hieroor die beskrywingspunt van die NGK Vrede elders in die agenda.

SGV: 'N BESLUIT WAT DIE TOEPASSING VAN ARTIKELS EN BEPALINGS IN DIE KERKORDE ERG KOMPLISEER

Die AS het nie besef dat die ingrypende besluit oor SGV gemeentes in 'n doolhof van kompleksiteit sou laat beland nie. Hierdie besluit maak dit soms selfs onmoontlik om op eenvoudige wyse bepalinge in die Kerkorde toe te pas. Kerkliggame moet hieraan erkenning gee dat die Kerkorde nie altyd eenvoudig vol-

gens die letter toegepas kan word nie. Dit gebeur byvoorbeeld as volg: Gemeente A begin, volgens hulle geloofsoortuiging, tuggesprekke met 'n praktiserende homoseksuele paartjie. Die paartjie besluit, sodra die tuggesprekke begin, om hulle lidmaatskap te laat oorgaan na gemeente B waar die leraar hulle verbintenis graag wil bevestig volgens gemeente B se oortuiging.

Die vraag ontstaan dus: Wat bepaal die Kerkorde in die harwar wat deur die AS se besluit oor SGV geskep is?

8. RIGLYNE VIR PRAKTIESE HANTERING VAN LIDMAATSKAP

8.10 Persone kan vir 'n tydperk lidmaat van 'n bepaalde gemeente wees (hetsy omdat hulle binne die grense woon of oor grense lidmaatskap bekom het) en besluit om lidmaat van 'n ander gemeente te word.

8.11 Lidmate moet die kerkraad waar hulle lidmaat is daarvan in kennis stel met opgaaf van redes. Indien die kerkraad bevind dat die redes vir verandering van lidmaatskap nie **kwaadwillig** is nie, kan die attestaat na die nuwe gemeente oorgeplaas word.

Dit is tog duidelik dat 8.10 en 8.11 beslis nie op eenvoudige wyse uitvoerbaar is weens hierdie ingrypende besluit van die AS oor SGV nie: Gemeente A sou die homoseksuele paartjie - met wie tuggesprekke aan die gang is - se versoek om na gemeente B te skuif, as **kwaadwillig** kan beskou volgens gemeente A se geloofsoortuigings. Gemeente B sal gemeente A weer beskuldig van **kwaadwilligheid** indien hulle nie, volgens hulle geloofsoortuigings, die paartjie mag verwelkom en hulle verbintenis bevestig nie. Boonop sou die paartjie gemeente A kon hof toe neem omdat hierdie paartjie se geloofsoortuiging, waarvoor die AS ruimte geskep het, bots met gemeente A se geloofsoortuiging dat hulle met hierdie paartjie 'n pad van tug moet stap om hulle liefdevol te lei tot bekering. Wie is nou **kwaadwillig** in hierdie saak van botsende geloofsoortuigings? Die AS se besluit oor SGV het immers ruimte vir almal geskep om te handel volgens eie oortuigings. Dit word dus al duideliker dat hierdie besluit van die AS, 'n konteks geskep het waar die Kerkorde nie op simplistiese wyse afgedwing kan word deur kerkliggame nie.

Kerkliggame sal daarom wys wees om op nie op ooreenvoudige wyse die Kerkorde **op die letter af** te wil implementeer te midde van die ongekende problematiek wat die besluit oor SGV geskep het.

Dit is daarom logies om te verwag dat ander Artikels van die Kerkorde ook nie tot die letter afgedwing sal word te midde van die konsekwensies van hierdie besluit van die AS nie. Dit bring ons vervolgens by 'n skynbare nepotistiese tendens by sommige kerkliggame om Artikel 32 - oor geografiese groeperings - tot die letter te wil afdwing omdat hulle gekant is daarteen om ruimte te skep vir gemeentes wat vra dat hulle hergroeper wil word in 'n eie sinode waar alle gemeentes dieselfde teologiese oortuiging oor die tugwaardigheid van SGV erken ...

Artikel 32 EN HERGROEPERINGS WEENS NIE-GEOGRAFIESE REDES: KERKLIGGAME MOET WAAK TEEN 'N NEPOTISTIESE TOEPASSING VAN DIE LETTER VAN DIE KERKORDE TEN KOSTE VAN DIE GEES VAN DIE KERKORDE.

Die vorige paragraaf het getoon dat die AS se ingrypende besluit oor SGV dit soms verg dat kerkliggame nie die letter van die Kerkorde op ooreenvoudige wyse moet probeer afdwing nie. Daarom is die vraag of Kerkorde Artikel 32 se bepaling - oor geografiese groeperings - tot die letter toe toegepas moet word, daarmee eintlik reeds beantwoord: die besluit oor

SGV noodsaak dit dat sekere Artikels van die Kerkorde met uiters versigtigheid toegepas moet word. Hierdie beginsel moet daarom konsekwent erken word deur kerkliggame te midde van die AS se besluit oor SGV.

Vervolgens: Daar is talle ander redes waarom dit geensins noodsaaklik is om die letter van Kerkorde Artikel 32 oor geografiese grense streng te probeer afdwing nie. Die NGK het reeds 'n bestaande stilswyende praktyk dat gemeentelike hergroeperings plaasvind op versoek sonder dat geografiese redes allesbepalend⁸ is. Howe erken sulke praktyke van stilswyende aanvaarding daarom as 'n patroon wat 'n wettige beginsel binne 'n organisasie daarstel. Daar is dus geen regsgronde waarom hergroeperings van gemeentes weens nie-geografiese redes (in hierdie geval weens teologiese redes) afgewys kan word nie. Trouens, soos voorlopig reeds aangetoon en later nog duideliker aangetoon sal word, maak die besluit van die AS oor SGV dit onafwendbaar dat geografiese grense nie allesbepalend mag wees wat groepering van gemeentes betref nie.

Vervolgens is dit net eers belangrik om ook te verstaan waarom Kerkorde Artikel 32 verwys na geografiese grense. Die Artikel is duidelik dat geografiese grense grootliks te make het met die praktyk dat groepe "maklik kan vergader" (Hierna sal ook aangetoon word dat die gees van die Kerkorde bepaal dat teologiese oortuigings⁹ soms belangriker as geografiese grense kan wees waneer groeperings gemaak word). Die geografiese grense was grootliks dus 'n middel tot 'n doel, naamlik "maklik vergader"; die hoofsaak is daarom nie die absoluutheid van geografiese grense nie maar die praktiese aspek van "maklik vergader". Tans leef ons in moderne tye. Geografiese gronde wat in die 1900's 'n belangrike motief was vir "maklik vergader", is deesdae selde 'n probleem (bv. Zoom-vergaderings ens). Mense werk deesdae vir oorsese maatskappye vanuit hulle huise in Suid-Afrika sonder dat geografie 'n probleem vir "maklik vergader" is. "Gemaklik vergader" wat destydse geografiese grense genoodsaak het, is gevolglik deesdae irrelevant. Dit is daarom logies dat kerkliggame die gees van Artikel 32 in ag sal neem deur erkenning te gee daaraan dat gemeentes self kan oordeel of hulle steeds maklik kan vergader as hulle hergroepeer word. 'n Kerkliggame sou daarom beslis nie die gees van die Kerkorde eerbiedig nie, indien so 'n liggame soos 'n "Big Daddy" namens gemeentes wil oordeel of hulle maklik genoeg sal kan vergader as hulle te kenne gee dat hulle kans sien om saam gegroepeer te word.

Neem ook van die volgende kennis: Die kerkordelike beginsel dat geografiese grense nie vir **individue** geld nie, gee ook 'n bepaalde konteks wat verhelderend is oor die gees waarin die Kerkorde met geografiese grense handel. Hierdie beginsel dat individue se teologiese oortuigings oor SGV dit regverdig dat geografiese grense hulle nie mag beperk in die keuse van 'n gemeente nie, skep daarom 'n belangrike raamwerk waarbinne die gees van die Kerkorde eerbiedig moet word waneer gemeentes se geloofsoortuigings hulle laat vra vir 'n teologiese hergroepering weens die ingrypende besluit van die AS oor SGV. **Die gees van die Kerkorde is dus dat individue se teologiese oortuigings oor SGV meer deurslaggewend is as geografiese grense.** Kerkliggame erken deurgaans hierdie kerkordelike beginsel van individue se teologiese oortuigings wat meer deurslaggewend as geografiese grense is by individue se keuse van gemeentes. Dit sou dus uiters vreemd wees as kerkliggame nie hierdie ondubbelsinnige gees van die kerkorde verreken waneer **gemeentes** vra dat hulle teologiese oortuigings oor SGV meer deurslaggewend moet wees by saam groepering as hulle geografiese grense nie. Dit is gevolglik duidelik dat die

gees van die Kerkorde reeds 'n beginsel adem van teologiese oortuigings wat belangriker kan wees as geografiese grense. Ontevrede gemeentes voel daarom waarskynlik tereg dat sommige kerkliggame nepotisties is in hulle selektiewe en onvante strengheid om Artikel 32 se geografiese grense tot die letter te wil afdwing, ten koste van die gees van die Kerkorde wat duidelik teologiese gronde meer deurslaggewend ag as geografiese grense te midde van die AS se besluit oor SGV. Die wesenlike gevaar bestaan daarom dat kerkliggame hulle kan skuldig maak aan 'n tipe onchristelike diktatuur indien kerkliggame die gees van die kerkorde en die gees van Artikel 32 ignoreer deur geografiese grense te wil afdwing ten spyte daarvan dat gemeentes wat vra om saam groepeer te word, dit versoek na "ernstige gebed"; en vir hulle "geestelike heil"¹⁰; én omdat hulle tevrede is dat hulle steeds maklik sal kan vergader. Enige vorm van 'n nepotistiese afdwing van die letter van Artikel 32, dien daarom nie die gees van die Kerkorde nie, en hoort dooereenvoudig nie tuis in Christus se kerk nie.

Opsommend: Kerkorde Artikel 32 is daarom beslis nie 'n onbuigsame móét wat geografiese grense betref nie. Al hierdie kontekstuele faktore, plus die bestaande stilswyende praktyke van die NGK, asook die ongekende huidige teologiese krisis binne die NGK, toon daarom dat Kerkorde Artikel 32 beslis nie gebruik kan word om 'n teologiese hergroepering van gemeentes af te wys nie. Trouens, daar is hierbo aangetoon dat die ingrypende besluit van die AS oor SGV 'n teologiese hergroepering van individue binne sekere gemeentes **noodsaak**, en dat dit gevolglik ook 'n teologiese hergroepering van gemeentes binne sinodes noodsaak. Dit sou selfs as 'n miskening van die gees van die Kerkorde óf 'n diskriminerende wanvoorstelling óf 'n kerklike bevooroordeeldheid gesien kon word indien kerkliggame gemeentes se aansoek om op teologiese gronde saam gegroepeer te word, sou probeer afwys met die oorereenvoudigde bewering dat Kerkorde Artikel 32 se verwysing na geografiese grense 'n teologiese hergroepering van gemeentes verbied.

SKEP SO 'N HERGROEPERING NIE 'N PRESEDENT VIR HERGROEPERINGS OOR ALLERLEI RANDSAKE NIE?

Die vraag ontstaan natuurlik of gemeentes nie nou oor enige teologiese randsaak sal wil versoek om hergroepeer te word nie? Die antwoord hierop is 'n onomwonde nee. Soos verduidelik het hierdie ingrypende besluit van die AS 'n ongekende teologiese krisis in die NGK geskep. Die eeue-oue belydenis van die wêreldwye kerk oor die huwelik en selfdegeslagverbintnisse is gewysig; 'n unieke krisis het ontstaan weens hierdie verwar-

⁸2022: Stalsverslag in die agenda van die Vrystaat Sinode; P262

⁹Geografiese grense as teologiese beginsel is reeds kerkordelik ongedaan gemaak in die wyse waarop individue kerkordelike ruimte het om self te beoordeel of hulle geografiese grense van gemeentes wil erken in hulle keuse van lidmaatskap. Sien byvoorbeeld "8. RIGLYNE VIR PRAKTIESE HANTERING VAN LIDMAATSKAP" in die Kerkorde van 2023; P196: "8.3 Persone kan binne die geografiese grense van 'n gemeente intrek en lidmaatskap van 'n ander gemeente verlang."

Die Kerkorde van die Vrystaat van 2017 en 2022 bepaal daarom die volgende: Daar waar individue met "ernstige gebed" besluit het dat hulle "geestelike heil" (sien die aantekening by 3.5 in die Kerkorde van die Vrystaat) dit vereis om by 'n ander NG gemeente as hulle geografiese gemeente in te skakel word vermag dat kerkliggame dit sal aanvaar dat geografiese grense nie afdwingbaar is op die lidmate nie. Dieselfde beginsel moet duidelik dan ook deur kerkliggame eerbiedig word waneer gemeentes vir hulle "geestelike heil" versoek om buite hulle geografiese grense saam gegroepeer te word, soos tans die geval is met gemeentes wat vra om, weens die AS se besluit oor SGV, saam gegroepeer te word.

¹⁰Sien hieroor ook die Kerkorde van die Vrystaat Sinode wat dit duidelik maak dat individue gewys moet word op talle aspekte wat hulle gemeentekuses betref, maar dat kerkliggame dan uiteindelik dit sal eerbiedig as sulke individue 'n besluit neem na ernstige gebed:

Aantekening by 3.5 (Besluit van Vrystaat Sinode 2017)

In die toepassing van die besluite van die Algemene Sinode moet die eer van God en die welsyn van en orde in die kerk voorop gaan en nie die keuses van mense nie. Terselfdertyd moet die geestelike heil van die betrokke lidmate/gesin ook verreken word.

Lidmate moet daarop gewys word:

1. dat die Here ook 'n doel het met die plek van ons verblyf en dat dit bepaalde geestelike voordele vir die gemeente en die lewe van die lidmaat/gesin inhou;
2. dat die keuse ten opsigte van lidmaatskap van 'n bepaalde gemeente 'n saak van ernstige gebed behoort te wees.

rende en onhoudbare situasie as een gemeente van 'n ring of sinode 'n soort optrede beskou as 'n tugwaardige sonde terwyl die buurgemeente daardie selfde soort optrede In dieselfde God se Naam **amp**-telik seën en bevestig. Dit is in die lig hiervan duidelik dat hierdie besluit van die AS om ruimte te skep vir die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse, volkome anders is as verskille tussen gemeentes oor sogenaamde teologiese randsake waarvoor die kerk histories altyd spanningloos ruimte toegelaat het en toekomstig altyd spanningloos ruimte sal toelaat. Dit is ook belangrik om te herhaal dat die besluit aangaande selfdegeslagverbintenisse net die oortjies van die seekoei is wat sigbaar is bo die water van erge ongelukkigheid oor teologiese opleiding, Skrifgesag, toenemende aandrag binne die NGK dat intergodsdienstige aanbidding toegelaat moet word ens. Al hierdie sake kulmineer daarin dat hierdie teologiese verdeling onafwendbaar is. Die verdelingsaansoek handel dus nie oor onbenullige randsake nie, en skep dus nie 'n onaanvaarbare presedent vir allerlei toekomstige verdelings oor onbenullige verskille nie.

KONSTITUERING VAN DIE NUWE SINODE

Die proses wat uitloop op die konstituering van die nuwe sinode, kan as volg verloop:

- Die voorgestelde proses by die destydse (1969 en 1973) verdeling van die Kaapse Kerk kan as algemene riglyn gebruik word.
- Sekere eietydse aanpassings van die destydse Kaapse weg, weens die unieke omstandighede binne die NGK wat aanleiding gee tot die huidige verdelingsaansoek in die Vrystaat Sinode, moet egter verreken word.

Destyds¹¹ het die kommissie van die Kaapse kerk die volgende proses voorgestel:

5.6.3 *Daarom oordeel u Kommissie dat die finalisering soos volg behoort te geskied:*

5.6.3.1 *Die Sinode neem 'n besluit en indien besluit word op verdeling, word die kerkrade en Ringe geraadpleeg.*

5.6.3.2 *Die antwoorde van die kerkrade word deur die Sinode van 1973 behandel waar die saak gefinaliseer word.*

5.6.3.3 *Indien verdeel word in twee of meer sinodes, vergader die betrokke afgevaardigdes na die Sinode apart en word die nuwe sinode of sinodes dadelik gekonstitueer."*

Destyds het die Kaapse Kerk ook besin oor kwessies soos:

"5.4.2.2 *Wat die grense van die sinodes sal wees.*

5.4.2.3 *Watter verdeling van verantwoordelikhede, verpligtinge en voorregte (by. pensioenfonds) gemaak sal word."*

Die Kaapse Kerk het ook die volgende genoem:

"5.4.4 *Aangesien die Algemene Sinode in beginsel reeds die verdeling in meer sinodes goedgekeur het, is dit nie nodig om die Algemene Sinode weer te raadpleeg nie maar die toestemming van die AS Breë Moderatuur moet verkry word."*

DIE EIETYDSE OMSTANDIGHEDEN VAN DIE VERDELING VAN DIE VRYSTAAT SINODE NOODSAK SEKERE KONTINUITËIT, MAAR OOK SEKERE AANPASSINGS OP DIE DESTYDSE KAAPSE VERDELINGSPROSES.

Wat is die verskille tussen die destydse omstandighede van die verdelingsproses van die Kaapse Kerk en die huidige omstandighede van die verdelingsproses in die Vrystaatse Sinode wat geringe wysigings vereis op die destydse verloop van die Kaapse verdelingsproses?

- **MOTIEF VAN VERDELING:** Die Kaapse Kerk het verdeel

weens geografiese motiewe. Die huidige verdelingsaansoek is die gevolg van 'n ingrypende teologiese skuif binne die AS wat 'n ongekende krisis veroorsaak het. Die ongekende onenigheid wat hierdie ingrypende teologiese skuif veroorsaak het, noodsaak dat die Vrystaat Sinode kan besluit om te handel volgens die jarelange stilswyende praktyk binne die NGK, waar hergroeperings op ander gronde as geografiese gronde, goedgekeur word.

- **RINGSBETROKKENHEID:** Destyds het die kommissie dit verkieslik – maar nie verpligtend – geag dat ringe geraadpleeg moes word om die volgende rede: "is dit verkieslik dat die Ringe, ter wille van die geleentheid van gedagtewisseling en van 'n groter helderheid en duidelikheid van die gemeentes, die geleentheid sal hê om die voorgestelde beleid van die Sinode te bespreek". (https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Agenda_1969.pdf P56.)

Eietyds: Die Vrystaat sinode het egter reeds tydens streekskonferensies sulke gespreksgeleenthede vir "gedagtewisseling" binne die bestaande, unieke situasie gefasiliteer.

- **KERKRAADSBESLUIT:** Destyds het die Kaapse Kerk as volg voorgestel rakende kerkrade:

"5.6.3.1 Die Sinode neem 'n besluit en indien besluit word op verdeling, word die kerkrade en Ringe geraadpleeg.

5.6.3.2 Die antwoorde van die kerkrade word deur die Sinode van 1973 behandel waar die saak gefinaliseer word."

Eietyds: Dit is uit hierdie destydse Kaapse verdelingsweg duidelik dat die algemene beginsel dat kerkrade namens gemeentes besluite neem, ook eietyds deur die Vrystaat Sinode erken kan word. Die Vrystaatse Sinode het boonop in die huidige situasie reeds die aansoeke van kerkrade namens gemeentes wat graag 'n eie sinode wil verkry (Sien die volledige aanbevelings oor die finalisering van hierdie lys).

Die Vrystaat Sinode het deur deeglike kommunikasie alle gemeentes op hoogte gehou van 'n moontlike verdeling. Daarom het die Vrystaat Sinode, soos reeds genoem, in 2023 as volg besluit:

"5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree"

Die Vrystaat Sinode word gevolglik versoek om tydens die sinode, die genoemde laatstuk met 'n voorlopige lys van gemeentes, te aanvaar as 'n groep gemeentes wat reeds aansoek gedoen het om, indien die verdeling goedgekeur word, in die nuwe sinode te konstitueer.

- **VOOR KONSTITUERING VAN DIE NUWE SINODE:** Indien die verdeling goedgekeur word, kan Vrystaat gemeentes wat wil, binne 'n vensterperiode van twee maande na afloop van die sinode die geleentheid kry om alle inligting te verwerk en, indien hulle kerkraad so besluit, die Vrystaat modereeramen versoek dat hulle gemeentes gevoeg sal word by die lys van gemeentes wat as nuwe sinode sal konstitueer sodra die ASM ook die besluit van die Vrystaat Sinode goedgekeur het.

¹¹https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Agenda_1969.pdf P57

- NA KONSTITUERING VAN DIE NUWE SINODE: Gemeentes wat ná konstituering van die nuwe sinode aansoek wil doen om hulle te voeg by die nuwe sinode, sal dit egter moet doen deur die normale, veel meer omslagtige en onvoorspelbare proses wat in Kerkorde Artikel 32 beskryf word.

Sodra hierdie gemeentes die bevestiging ontvang van goedkeuring deur die Vrystaat Sinode, asook die ASM, kan die konstituering met geloofsbriewe (sien https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/WK_Agenda_1969.pdf P57) dan plaasvind.

PENSIOENE, MEDIES, EIENDOMME EN FINANSIES

Die Kaapse Kerk moes destyds besin "Watter verdeling van verantwoordelikhede, verpligtinge en voorregte gemaak sal word". Vervolgens toeligting oor hierdie sake in eietydse omstandighede:

- PENSIOENE EN MEDIESE FONDSE: Dit is belangrik om daarop te let dat NG gemeentes en gelegitimeerde leraars van die NGK deelhebbers van pensioenfondse is. Aangesien die nuwe sinode 'n NG sinode is, selfs indien die nuwe sinode uit die verband met die AS sou tree (sien Kerkorde Artikel 37), bly gemeentes en leraars van hierdie nuwe sinode deelhebbers van die bestaande pensioenfondse. Gevolglik kom pensioene geensins in gedrang nie.
- BESTAANDE GROEPSKEMAS (MEDIES, PENSIOEN EN RISIKO VOORDELE): Die administrasie van hierdie skemas is makliker as dit steeds deur amptenare van die Vrystaat Sinode hanteer word. sien daarom die aanbeveling.
- MOOIGENOEK EN DIE BAREND WESSELS MEENTHUISE: sien aanbeveling.
- BUFFERFONDS EN BELEGGERSBESKERMINGSFONDS: sien aanbeveling.

SAMEVATTING:

Die verdelingsaanbevelings wat hier, op volkome kerkordelike wyse uiteengesit word, skep wáre ruimte dat alle gemeentes volgens geloofsoortuiging gehelp word. Die ingrypende meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode in 2019, wat 'n teologiese skuif weg van die wêreldwye kerk se eeue-oue belydenis oor die huwelik en die seksuele was, was 'n besluit waarin die minderheid nie die stem van die Goeie Herder kon herken nie. Hierdie minderheid se oortuiging is dat hulle nie meer deel wil wees van 'n sinode wat hierdie eeue-oue Skrifverstaan van die kerk oor SGV aanvaar as 'n randsaak waarvoor daar ruimtes binne die verband mag bestaan nie. Die versoek is daarom: Eerbiedig ons gemeentes se geloofsoortuiging soos ons ander gemeentes se geloofsoortuiging eerbiedig.

Hierdie besluit van die AS oor SGV was, soos reeds genoem, as't ware die bykomende strooihalm wat die kameel se rug gebreek het. Die AS het die afgelope dekade besluite begin neem waarvoor NG gemeentes nooit sou ingestem het by die destydse totstandkoming van die AS in 1962 nie. Trouens, die moontlikheid dat 'n AS sulke besluite¹² sou neem, sou die destydse NG gemeentes botweg laat weier het om dit goed te keur dat die AS as NG eenheidsstruktuur tot stand sou kom. Ontevrede NG gemeentes is daarom oortuig dat hulle steeds staan by die kerklike totstandkomingsooreenkoms van 1962, en dat die AS se teologiese skuiwe, waarvoor die meerderheid wil ruimte skep, die kerkverband geskeur en verdeel het met besluite wat 'n streep trek deur die ooreengekome Skrifgetroue belydenis van 1962. Die minderheid, wat nie met hierdie ruimtes en besluite kan saamgaan nie, is oortuig dat die verdeling van die Vrystaat sinode daarom bloot die onafwendbare gevolg is daar-

van dat die AS die kerkverband geskeur het. Hierdie gemeentes het boonop elke kerkordelike weg uitgeput om beswaar aan te teken teen hierdie besluite maar geen oplossings is gevind nie. Ons versoek die VS daarom om punt 5 van 2023 se besluit van die VS te eerbiedig:

*"E. Die NG Kerk Vrystaat besluit om **nie** kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, **maar** om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 **in gesprek te tree** en*

5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree."¹³

Die hieropvolgende aanbevelings skep dus 'n welwillende oplossing sodat geen meerderheidsdiktatuur - wat gemeentes se eiendom as stilswyende troefkaart gebruik om eenheidwang te bewerk - sal plaasvind nie. Ons vertrou daarom dat die Vrystaat Sinode vandag, te midde van hierdie toenemende kerklike verdeeldheid en wantroue, hierdie welwillende aanbevelings wat waarlik alle gemeentes se geloofsoortuigings en besluite eerbiedig, eenparig sal goedkeur.

AANBEVELINGS:

1. Die Vrystaat Sinode erken dat unieke omstandighede en redes, voortspruitend uit die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie beskrywingspunt toegelig, sekere gemeentes met die geloofsoortuiging laat dat hulle hergroepeer wil word in 'n eie sinode.
2. Die Vrystaat Sinode gee erkenning daaraan dat dit reeds 'n gevestigde praktyk geword het in die NGK dat hergroepeerings van gemeentes nie uitsluitlik op grond van geografiese redes gedoen word nie.
3. Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat die Vrystaat sinode sal verdeel in twee sinodes, soos hierna uiteengesit.

EIENDOMME, BELEGGINGS, FINANSIES EN GROEPSKEMAS

4. MOOIGENOEK EN BAREND WESSELS MEENTHUIS-KOMPLEKS: Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat die nuwe sinode jaarliks pro-rata sal deel in maandelike winste van hierdie twee eiendomme. Pro-rata word bereken volgens die aantal Vrystaatse gemeentes wat by konstituering deel sal word van die nuwe sinode.
5. BUFFERFONDS EN BELEGGERSBESKERMINGSFONDS: Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat die nuwe sinode jaarliks pro-rata, soos in die vorige punt uiteengesit, sal deel in die rente-opbrengs van hierdie twee fondse.
6. Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat, indien die genoemde eiendomme verkoop word, en die genoemde beleggings opgeroep word, die opbrengs daarvan in dieselfde verhouding verdeel word as bogenoemde.

¹²Sien weereens die honderde bladsye gravamina en beskrywingspunte oor Skrifgesag, die bouse, teologiese opleiding ens.

¹³Ons kerkrad wys die sinode ook graag daarop dat die genoemde besluit "E", genoodsaak was daardeur dat die Kerkorde dit bykans onmoontlik maak, weens die regsuniversitasbeginsel, dat individuele gemeentes met behoud van eiendom ens. uit die verband met die Algemene Sinode kan tree.

7. **BESTAANDE GROEPSKEMAS (MEDIES, PENSIOEN EN RISIKO VOORDELE):** Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat die sinodale amptenare van die Vrystaat Sinode hierdie groepskemas steeds sal bestuur teen 'n fooi.

VERDERE KERKORDELIKE ASPEKTE

8. Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat die voorlopige lys van gemeentes, wat met kerkraadsbesluite aansoek gedoen het (sien lys in laatstukke), deel sal vorm van die nuwe sinode wat sal konstitueer.
9. **VOOR KONSTITUERING VAN DIE NUWE SINODE:** Die Vrystaat Sinode besluit dat ander Vrystaat gemeentes wat wil,¹⁴ na afloop van die sinode 'n vensterperiode van twee maande (eindig 3 Desember 2024) toegelaat word om om alle inligting oor die verdelingsbesluit te verwerk en, indien hulle kerkraad so besluit, die moderamen te versoek dat hulle gemeentes gevoeg sal word by die finale lys van gemeentes wat as nuwe sinode sal konsitueer indien die ASM ook die besluit van die Vrystaat Sinode goedkeur.
10. Die Vrystaat Sinode keur dit goed dat, aan die einde van hierdie vensterperiode, die Moderamen van die Vrystaat Sinode die verdelingsbesluit en finale lys met 'n motiverende skrywe aan die ASM sal stuur, met die versoek dat die ASM hierdie besluit van die Vrystaat Sinode sal eerbiedig deur die verdeling goed te keur soos bepaal in Artikel 32.
11. Die Vrystaat Sinode bevestig dat, sodra die ASM hierdie verdeling asook die lys van gemeentes goedkeur, hierdie nuwe sinode kan konstitueer met dieselfde regte, voorregte ensovoorts as ander sinodes van die NGK, wat voortgekem het uit die NGK se oorspronklike samestellende kerke.

ANDER SINODES

12. Die Vrystaat Sinode besluit dat die moderamen hierdie verdelingsbesluit aan ander NG sinodes sal kommunikeer met die versoek dat alle betrokke kerkliggame ontevrede gemeentes van ander sinodes sal toelaat om hulle op kerkordelike wyse te voeg by die nuwe sinode.

¹⁴Hierdie aanbeveling word genoodsaak weens die feit dat sommige gemeentes dalk eers wou wag om te sien wat die Vrystaat Sinode besluit voor die gemeente 'n finale besluit neem. Die agenda bevat immers verskillende voorstelle.

BEGELEIDENDE BRIEF NG GEMEENTE PELLISSIER BESKRYWINGSPUNT NG GEMEENTE PELLISSIER



28 Julie 2024

Beste skriba van die Moderamen van die NG Kerk in die Vrystaat.

Op 'n vergadering van die Gemeente Raad van NG Gemeente Pellissier, wat gehou is op Maandagaand 22 Julie, is die volgende beskrywingspunt aanvaar wat op die spesiale Sinode Sitting van die Sinode van die Vrystaat wat gehou sal word op 3 Oktober 2024, moet dien.

Die gevoel van die Gemeente Raad is dat hierdie beskrywingspunt die eenheid en die integriteit van die NG Kerk in die Vrystaat voorop stel. Ons glo dat hierdie beskrywingspunt genoeg ruimte laat om verskille oor sekere sake te akkommodeer maar dat dit terselfde tyd duidelike grense stel om besware wat alreeds deur sekere leraars en gemeentes geopper is en die rede is waaroor die spesiale sitting gehou word, aan te spreek.

Groete in Christus,

Charles James

NG Gemeente Pellissier

Vlakfonteinlaan 6 Pellissier Bloemfontein 9301
T: 051 422 4010
ngk@ngkerkpellissier.co.za
www.ngkerkpellissier.co.za

Lewe in God se Liefde

A. VOORSTEL 1

1. Kragtens die oortuiging dat die kerk van die Here een is, soos begrond vanuit Johannes 17 en Efesiërs 4 en uitgedruk in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Nicea, asook dat kerkverband 'n uitdrukking van hierdie eenheid tot welwese van die kerk is, herbevestig die NG Kerk Vrystaat sy besluit deur die Buitengewone Vrystaatse Sinode van 18 April 2023 om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie en as een sinode te bly groepeer.¹

Oor die volgende sake wat die afgelope paar jaar in die brandpunt van ons kerklike gesprekke staan, bely en bevestig ons as volg:

Die Vrystaatse Sinode:

1.1 bely dat die Bybel die Skrifgeworde Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);

1.2 bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2); in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10); en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad "van God is (Johannes 16:13-14, NGB Art. 5); en

1.3 bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net een vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar te soek na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk.

1.4 bevestig dat ons wel op verantwoordelike wyse hermeneuties van mekaar kan verskil, maar bedienaars van die Woord wat nie die gesag van die Bybel verstaan soos in punt 1 en 2 nie, en wat sake soos die Goddelikheid van Jesus, sy maagdelike geboorte, sy sterwe, opstanding en Hemelvaart bevestigte, hulself aan tugondersoek bloot stel met die doel om hulle tot inkeer te probeer lei en indien nodig, dat die NG Kerk Vrystaat alle regte en prosesse volgens die Kerkorde sal uitoefen om daarteen op te tree;

1.5 bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;

1.6 bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, soos ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van

die Reformasie in ons omstandighede vandag;

1.7 is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en verstaanbare uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose; en -

1.8 dat in-sake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die Apostolicum en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitleë en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons erediensle verkondig word.

2. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat (onder andere) soos in April 2023 ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in Maart 2022 gedien het, as volg rakende selfdegeslagverbintenisse, die bose en teologiese opleiding:

2.1 Seksualiteit

2.1.1 dat ons diep onder die indruk is van die vernedering en vervreemding wat in die afgelope dekades deur kerklike debatte oor hierdie aangeleentheid meegebring is - ons versoek daarom dat dit nie bloot as 'n etiese- of kerkregtelike aangeleentheid hanteer sal word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien;

2.1.2 dat in-sake menslike seksualiteit en kwessies rakende seksuele oriëntasie, die huwelik volgens ons vertolking van die Skrif, die Godgegewe veilige ruimte is waarin 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom, en dat ons alle vorme van losbandigheid en promiskuiteit afkeur;

2.1.3 dat ons met die lig tot ons beskikking selfdegeslagverbintenisse respekteer as 'n alternatiewe vorm van permanente verbintenis tussen twee persone en het begrip vir lidmate wat so 'n verbintenis maak. Ter wille van die eenheid van die NG Kerk in die Vrystaat word leraars van die NG Kerk Vrystaat versoek om nie self hierdie verbintenisse te bevestig nie;

2.1.4. dat ons as NG Kerk Vrystaat in geheel en in ons onderskeie gemeentes ons daaraan verbind om ons broers en susters wat 'n ander seksuele oriëntasie het, beter te leer ken, verstaan en respekteer as mede-kindere van God; en

2.1.5 dat die Woord van God slegs twee geslagte oftewel seksuele identiteite beskryf, naamlik die geslagte van "man" en "vrou". Ons erken dat daar anatomiese uitsonde-

¹ Handelinge Buitengewone Vrystaatse Sinode 18 April 2023, bladsy 6; vgl Opsies C, D en E, Agenda Buitengewone Vrystaatse Sinode 18 April 2023, bladsy 14.

rings is (wat met groot omsigtigheid, sensitiwiteit en met 'n pastorale bewoënhed hanteer moet word), maar nietemin bevestig dié uitsonderings juis die reël, nl. dat die mens normaalweg óf manlik óf vroulik is.

2.2 Die Bose

2.2.1 dat wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid van spreke daarvoor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer; en

2.2.2 dat ons daarom gelowiges wil oproep om te leef as getuies "van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig" (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die "Onse Vader" te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van "ons doodsnyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52).

2.3 Teologiese opleiding

2.3.1 dat in sake teologiese opleiding, ons die kompleksiteite van 'n nuwe konteks vir Hoër Onderwys aan publieke universiteite en in ekumeniese fakulteite vir teologie erken, asook die besorgdhede wat daar in gemeentes hieroor bestaan met die oog op die opleiding van leraars en bedienaars van die Woord vir ons gemeentes;

2.3.2 dat ons opnuut die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat versoek om met groot verantwoordelikheid en getrou aan ons gereformeerde belydenisgrondslag, die vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat so te bestuur dat sowel die akademiese opleiding van teologie studente uit die NG Kerk, asook hul kerklike vorming en begeleiding in ons Seminarium, tot volle ontplooiing kan kom;

2.3.3 dat ons die Kuratorium versoek om deurlopend by die ontwikkeling van kurrikula, die assessering van studente en die opleiding in geheel, betrokke te bly en aan die kerkverband hieroor verslag te lewer; en

2.3.4 ons bevestig dat die NG Kerk Vrystaat, waar nodig, die reg sal uitoefen om self te besluit oor die nodige opleiding en ontwikkeling van voornemende bedienaars van die Woord, asook om die opsie uit te oefen om bande met die Universiteit van die Vrystaat te heroorweeg.

2.4 Eenheid van die Kerk

2.4.1 Ons verbind ons dat, in sake die toekoms van ons kerkverband, ons vashou aan die belydenis van wat ons glo oor die "een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir 'n onsekere toekoms, ons onself aan dié belydenis sal bly oriënteer en daardeur laat lei.

2.4.2 Ons as die NG Kerk Vrystaat, herverbind ons voorts, in die lig van die voorafgaande paragrawe, tot

- ons onderlinge verbondenheid aan mekaar;
- ons voorneme om verskilpunte op 'n kerklike wyse in die lig van die Woord van God te hanteer;
- ons gesamentlike werksaamhede; en
- al die voorregte, verantwoordelikhede en verpligtinge wat deel is van ons gesamentlike kerkwees in die Vrystaat.

Ons erken ook dat daar nog heelwat sake is waarvoor die NG Kerk Vrystaat saam sal moet reis soos ons posisie oor die doop van kinders van mense in burgerlike verbintnisse, asook 'n verskeidenheid ander sake wat van belang is vir die kerk. Hiermee sal ons egter met mekaar saam onderweg gaan en saam soek na maniere om die geloof wat ons bely, die Woord van God as ons vertrekpunt en die eenheid van ons kerk onbeskaamd tot uitdrukking te laat kom.

B. VOORSTEL 2

Die sinode verwys onderstaande as 'n moontlike beskrywingspunt aan die Algemene Sinode na die STK vir deeglike oorweging, met verslag en aanbevelings aan die volgende gewone sinode van die NG Kerk Vrystaat:

Die NG Kerk Vrystaat besluit, in lyn met Artikel 43.1.1 (die verslag van die Taakspan Kerkverband wat in 2019 voor die Algemene Sinode gedien het, Bepaling 2.3 in die Reglement vir die Funksionering van Algemene Sinode Reglement [Reglement 1, 2023]) dat die Algemene Sinode nie 'n voorskriftelike sinode is nie, en die tendens die afgelope dekade of wat om oor kontensieuse sake die bevoegdheid na mindere kerkvergaderings en lidmate se eie oordeel af te wentel (2007, 2011, 2019), die volgende aan die Algemene Sinode voor:

1. dat die Algemene Sinode haar gesag afbaken om slegs bindende besluite te kan neem oor die volgende sake wat vir die hele kerkverband van belang is, naamlik die belydenisgrondslag, die Kerkordeartikels en reglemente (waar van toepassing), vereistes vir die opleiding en bevoegdheid van die predikante, diensleraars en standplaasleraars, liturgiese grondlyne, die amptelike Bybelvertalings en sake wat sy nasionale en internasionale ekumeniese opdrag raak en die kerkorde so amendeer;
2. dat die Algemene Sinode in enige ander saak as dit wat onder punt 1 sorteer en wat ingevolge artikel 43 op sy agenda hoort, slegs adviserende besluite kan neem vir oorweging deur sinodes; en
3. indien die Algemene Sinode nie tot punt 1 sou instem nie, die Vrystaatse Sinode van die NG kerk 'n moontlike besluit kan oorweeg oor die in werking stelling van artikel 37 van die Kerkorde "om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts" uit die Algemene Sinodale verband te tree.

“Skenk ons dié wysheid van bo, Here”

(Jakobus 1:5 & 3:17-18)



Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-posadres: daf@ngkvs.co.za
Posbus 11412, Universitas 9321

ngkerkvrystaat.co.za

KOPANO NOKENG LODGE | BLOEMFONTEIN

14 Maselspoortstraat, Bloemfontein, 9326
kopanonokeng.co.za

© 2024 | NG KERK VRYSTAAT